allsure

# Polisbewoording



OLD MUTUAL
INSURE

# swiftcare

## Suid-Afrika 0860 247 365

**Ons versekerings-produk sluit outomaties swiftcare in**
**– 'n waardetoegevoegde diens waar polishouers die volgende voordele geniet:**

| **Pad** bystand | **Huishoudelike** bystand | **Mediese** bystand |
|---|---|---|

**swiftcare is beskikbaar aan al ons polishouers, 24 uur per dag, 7 dae 'n week, en 365 dae per jaar in Suid-Afrika**. Polishouers wat in buurlande reis sal telefoniese toegang tot **swift**care hê. Kompensasie vir hierdie voordele sal slegs geld indien die polishouer die **swift**care nommer in die eerste instansie vir bystand geskakel het.

### Doeltreffende Ongeluksbestuuroplossings
**0860 247 365**

Ons verskaf vinnige en effektiewe insleepbystand wanneer 'n voertuig, wat omvattend of vir derde party, brand en diefstal by Old Mutual Insure verseker is, in 'n motorongeluk betrokke is. Indien daar 'n ongeluk is, sal die hulpkantoor onmiddellik 'n goedgekeurde insleep- operateur uitstuur en sal die voertuig na die naaste Old Mutual Insure-goedgekeurde insleepsentrum of goedgekeurde motorbakhersteller ingesleep word. Om ten volle vergoed te word onder hierdie diens, moet die polishouer eers die hulplyn vir insleepmagtiging skakel – anders sal slegs 'n beperkte voordeel van toepassing wees.





### Kritieke 5 MIV-voorkomingsplan
**0860 63 2273**

Old Mutual Insure voel ernstig oor korporatiewe sosiale verantwoordelikheid en het daarom met Health Finance Corporation en ER24 saamgespan om die Kritieke 5 MIV-voorkomingsplan aan alle huidige polishouers beskikbaar te stel. Dit verskaf onmiddellike mediese bystand en voorkomende behandeling vir die onopsetlike blootstelling aan MIV deur verkragting, aanranding, naaldprikbeserings, motorvoertuigongelukke en ander blootstellings.



Vir meer inligting of die elektroniese weergawes van hierdie brosjures, besoek ons webblad by **www.ominsure.co.za**

Kontak asseblief u plaaslike Old Mutual Insure-kantoor vir '**DO NOT TOW**' plakkers. Om te verseker dat slegs gemagtigde insleep plaasvind, plak asseblief hierdie plakkers aan die binnekant van u Old Mutual Insure-versekerde voertuig/voertuie, verkieslik op die klein passasiersvenster agter die bestuurder.

# Persoonlike Versekeringspolis

Hierdie dokument sluit die bepalings, voorwaardes en uitsluitings in vir die volgende versekeringsafdelings. Verwys asseblief na u skedule vir die afdelings waarvoor u verseker is.

# Algemene afdelings


1. Bekendstelling van u **allsure** polis ....................2
2. Die gebruik van u Polis ....................3
3. Algemene Bepalings, Voorwaardes en Uitsluitings ....................5


# Spesifieke afdelings


4. Huishoudelike Goedere Afdeling ....................14
5. Persoonlike Aanspreeklikheid Afdeling ....................27
6. Huiseienaars Afdeling....................31
7. Persoonlike Ongevalle Afdeling ....................42
8. Alle Risiko's – versekering vir persoonlike besittings Afdeling....................50
9. Motor Afdeling ....................55
10. Watervaartuig Afdeling....................75
11. Persoonlike Rekenaars Afdeling ....................83
12. Regskoste Afdeling ....................85
13. Uitgebreide Persoonlike Aanspreeklikheid Afdeling ....................87
14. Ontvallingsonkoste Afdeling....................91
15. Hospitaalkontantplan Afdeling ....................93
16. Meganiese en Elektriese Onklaarraking Afdeling ....................97
17. Premiekwytskelding vir Uitdiensstelling of Oorbodigheid Afdeling ....................100
18. Identiteitdiefstal Afdeling ....................102
19. Tuiswerkgewers-arbeidsgeskille Afdeling ....................105


Indien u afsonderlike versekering vir onluste en stakings het, word dit in die skedule aangedui. Hierdie versekering word verskaf deur Sasria SOC Bpk, Registrasienommer: 1979/000287/06

Raimund

Onderteken namens die versekeraar

Maak asseblief seker dat u polis aan u behoeftes voorsien. Kontak asseblief u makelaar of ons by 0860 22 55 63 om u polis te verander

# Algemene afdelings

## 1. Bekendstelling van u **allsure** polis

### 1.1. Doel van versekering

Die doel van versekering is om u in dieselfde finansiële posisie te plaas waarin u was voordat enige Versekerde gebeurtenis, verlies of skade plaasgevind het, minus enige bybetaling wat u moet betaal. Om vergoed te word, moet u al die bepalings en voorwaardes van die polis nakom.

Daar is perke op die vergoeding vir die gebeurtenisse of items wat u verseker. Kyk asseblief na u skedule vir die vergoedingsperke.

### 1.2. Basis van die **allsure** -versekeringspolis

Volgens die bepalings en voorwaardes van hierdie versekeringspolis:

- moet u ons 'n maandelikse of jaarlikse premie betaal en die bepalings en voorwaardes van die polis nakom. **U polis sal beëindig word indien ons nie u premie betyds ontvang nie;**

- vergoed ons u vir verlies of skade wat u ly as gevolg van Versekerde gebeurtenisse wat in die polis uiteengesit is minus enige bybetaling wat u moet betaal.

Ons kan besluit hoe om u te vergoed. Kyk asseblief na die voorwaardes vir vergoeding wat van toepassing is in elke afdeling.

### 1.3. Die inligting wat deel vorm van u polis

Die volgende dokumente en inligting vorm deel van u versekeringspolis en moet saamgelees word as een dokument:

- **Die inligting wat u ons gegee het toe u vir die versekering aansoek gedoen het.** U kon inligting verstrek het in 'n aansoekvorm, aanlyn, deur 'n tussenganger of oor die telefoon.

- '**n Skedule.** Dit gee 'n uiteensetting van die tipe versekering wat u gekoop het, die persone wat verseker is, die versekeringstydperk, die bedrae waarvoor u verseker is, die bybetalings wat van toepassing is en die premie wat u moet betaal. Enige veranderinge aan u polis verskyn in u skedule en is deel van u polis.

- **Versekeringsbepalings, -voorwaardes en -uitsluitings.** Dit bestaan uit die volgende:
  - algemene bepalings, voorwaardes en uitsluitings. Die algemene bepalings, voorwaardes en uitsluitings beskryf u verpligtinge, die vergoeding wat ons verskaf, en hoe om te eis vir 'n Versekerde gebeurtenis vir enige verlies of skade aan versekerde items;
  - bepalings, voorwaardes en uitsluitings van toepassing op die spesifieke afdeling (byvoorbeeld vir Motorversekering of versekering van Huishoudelike Goedere); en
  - verwys na u skedule vir die afdelings wat op u polis van toepassing is.

# 2. Die gebruik van u Polis

## 2.1. Definisies

Hierdie definisies is van toepassing op die hele polis. Kyk asseblief na die definisies wat spesifiek is tot elke afdeling aan die begin van die afdeling.

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die persoon wat in die skedule as die polishouer genoem word In sekere afdelings sluit dit u gade en familie in wat by u woon en wat finansieel van u afhanklik is.<br>Kyk na elke afdeling om te sien wie ons verseker. |
| *Ons* | beteken Old Mutual Insure Beperk,<br>registrasienommer 1970/006619/06. |
| *Gade* | beteken 'n person wat:<br>• die metgesel van die polishouer is in enige huwelik, siviele verbintenis of gewoonteverbintenis wat deur die Suid-Afrikaanse reg erken word; of<br>• saam met die polishouer bly in 'n verhouding wat bedoel is om permanent te wees en in die skedule genoem word. |
| *Begunstigde* | beteken die persoon wat u kies en wie se naam in die skedule verskyn om vergoeding te ontvang as u sterf. |
| *Verjaardatum* | beteken die datum 12 maande na die begindatum van u polis, tensy u polis dit spesifiek anders meld. |
| *Gevolglike verlies* | beteken enige bykomende verlies of skade wat ontstaan as gevolg van die versekerde verlies of skade. |
| *Bybetaling* | beteken die eerste bedrag wat u moet betaal voordat ons u vergoed vir 'n eis. |
| *Uitsluitings* | beteken 'n gebeurtenis, verlies of skade wat nie verseker is nie. |
| *Aanspreeklikheid* | beteken verantwoordelikheid volgens wet. |
| *Word aanspreeklik gehou* | beteken word aanspreeklik gehou volgens wet deur 'n Suid-Afrikaanse Hof. |
| *Kan* | beteken "is geregtig op". |
| *Versekeringstydperk* | beteken vir jaarlikse polisse: die tydperk vanaf die begindatum van u versekering tot die verjaardatum; vir maandelikse polisse: die tydperk vanaf die begindatum van u versekering tot dieselfde dag van die maand een maand later. |
| *Begindatum* | begindatum beteken die laatste van die volgende datums:<br>• die datum waarop versekering begin, soos in die skedule aangedui;<br>• die datum waarop enige verandering aan u polis van krag word. |
| *Skedule* | dit wys die soort versekering wat u gekoop het, die mense wat verseker is, die versekeringstydperk, die bedrae waarvoor u verseker is, die bybetalings wat geld en die premie wat u moet betaal; enige veranderings aan u polis sal in u skedule aangedui word en sal deel van u polis uitmaak |

## 2.2. Struktuur

2.2.1. Die struktuur van hierdie polis is dieselfde vir elke afdeling, behalwe die Algemene afdeling. In elke afdeling sal u die volgende vind:

- Definisies in die afdeling
- Wie ons verseker
- Wat ons verseker
- Wat ons nie verseker nie
- Vergoeding
- Spesiale voorwaardes (indien enige)
- Hoe om te eis (indien daar enige bykomende vereistes is)

## 2.3. Voorbeelde

2.3.1. Voorbeelde in hierdie polis is daar om u te help om te verstaan hoe die versekeringskonsep werk. Hulle weerspieël nie 'n werklike situasie nie en mag u help om die klousules wat hulle illustreer, te interpreteer.

## 2.4. Enkelvoud en meervoud

2.4.1. Enige verwysing na die enkelvoud sluit 'n verwysing na die meervoud in en omgekeerd.

# 3. Algemene Bepalings, Voorwaardes en Uitsluitings

Hierdie Algemene Bepalings, Voorwaardes en Uitsluitings is van toepassing op elke afdeling van die polis. Daar is ook bepalings, voorwaardes en uitsluitings wat van toepassing is op spesifieke afdelings in die polis. Maak asseblief seker dat u al die relevante gedeeltes in die dokument verstaan.

## 3.1. Die lande waar u verseker is

3.1.1. Die polis is van toepassing op Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe.

3.1.2. Hierdie voorwaarde geld nie vir die Afdelings Persoonlike Aanspreeklikheid, Uitgebreide Persoonlike Aanspreeklikheid, Persoonlike Ongevalle, Alle Risiko's, Persoonlike Rekenaars, Ontvallingsuitgawes en Hospitaalkontantplan Afdelings nie.

## 3.2. Gee aan ons inligting wat relevant, waar en volledig is

3.2.1. Ons baseer die vergoedingsperk, die premie en die ander bepalings, voorwaardes en uitsluitings in die polis, op die inligting wat u aan ons gee. U het die volgende verpligtinge:

3.2.1.1. gee aan ons alle wesenlike inligting. Wesenlike inligting is inligting wat 'n redelike persoon sou meen u aan ons behoort te gee sodat ons u risiko kan bepaal;

3.2.1.2. stel ons onmiddellik in kennis indien enige inligting wat ons oor u en die versekerde items het, nie waar en volledig is nie;

3.2.1.3. stel ons onmiddellik in kennis van enige veranderinge aan die inligting wat ons oor u en die versekerde items het;

3.2.1.4. maak seker dat ons u korrekte bankbesonderhede het. Indien u bankbesonderhede verander, moet u ons onmiddellik in kennis stel. Indien u dit nie doen nie, kan u polis beëindig word aangesien ons nie u premies sal kan vorder nie.

3.2.2. Indien u nie al die verpligtinge hierbo nakom nie, kan ons een of meer van die volgende doen:

3.2.2.1. u eis word nie aanvaar nie;

3.2.2.2. u polis word gekanselleer;

3.2.2.3. u polis word ongeldig verklaar (dit beteken dat ons die polis hanteer asof dit nooit bestaan het nie);

3.2.2.4. enige vergoeding wat ons u vir vorige eise gegee het, word teruggeëis.

## 3.3. Verstaan u polis

**Lees u skedule**

3.3.1. U skedule bied belangrike inligting oor u polis, insluitende vergoedingsperke. **Dit is u plig om ons so gou moontlik in kennis te stel indien enige besonderhede verkeerd is.**

3.3.2. U is nie verseker vir 'n Versekerde Gebeurtenis of ingevolge 'n versekeringsafdeling nie, indien:

3.3.2.1. die vergoedingsperk nie ingevul is nie, daar geen bedrag langs dit verskyn nie of indien 'nul', 'nie van toepassing nie', of 'nie verseker nie', aangedui is;

3.3.2.2. daar geen inligting onder die opskrif verskyn nie.

3.3.3. Indien daar enige teenstrydigheid is tussen die skedule en die res van die polis, is die skedule van toepassing.

**Verstaan die bybetaling**

3.3.4. U moet 'n bybetaling vir sommige versekerde items betaal wanneer u eis. Die betrokke bybetaling verskyn langs die items in die skedule. Bybetalings is van BTW vrygestel en moet betaal word voordat ons u vir die eis vergoed. Ons kan die bybetaling aftrek van die vergoeding wat ons gee.

**Verstaan die randbedrae**

3.3.5. Alle vergoedingsperke en premiebedrae in die skedule sluit BTW in. Alle bedrae is in Suid-Afrikaanse rand, insluitend premies en die bedrae wat ons as vergoeding aan u gee.

**Lees die Algemene Bepalings, Voorwaardes, Uitsluitings en afdelings**

3.3.6. Die Algemene Bepalings, Voorwaardes en Uitsluitings geld vir die hele polis. Die spesifieke afdelings is afsonderlik en staan alleen. Een afdeling kan nie gebruik word om 'n ander afdeling te interpreteer nie.

**Kyk in die polis wat ons nie verseker nie**

3.3.7. Maak seker u verstaan wat ons nie verseker nie in beide die algemene en die spesifieke afdelings wat van toepassing is op hierdie versekering.

## 3.4. Versorg die items wat u verseker het

3.4.1. Dit is u plig om redelike sorg aan die dag te lê, sodat verlies, skade, liggaamlike besering en ongelukke vermy of verminder word.

## 3.5. Betaal u premies

3.5.1. Ons baseer u premies op u inligting en die vergoedingsperke wat in die skedule verskyn.

3.5.2. Kyk na die skedule om te sien of u 'n jaarlikse of maandelikse polis het.

**Indien u 'n jaarlikse polis het**

3.5.3. 'n Jaarlikse polis beteken dat u polis vir 'n tydperk van een jaar vanaf die begindatum strek, en u betaal u premie elke jaar vooruit. Die polis word outomaties hernu indien u u volgende jaarlikse premie betyds betaal.

3.5.4. **Om die polis te begin**, moet ons u premie binne 15 dae vanaf die begindatum soos aangedui in u skedule ontvang. Indien ons nie u premie binne hierdie tydperk ontvang nie, sal u polis nie begin nie.

3.5.5. **Om die polis te hernu**, moet ons u premie binne 15 dae vanaf die verjaardatum soos aangedui in u skedule ontvang en aanvaar. Indien ons nie u premie binne hierdie tydperk ontvang nie, sal u polis outomaties beëindig word vanaf die verjaardatum.

3.5.6. Indien daar 'n totale verlies is weens 'n Versekerde gebeurtenis of van 'n versekerde item gedurende die versekeringstydperk, is u nie op 'n terugbetaling van u premie geregtig nie.

**Byvoorbeeld:**

Indien u 'n jaarlikse polis het en u verseker u motorvoertuig op 1 Februarie en dit word op 1 Maart van dieselfde jaar gesteel, ontvang u nie 'n terugbetaling vir die oorblywende 11 maande van die jaar wat u betaal het nie.

**Indien u 'n maandelikse polis het**

3.5.7. 'n Maandelikse polis beteken dat u polis vir 'n tydperk van een maand duur, en u betaal u premie elke maand vooruit. Die polis word outomaties elke maand hernu indien u u volgende maandelikse premie betyds betaal.

3.5.8. **Om die polis te begin**, moet ons u premie vir die eerste maand vooruit ontvang. Indien ons nie u premie ontvang nie, sal u polis nie begin nie.

3.5.9. **Om die polis elke maand te hernu**, moet u u premie elke maand vooruit en nie later as op die betaaldatum betaal nie. Die betaaldatum is 'n dag van die maand wat u ooreengekom het om die premie aan ons te betaal.

3.5.10. Indien ons nie u premie op die betaaldatum ontvang nie, sal ons dit weer op die volgende betaaldatum debiteer. Indien ons albei premies kan invorder, gaan u polis voort. Indien ons nie albei premies kan invorder nie, sal u polis outomaties beëindig word vanaf die eerste betaaldatum waarop u nie u premie betaal het nie.

3.5.11. Indien u 'n stopbetaling op u premie plaas, word die polis outomaties beëindig vanaf die betaaldatum waarop u nie u premie betaal het nie.

**Veranderinge in premies en vergoedingsperke**

**Veranderinge in premies**

3.5.12. Ons kan u premie enige tyd verander. Ons sal u 30 dae voor enige verandering, skriftelik daarvan in kennis stel.

**Verhogings weens inflasie**

3.5.13. Ons verhoog die vergoedingsperk ingevolge Huishoudelike Goedere, Huiseienaars en Alle Risiko's (slegs Algemene item) elke jaar op die verjaardatum van u polis om voorsiening te maak vir inflasie. Dit beteken dat u premies ook verhoog kan word. Dit is u plig om seker te maak dat die vergoedingsperke voldoende is om die waarde van die versekerde items in hierdie afdelings te dek.

**Verhogings na 'n eis**

3.5.14. Die vergoedingsperk verander nie wanneer u 'n eis het nie, maar die premie kan wel verander. Ons kan kies of om te wag tot die polis se verjaardatum om u premies te verhoog of ons kan u vra om 'n hoër premie te betaal vanaf die datum van die verlies of skade.

## 3.6. Hoe om te eis

**Kyk na spesifieke bepalings in elke afdeling**

3.6.1. U moet kyk na die spesifieke afdelings van hierdie polis vir enige bykomende vereistes oor hoe om onder daardie afdelings te eis.

**Rapporteer sekere eise aan die polisie**

3.6.2. U moet eise wat misdaad insluit (byvoorbeeld, diefstal of kwaadwillige beskadiging) en verkeersongelukke so gou moontlik aan die polisie rapporteer. U moet 'n saaknommer aan ons gee.

**Vertel ons van die eis**

3.6.3. Ons moet so gou moontlik in kennis gestel word van u eis maar nie later as 30 dae na die Versekerde gebeurtenis, verlies of skade plaasgevind het nie. Indien u dit nie doen nie, verloor u die reg om 'n eis teen ons in te stel. Ons kontakbesonderhede verskyn in die polis.

3.6.4. U moet die volgende vir ons gee:

3.6.4.1. volledige besonderhede van die eis;

3.6.4.2. besonderhede van enige ander versekering wat u vir die Versekerde gebeurtenis mag hê; bewyse, verklarings en enige ander inligting wat ons verlang; en

3.6.4.3. enige korrespondensie of ander dokumente (byvoorbeeld hofdokumente of regsbriewe) wat u in verband met die eis ontvang het.

**Indien ’n voorval kan lei tot ’n eis teen u**

3.6.5. Stel ons dadelik in kennis van ’n voorval wat ’n eis teen u tot gevolg kan hê. Indien u dit nie doen nie, kan ons besluit om nie vergoeding vir die eis te gee nie. U moet afskrifte van enige dokumente (insluitend regstappe) wat met die voorval verband hou, aan ons gee.

**U moenie enige inligting deel nie**

3.6.6. Tensy ons u skriftelike toestemming gee:

3.6.6.1. moet u nie enige skuld erken nie, hetsy mondelings of skriftelik;

3.6.6.2. moet u nie enige beloftes maak, of enige vergoeding gee of aanvaar nie.

**Hulp om vergoeding te verhaal**

3.6.7. U moet ons redelike hulp gee om:

3.6.7.1. stappe te neem teen enige ander persoon om vergoeding wat ons aan u gegee het, te verhaal;

3.6.7.2. enige items wat verloor of gesteel is en teruggevind is, te identifiseer en te verhaal.

3.6.8. Ons sal enige redelike uitgawes wat u aangegaan het om ons hiermee te help, aan u terugbetaal. Indien u ons nie help nie, moet u die vergoeding wat ons gegee het, aan ons terugbetaal.

**Ons kan regstappe instel in u naam**

3.6.9. Ons kan in u naam die verdediging, verhaling of skikking van enige eis wat ons aanvaar het, oorneem en instel.

**Indien ons u eis afwys**

3.6.10. Ons kan u totale eis of ’n gedeelte van u eis aanvaar of afwys.

3.6.11. Indien ons u eis afwys, het u 90 dae vanaf ontvangs van die afwysingsbrief om daarteen beswaar te maak. U moet aan ons skryf en redes vir u beswaar gee. Indien u dit nie binne hierdie tydperk doen nie, kan u nie meer beswaar aanteken nie.

3.6.12. Indien u beswaar nie suksesvol is nie, het u 6 maande vanaf die einde van die 90-dae- tydperk om ons te dagvaar. Indien u dit nie binne hierdie tydperk doen nie, het ons geen verdere verpligtinge teenoor u ingevolge hierdie polis nie.

**U kan met die Ombudsman in verbinding tree**

3.6.13. Vir alle geldige eise ingevolge die polis gee ons vergoeding op ’n eerlike, regverdige en stiptelike wyse. Indien u voel dat ons dit nie gedoen het nie en u ’n klag wil indien, kan u met u finansiële adviseur of u plaaslike Old Mutual Insure-kantore in verbinding tree.

3.6.14. Indien u nog steeds nie tevrede is nie, het u die reg om met die Ombudsman vir Korttermynversekering in verbinding te tree. Die kontakbesonderhede is in

die Onthullingskennisgewing wat by die skedule aangeheg is.

3.6.15. Hoewel hierdie bevindinge nie bindend op versekeraars is nie, onderneem ons dat ons sal hou by enige besluit wat die Ombudsman maak.

## 3.7. Die vergoeding wat ons gee

**Ons kies hoe om u te vergoed**

3.7.1. Indien u 'n geldige eis het, kan ons u op een of meer van die volgende maniere vergoed:

3.7.1.1. betaal vir herstelwerk deur 'n hersteller van ons keuse;

3.7.1.2. vervang die item deur 'n verskaffer van ons keuse; of

3.7.1.3. kontantbetaling.

3.7.2. Die besluit oor hoe ons vergoed, berus by ons alleen. Maak asseblief seker van die bepalings, voorwaardes en uitsluitings vir vergoeding in elke afdeling.

**Maak seker dat u nie onderverseker is nie**

3.7.3. Dit is u plig om al u items vir hul vervangingswaarde te verseker. Die vervangingswaarde is wat dit u sal kos om die items met soortgelyke items te vervang ten tye van die verlies of skade. Indien u eis, bepaal ons die vervangingswaarde waarteen u u items moes verseker het. Indien dit meer is as die vergoedingsperk aangedui in die skedule, beteken dit dat u onderverseker is. Ons vergoed u slegs vir die persentasie van versekering wat u gekoop het. U is verantwoordelik vir die verskil.

**Voorbeeld:**

Die vervangingswaarde van u item is R100 000. U het dit egter verseker vir R75 000 (dws, daar is 'n vergoedingsperk van R75 000). U het dit vir slegs 75% van die item se waarde verseker.

Daar is R50 000 skade aan die item. Ons vergoed u vir 75% van die skade minus die bybetaling (R37 500 min die bybetaling). U is verantwoordelik vir die verskil.

3.7.4. Onderversekering is nie op Persoonlike Ongevalle, Alle Risiko's, Persoonlike Rekenaars, Ontvallingsonkoste, Premiekwytskelding vir Uitdiensstelling of Oorbodigheid, Identiteitsdiefstal, Hospitaalkontantplan, Motor, Persoonlike Aanspreeklikheid, Regskoste, Uitgebreide Persoonlike Aanspreeklikheid, Meganiese en Elektriese Onklaarraking en Tuiswerkgewers-arbeidsgeskille van toepassing nie.

**Geen rente**

3.7.5. U is nie verantwoordelik vir die betaling van rente op premies nie. Ons is nie verantwoordelik vir die betaling van rente op enige vergoeding nie.

**Indien u ander korttermynversekering vir dieselfde item het**

3.7.6. Indien enige item wat ons ooreenkomstig hierdie polis verseker, ook deur 'n ander korttermynversekeringspolis verseker is, vergoed ons u slegs vir ons deel van die eis.

**Voorbeeld:**

U motor is onder hierdie polis vir R80 000 verseker en ooreenkomstig 'n ander maatskappy se versekeringspolis vir R100 000. Dit beteken die deel waarvoor u motor by ons verseker is, is:

$$\frac{80\ 000}{180\ 000}$$ wat gelyk is aan 44%

U motor word gesteel en ons aanvaar u eis. Maar, omdat u 'n ander versekeringspolis het, betaal ons slegs ons deel van die eis, naamlik 44%.

3.7.7. Ander korttermynversekering is nie op Persoonlike Ongevalle, Ontvallingsonkoste, Premiekwytskelding vir Uitdiensstelling of Oorbodigheid, Identiteitsdiefstal, Hospitaalkontantplan en Tuiswerkgewers-arbeidsgeskille van toepassing nie.

3.7.8. U mag vir mediese uitgawes eis slegs as u nie uitgawes van enige ander versekering – mediese fonds ingesluit – kan verhaal nie.

**U kan slegs ingevolge een afdeling van die polis vir elke gebeurtenis eis**

3.7.9. Ons vergoed u nie ingevolge meer as een afdeling van hierdie polis vir enige Versekerde gebeurtenis, verlies of skade wat voortspruit uit dieselfde gebeurtenis of vir dieselfde item nie. Waar u wel ingevolge meer as een afdeling kan eis, kan u kies ingevolge watter afdeling u wil eis.

**Nakoming van bepalings en voorwaardes**

3.7.10. Ons gee slegs vergoeding indien u die bepalings en voorwaardes van hierdie polis nagekom het.

## 3.8. Wat ons nie verseker nie (uitsluitings)

3.8.1. Hierdie uitsluitings is van toepassing op alle afdelings van hierdie polis.

**Ons vergoed nie vir Gevolglike verlies nie**

3.8.2. Ons vergoed u nie vir eise vir Gevolglike verlies nie. Gevolglike verlies is enige bykomende verlies of skade wat plaasvind as gevolg van die versekerde verlies of skade.

**Voorbeeld:**

U bestuur u motor na die lughawe om 'n vliegtuig te haal. U is op pad betrokke in 'n motorongeluk. As gevolg van die ongeluk, verpas u u vlug. Ons vergoed u vir skade aan u motor maar nie vir die ongebruikte vliegkaartjie nie.

**Ons vergoed nie vir gebeurtenisse wat doelbewus veroorsaak is nie**

3.8.3. Ons vergoed u nie vir enige eise indien u of enige persoon wat met u saamwerk, die Versekerde gebeurtenis, verlies of skade doelbewus veroorsaak het nie.

**Ons vergoed nie vir bedrog, oneerlikheid en wanvoorstelling nie**

3.8.4. Ons vergoed u nie vir eise wat voortspruit uit bedrog, oneerlikheid of wanvoorstelling (om misleidende of verkeerde feite te verskaf) of vir oordrewe eise nie.

3.8.5. Indien ons vergoeding verskaf het vir enige eise wat ons later ontdek op bedrog, oneerlikheid of wanvoorstelling gebaseer was, moet u die vergoedingsbedrag onmiddellik terugbetaal sodra ons dit vra.

3.8.6. Ons kan u polis onmiddellik kanselleer en u kan vir 'n kriminele oortreding aanspreeklik wees.

**Ons vergoed nie vir swendelary nie**

3.8.7. Ons vergoed u nie vir eise vir Versekerde gebeurtenisse waar verlies of skade uit swendelary, bedrog of diefstal onder valse voorwendsels voortspruit nie. Byvoorbeeld, indien u u motor verkoop en 'n waardelose tjek in ruil daarvoor ontvang, sal ons u nie vir die verlies van die motor vergoed nie.

**Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot kontrakte nie**

3.8.8. Ons vergoed u nie vir aanspreeklikheid wat voortspruit uit 'n kontrak wat u aangegaan het nie tensy u aanspreeklik sou gewees het selfs al was daar geen kontrak nie.

**Ons vergoed nie vir konfiskering deur wettige owerhede nie**

3.8.9. Ons vergoed u nie vir enige eise met betrekking tot verlies, skade, liggaamlike besering of aanspreeklikheid indien 'n wettige owerheid versekerde items byvoorbeeld deur nasionalisering, kommandering, verbeuring, konfiskering, inbeslagneming en beslaglegging vat nie.

**Boetes en strafvoltrekkings**

3.8.10. Ons vergoed nie vir enige bestraffende skadevergoeding, boetes of strafvoltrekkings waarvoor u verantwoordelik gehou word nie.

**Besoedeling en kontaminasie**

3.8.11. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat verband hou met enige soort besoedeling of kontaminasie nie. Dit sluit in opruiming of vervanging van enige eiendom wat deur besoedeling of kontaminasie beskadig is.

**Ons vergoed nie vir eise wat verband hou met kernmateriaal nie**

3.8.12. Ons vergoed u nie vir eise wat direk of indirek deur enige van die volgende veroorsaak is nie:

3.8.12.1. ionisering, uitstraling, radioaktiwiteit van enige kernbrandstof of van enige kernafval van die verbranding van kernbrandstof. Verbranding sluit enige self-onderhoudende proses van kernsplitsing in;

3.8.12.2. besoedeling en kontaminasie weens kernmateriaal in enige vorm, insluitende kernafval;

3.8.12.3. kernsplitsing of kernversmelting;

3.8.12.4. kernwapens of kernontploffing.

3.8.13. Ons vergoed u nie vir hierdie eise nie selfs as 'n ander gebeurtenis of oorsaak (ongeag die opeenvolging van gebeurtenisse) tot die verlies, skade, liggaamlike besering of aanspreeklikheid bygedra het.

**Voorbeeld:**

Daar is 'n ontploffing by 'n kernaanleg. Die ontploffing veroorsaak dat 'n watertoring buite die aanleg omval. Die water vloei in u Huis in en veroorsaak skade aan u matte. Ons vergoed u nie vir hierdie skade nie.

**Ons vergoed nie vir oorlog, oproere, arbeidstakings of terrorisme nie**

3.8.14. Ons aanvaar geen eise vir gebeurtenisse wat direk of indirek uit een of meer van die volgende voortspruit nie:

3.8.14.1. arbeidsversteurings, oproere, stakings, uitsluitings of openbare wanorde, of enige dade wat daarop gerig is om dit te veroorsaak;

3.8.14.2. oorlog en oorlogsaktiwiteite, byvoorbeeld inval, dade van buitelandse vyande, en burgeroorlog (hetsy oorlog verklaar is al dan nie);

3.8.14.3. krygswet, muitery, militêre opstand of 'n staat van beleg, of enige gebeurtenis wat dit mag veroorsaak;

3.8.14.4. revolusie, insluitende protes, rebellie, burgerlike verset, en vreesopsweping by die publiek;

3.8.14.5. dade of pogings om die regering of enige plaaslike of stamowerheid met dwang of deur middel van vrees, terrorisme of geweld omver te werp;

3.8.14.6. terrorisme of die bedreiging van terrorisme, of die poging om terrorisme of die bedreiging van terrorisme te veroorsaak. Terrorisme sluit in die gebruik van geweld of bedreiging van geweld om enige politieke doel teweeg te bring of om enige sosiale of ekonomiese verandering teweeg te bring, of in protes teen enige staat of regering of enige provinsiale-, plaaslike- of stamowerheid. Dit sluit dade in hetsy skadeloos vir menselewens of nie, deur enige persoon of groep persone, of hulle alleen of in 'n groep optree. Dit sluit in enige dade gepleeg vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes;

3.8.14.7. enige gebeurtenisse waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding, nr 85 van 1976 of enige soortgelyke Wet; en

3.8.14.8. die dade van enige owerheid wat wetlik ingestel is om enige van die aktiwiteite hierbo genoem, te beheer, te voorkom, te onderdruk of andersins te hanteer.

**Sanksies**

3.8.15. Ons verseker u nie teen of vergoed u nie vir enige gebeurtenis of eis wat ons aan enige sanksie, verbod of beperking ingevolge Verenigde Nasies- of handels- of ekonomiese sankies, wette of regulasies van die Europese Unie, Verenigde Koninkryk of Verenigde State van Amerika sal blootstel nie.

## 3.9. Verandering en kansellering van hierdie polis

**Verandering van die bepalings van hierdie polis**

3.9.1. U kan ons enige tyd vra om die polis te verander. Enige verandering waartoe ons skriftelik toestem, is van toepassing vanaf die tyd en datum van ons ooreenkoms.

3.9.2. Ons kan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis enige tyd verander deur u 30 dae kennis te gee daarvan. Ons gee u kennis per faks, pos of e-pos na die laaste bekende adres of kontakbesonderhede wat ons van u het.

**Kansellering van die hele polis of 'n gedeelte daarvan**

3.9.3. U kan hierdie polis of enige gedeelte daarvan te eniger tyd kanselleer deur ons daarvan in kennis te stel.

3.9.4. Ons kan hierdie polis of enige gedeelte daarvan kanselleer deur u 30 dae skriftelike kennis daarvan te gee. Ons sal die kennisgewing aan u stuur na die laaste bekende adres wat ons van u het.

3.9.5. As u of ons 'n jaarlikse polis kanselleer, sal ons u terugbetaal vir die versekeringstydperk wat u nie gebruik het nie, minus 'n aanpassing vir die korter versekeringstydperk.

## 3.10. Suid-Afrikaanse reg van toepassing

3.10.1. Die Suid-Afrikaanse reg is van toepassing op hierdie polis. U stem in dat slegs die howe van die Republiek van Suid-Afrika die nodige gesag het om oor enige geskil ten opsigte van hierdie polis te beslis.

## 3.11. Deling van versekeringsinligting

3.11.1. U erken dat meedeling van versekeringsinligting oor u self, insluitende kredietinligting, vir die doeleindes van onderskrywing en eise tussen versekeraars van openbare belang is. Dit stel versekeraars in staat om polisse te onderskryf en risiko's regverdig te beoordeel en om oneerlike eise te verminder sodat premies beperk kan word.

3.11.2. U doen afstand van u reg op privaatheid en van enige persoon wat u verteenwoordig se regte aangaande die inligting wat u of 'n ander persoon namens u self verskaf. U erken dat die inligting wat u verskaf, gestoor kan word in die gedeelde databasis en gebruik kan word soos hierbo uiteengesit word. Dit kan ook gebruik word vir enige besluit oor u polis of die betaling van enige eis.

3.11.3. U gee toestemming dat die inligting aan 'n ander versekeringsmaatskappy of sy agente verskaf word. U erken dat die inligting oor u self teenoor wetlik erkende bronne of databasisse geverifieer kan word.

## 3.12. Sasria

3.12.1. Sasria SOC Bpk bied dekking soos aangedui in die skedule van hierdie polis, vir alle afdelings wat u versekerde eiendom dek.

3.12.2. Sasria dek u teen enige toevallige of opsetlike skade aan u versekerde eiendom veroorsaak deur enige persoon of groep persone wat deelneem aan oproer, staking, uitsluiting, openbare onrus, burgerlike beroering of wat enige daad pleeg wat 'n politieke, sosiale of ekonomiese oogmerk, doelwit of oorsaak het, of in protes teen enige staat of regering.

Hierdie dekking word beperk tot voorvalle wat slegs in die Republiek van Suid-Afrika plaasvind.

3.12.3. 'n Volledige beskrywing van dekking en uitsluitings word by u skedule ingesluit.

# Spesifieke afdelings

## 4. Huishoudelike Goedere Afdeling

### 4.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander persone wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *Huis* | beteken<br>• die hoofgebou en geboue verbind aan die hoofgebou met 'n deur<br>(aangrensende geboue) geleë by die adres wat in die skedule aangedui word. Dit is die Huis waarin u permanent woon. Tensy andersins gemeld in die skedule, moet die geboue en aangrensende geboue uit baksteen, klip of beton bestaan met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-of asbesdak. |
| *Buitegeboue* | Beteken 'n afsonderlike gebou op u eiendom, byvoorbeeld<br>• huishulpkwartiere, tuiskantore en privaat motorhuise wat nie met die hoofgebou verbind is nie. Tensy anders vermeld in die skedule, moet die Buitegeboue uit baksteen, klip of beton bestaan met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-of asbesdak; of<br>• 'n Buitegebou of lapa met 'n grasdak, wat aan die Huis vas is of 'n verbindingsdeur na die Huis het, of binne 4m van die hoofgebou geleë is en minder as 15% van die totale vierkante meter van die hele Huis uitmaak.<br>• die Buitegebou of lapa moet geleë wees by die risiko-adres soos aangedui in die skedule. |
| *Wilde bobbejane of wilde ape* | beteken wilde bobbejane of wilde ape wat vryelik in die natuur lewe en wilde ape nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou, of op enige wyse in aanhouding gehou word nie |

### 4.2. Wie ons verseker

4.2.1. Ons verseker die volgende persone ingevolge hierdie afdeling:

4.2.1.1. die polishouer;

4.2.1.2. die polishouer se gade;

4.2.1.3. die polishouer of gade se kinders wat permanent by die polishouer woon en finansieel van die polishouer afhanklik is;

4.2.1.4. ander familielede wat permanent by die polishouer bly en finansieel van die polishouer afhanklik is;

4.2.1.5. om verseker te wees, moet hierdie familielede in die skedule genoem word.

### 4.3. Wat ons verseker

4.3.1. U moet na u skedule kyk om te sien of u Volle versekering vir Huishoudelike Goedere het, of slegs Beperkte versekering vir Huishoudelike Goedere.

**Volle en Beperkte versekering vir Huishoudelike Goedere**

4.3.2. Hierdie versekering bied vergoeding vir verlies van of skade aan Huishoudelike Goedere veroorsaak deur Versekerde gebeurtenisse. Huishoudelike Goedere moet aan u behoort of u verantwoordelikheid wees en moet gebruik word vir u eie privaat doeleindes, en sluit die volgende in:

4.3.2.1. Goedere in u Huis en Buitegeboue tot en met die perke wat in die skedule aangedui word, byvoorbeeld:

4.3.2.1.a. persoonlike besittings (klere, handsakke);

4.3.2.1.b. toerusting en toestelle (oudiovisueel, stofsuiers, yskaste);

4.3.2.1.c. meubels;

4.3.2.1.d. vaste en ander toebehore wat aan u as die huurder behoort, nie die eienaar van die Privaathuis nie;

4.3.2.1.e. buitenshuise en tuin-items;

4.3.2.1.f. geld en ander verhandelbare instrumente (tjeks) – sien perke soos aangedui in skedule.

4.3.2.2. Besigheidsgoedere en -toerusting tot en met die perke in enige 12-maande-tydperk wat in die skedule aangedui word. Hierdie goedere en toerusting moet in die Huis of Buitegeboue gehou word.

Voorbeelde sluit in:

4.3.2.2.a. rekenaars, skootrekenaars, drukkers, skandeerders en sagteware;

4.3.2.2.b. kantoormeubels.

**Versekerde gebeurtenisse**

**Verlies of skade deur Versekerde gebeurtenisse**

4.3.3. Ons vergoed u vir verlies of skade aan Huishoudelike Goedere veroorsaak deur die volgende Versekerde gebeurtenisse:

4.3.3.1. Brand, ontploffing en weerlig;

4.3.3.2. Kwaadwillige beskadiging, behalwe vir verlies of skade veroorsaak deur iemand wat in die Huis of Buitegeboue woon;

4.3.3.3. Storm, oorstroming, wind, water, hael of sneeu, behalwe vir verlies of skade veroorsaak deur of aan enige van die volgende:

4.3.3.3a eiendom in die ope lug, tensy die eiendom ontwerp of bedoel is om in die ope lug te wees of bestaan;

4.3.3.3b enige proses wat water gebruik of toedien;

4.3.3.3c agteruitgang, slytasie of enige geleidelik werkende oorsaak;

4.3.3.3d roes, wegvreting of muf;

4.3.3.4. Aardbewing;

4.3.3.5. Oopbars, lekkasie of oorloop van pype, waterapparaat of olieverhittingsapparaat;

4.3.3.6. Ons vergoed u nie vir skade aan die apparaat of pype self nie;

4.3.3.7. Verlies van of skade aan Huishoudelike Goedere wat veroorsaak is deur impak teen die Huis en Buitegeboue;

4.3.3.8. Geleidelike grondinsakking en grondverskuiwing van die grond wat die Huis en Buitegeboue stut, soos aangedui in die skedule behalwe vir verlies of skade wat veroorsaak is deur of vererger is deur:

4.3.3.8a foutiewe ontwerp, onvoldoende verdigting van opvulsel, swak konstruksie;

4.3.3.8b verwydering of verswakking van stutte;

4.3.3.8c strukturele veranderings, byvoegings of herstelwerk;

4.3.3.8d bo- of ondergrondse uitgrawings behalwe uitgrawings gedurende mynbedrywighede;

4.3.3.8e normale vestiging, inkrimping of uitsetting;

4.3.3.8f krimping of uitsetting van klei en soortgelyke grondtipes weens die klammigheid of waterinhoud daarvan.

In enige geding, hofsaak of ander verrigting waar ons aanvoer dat vanweë die bepalings van hierdie Versekerde gebeurtenis enige skade nie deur hierdie versekering verseker is nie, rus die las op u om die teenoorgestelde te bewys.

4.3.3.9. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui word vir verlies of skade aan u Huishoudelike Goedere veroorsaak deur 'n Versekerde gebeurtenis behalwe diefstal of poging tot diefstal terwyl die versekerde eiendom:

4.3.3.9.a. in 'n gebou is waarin u tydelik woon;

4.3.3.9.b. in 'n gebou is waar u werk;

4.3.3.9.c. binne-in die gebou is waar u Huishoudelike Goedere saamgestel, verander, opgeknap, herstel, skoongemaak of gekleur word.

**Ander verlies of skade**

**Toevallige skade insluitend kragstuwings**

4.3.4. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir toevallige skade aan Huishoudelike Goedere in die Huis en Buitegeboue. Dit sluit in skade wat veroorsaak deur kragstuwings.

4.3.5. Ons vergoed u nie vir verlies of skade wat deur die volgende veroorsaak is nie:

4.3.5.1. slytasie, roes, muf, wegvreting, verrotting;

4.3.5.2. waardevermindering of enige geleidelik werkende oorsaak, kleurings-, reinigings- of opknappingsproses;

4.3.5.3. die uitwerking van lig of klimaatstoestande;

4.3.5.4. elektroniese, elektriese of meganiese onklaarraking, brekasie of weiering;

4.3.5.5. items wat te styf opgewen word soos horlosies;

4.3.5.6. krake, skrape, induiking of afsplinter van meubels, glas, glasware, juweliersware of ander breekbare artikels;

4.3.5.7. konfiskering of terughouding deur enige regsproses;

4.3.5.8. enige soort gevolglike skade.

4.3.6. Ons vergoed u nie vir verlies van of skade aan of ten opsigte van die volgende nie:

4.3.6.1. tuintoerusting, -meubels of -gereedskap. Dit sluit toerusting vir 'n swembad of dammetjie in;

4.3.6.2. sporttoerusting as dit in gebruik beskadig is;

4.3.6.3. vuurwapens;

4.3.6.4. draagbare rekenaartoerusting, selfone, mobiele kommunikasie-toerusting, draagbare handtelefone, video's, oudiobande, kompakskywe en DVD's; en

4.3.6.5. persoonlike besittings; en

4.3.6.6. verlies of skade gedek deur 'n vervaardiger se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak.

**Brandweerkoste**

4.3.7. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die redelike koste wat die brandweer hef om 'n brand by die Huis en Buitegeboue te blus.

**Waterverlies as gevolg van lekkasie**

4.3.8. Ons vergoed u vir die koste van waterverlies weens lekkende pype in die Huis, Buitegeboue en op die gronde, indien u verantwoordelik is vir die betaling daarvan.

4.3.9. Ons vergoed u alleenlik indien die waterlesing die gemiddeld van die vorige 4 waterlesings met 50% of meer oorskry het.

4.3.10. Indien u 'n lekkasie ontdek – hetsy deur fisiese bewys of deur 'n abnormaal hoë waterrekening – moet u onmiddellik stappe neem om die pype te herstel, anders sal ons u nie vergoed vir die koste van die waterverlies nie.

4.3.11. Ons vergoed u nie vir waterverlies as gevolg van:

4.3.11.1. lekkende krane, geisers of toilette nie;

4.3.11.2. swembaddens of lekkasies in hul inlaat- of uitlaatpype nie; en

4.3.11.3. lekkasies wat plaasvind wanneer die Huis of Buitegeboue vir langer as 30 dae onbewoon is nie.

4.3.12. U kan vir hoogstens 2 afsonderlike voorvalle van hierdie aard eis in elke 12-maande-tydperk.

**Koste van puinverwydering na 'n Versekerde gebeurtenis**

4.3.13. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die redelike koste om puin van die Huis en Buitegeboue en terrein te verwyder na verlies of skade aan die Huishoudelike Goedere wat deur 'n Versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

**Verlies of skade weens diefstal of poging tot diefstal**

**Uit die Huis en Buitegeboue**

4.3.14. Ons vergoed u vir verlies of skade aan Huishoudelike Goedere wat veroorsaak is deur diefstal of poging tot diefstal uit:

4.3.14.1. die Huis;

4.3.14.2. die Buitgeboue, slegs tot en met die perk in die skedule, tensy u kan bewys dat daar sigbare tekens is van geforseerde toegang of uitgang;

4.3.14.3. 'n gebou waarin u tydelik woon;

4.3.14.4. 'n gebou waarin u werk slegs tot en met die perk in die skedule, tensy u kan bewys dat daar sigbare tekens is van geforseerde toegang of uitgang. Ons vergoed u nie vir diefstal of poging tot diefstal van juweliersware, horlosies, mobiele kommunikasietoerusting, iPads, skootrekenaars, handrekenaars, elektroniese notaboekrekenaars en GPS-toestelle uit 'n gebou waar u werk nie;

4.3.14.5. ’n kommersiële stoorfasiliteit waar u Huishoudelike Goedere ingegee het vir veilige bewaring of by enige hotel, gastehuis, klub of bankkluis;

4.3.14.6. binne die gebou van ‘n besigheid waar u Huishoudelike Goedere opgemaak, verander, vernuwe, herstel, skoongemaak of gekleur word, indien daar sigbare tekens van geforseerde toegang of uitgang is, tot hoogstens die perk in die skedule aangedui.

**Vanaf die gronde van u Huis en Buitegeboue**

4.3.15. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir verlies weens diefstal van die volgende goedere indien dit vanaf die gronde van u Huis en Buitegeboue gesteel is:

4.3.15.1. wasgoed;

4.3.15.2. tuin- en swembadmeubels en -toerusting, swembad-veiligheidsnette en -bedekkings,

**Terwyl Huishoudelike Goedere na ’n nuwe Huis vervoer word**

4.3.16. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir Huishoudelike Goedere vir verlies weens diefstal, brand, botsing of omslaan van die voertuig terwyl professionele vervoerders dit vervoer wanneer u permanent verhuis.

**Terwyl u Huishoudelike Goedere vervoer**

4.3.17. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui word vir die volgende:

4.3.17.1. diefstal van Huishoudelike Goedere terwyl dit vervoer word na of vanaf ’n kommersiële bergingsfasiliteit of ’n bankkluisfasiliteit;

4.3.17.2. diefstal van Huishoudelike Goedere indien u die Huishoudelike Goedere vervoer na of vanaf ’n plek waar u dit gekoop het of laat herstel of laat opknap het. Daar moet sigbare tekens van geforseerde toegang tot of uitgang uit die voertuig wees;

4.3.17.3. verlies of skade aan u Huishoudelike Goedere terwyl u dit vervoer na of vanaf ’n plek waar u dit gekoop het of laat herstel of laat opknap het. Ons vergoed u slegs as die verlies of skade in transito veroorsaak word deur brand of botsing, of indien die voertuig waarop die goedere vervoer word omslaan.

**Traumaberading na ’n gewelddadige gebeurtenis**

4.3.18. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule indien u of u huishoudelike personeel professionele berading benodig nadat u of hulle ’n slagoffer was van gewelddadige diefstal, poging tot diefstal of aanhouding.

**Verlies of skade aan die tuin**

4.3.19. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die redelike koste om bome, struike en plante op die gronde van die Huis en Buitegeboue te vervang. Ons vergoed u slegs vir verlies of skade veroorsaak deur:

4.3.19.1. brand;

4.3.19.2. brandbestryding;

4.3.19.3. ontploffing;

4.3.19.4. impak deur voertuie, lugvaartuie, ander lugtoestelle of ander voorwerpe wat uit die lug laat val word;

4.3.19.5. kwaadwillige beskadiging.

4.3.20. Ons vergoed u nie indien diefstal of poging tot diefstal die verlies of skade veroorsaak het nie.

**Verlies of skade aan gaste se eiendom**

4.3.21. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir verlies van of skade aan Huishoudelike Goedere en persoonlike besittings van 'n gas wat tydelik by u bly, indien hulle geen ander versekering het nie.

4.3.22. Ten einde vergoeding te ontvang, moes die Versekerde gebeurtenis by die Huis of Buitegeboue plaasgevind het.

4.3.23. Dit sluit geld en verhandelbare instrumente (byvoorbeeld tjeks) uit.

**Verlies van of skade aan huishoudelike personeel se eiendom**

4.3.24. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir Huishoudelike Goedere en persoonlike besittings van u huishoudelike personeel.

4.3.25. Ten einde vergoeding te ontvang, moes die Versekerde gebeurtenis by die Huis of Buitegeboue plaasgevind het.

4.3.26. Dit sluit geld en verhandelbare instrumente (byvoorbeeld tjeks) uit.

**Verlies of skade aan dokumente veroorsaak deur 'n Versekerde gebeurtenis**

4.3.27. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die koste van materiaal en arbeid om persoonlike dokumente wat deur 'n Versekerde gebeurtenis verloor of beskadig is, te vervang.

4.3.28. Ons vergoed u nie vir die waarde wat u aan die dokument se inhoud heg nie.

**Verlies of skade aan Huishoudelike Goedere in Buitegeboue wat nie van steen, klip of beton met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdakke gebou is nie**

4.3.29. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir u Huishoudelike Goedere terwyl in die Buitegeboue wat nie van steen, klip of beton met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdakke gebou is nie. Verlies of skade veroorsaak deur diefstal moet sigbare tekens van geforseerde ingang of uitgang dra.

**Indiensneming van 'n sekuriteitswag**

4.3.30. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die redelike koste om 'n sekuriteitswag in diens te neem na verlies of skade weens 'n Versekerde gebeurtenis.

**Sleutels, slotte en elektroniese sekuriteitstoestelle**

4.3.31. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir redelike koste om die volgende wat verloor of beskadig is, te herstel of te vervang:

4.3.31.1. sleutels, insluitende kaartsleutels;

4.3.31.2. slotte;

4.3.31.3. afstandbeheertoestelle.

4.3.32. Ons vergoed u slegs indien u die Huis en Buitegebue okkupeer en bogemelde toestelle benodig vir deure, vensters, brandkluise of alarms vir daardie Huis en Buitegeboue.

**Alternatiewe akkommodasie en huur**

4.3.33. Indien die Huis of Buitegeboue nie geskik is om in te woon nie as gevolg van verlies of skade weens 'n Versekerde gebeurtenis, vergoed ons u vir een van die volgende:

4.3.33.1. die huur wat u betaal as die bewoner van die Huis of Buitegebou;

4.3.33.2. of alternatiewe akkommodasie van soortgelyke waarde en ligging as die Huis of Buitegebou.

4.3.34. Ons vergoed u slegs vir 'n redelike tydperk wat nodig is om die Huis of Buitegebou weer bewoonbaar te maak.

4.3.35. Ons vergoeding is nie vir meer as 25% van die vergoedingsperk vir Huishoudelike Goedere nie.

**Mediese en veeartseny-onkoste**

4.3.36. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir mediese en veeartseny-onkoste vir toevallige liggaamlike besering in die volgende omstandighede:

4.3.36.1. 'n huisdier wat u besit, beseer 'n ander persoon;

4.3.36.2. besering aan 'n gas of besoeker wat voortspruit uit enige gebrek in die Huis en Buitegeboue;

4.3.36.3. besering aan huishoudelike personeel terwyl hulle in u diens is;

4.3.36.4. 'n verkeersongelukbesering aan 'n huisdier wat u besit.

4.3.37. Ons vergoed u nie indien die beseerde persoon of dier deur enige ander versekering gedek is nie, insluitende 'n mediese fonds.

**Toevallige dood weens besering in die Huis en Buitegeboue**

4.3.38. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule indien u toevallig liggaamlik beseer word in die Huis en Buitegeboue en u binne 90 dae sterf as 'n direkte gevolg van die besering.

4.3.39. Daar is verskillende vergoedingsperke afhangende van u ouderdom.

**Toevallige skade aan oudiovisuele toerusting**

4.3.40. Ons vergoed u vir toevallige skade aan enige van die volgende Huishoudelike Goedere:

4.3.40.1. televisiestelle, video-opnemers, dekodeerders, satellietskottels of -antenne;

4.3.40.2. klankreproduksietoerusting, DVD-spelers insluitende Blu-ray-spelers;

4.3.40.3. proximas en multi-mediaprojektors.

4.3.41. Ons vergoed u nie vir verlies of skade aan die volgende nie:

4.3.41.1. Huishoudelike Goedere wat nie in die Huis en Buitegeboue is nie;

4.3.41.2. skade veroorsaak deur meganiese of elektriese onklaarraking;

4.3.41.3. oudiovisuele toerusting veroorsaak deur kragstuwings.

**Toevallige skade aan glas**

4.3.42. Ons vergoed u vir toevallige skade aan spieëls of ruitglas in of op meubels of op 'n toestel.

**Toevallige bederf van yskas- of vrieskasinhoud**

4.3.43. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die toevallige bederf van die inhoud van u yskaste of vrieskaste in u Huis en Buitegeboue indien die bederf die gevolg is van een van die volgende:

4.3.43.1. onklaarraking van of toevallige skade aan die yskas of vrieskas;

4.3.43.2. onderbreking in die openbare kragtoevoer.

4.3.44. Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

4.3.44.1. skade aan yskaste of vrieskaste self;

4.3.44.2. bederf wat plaasgevind het omdat u nie vir voldoende krag of brandstof betaal het nie of dit nie aangekoop het nie.

**Toevallige skade aan huistelefooninstrumente**

4.3.45. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir elke huistelefoon- instrument wat in die Huis en Buitegeboue toevallig beskadig is.

4.3.46. Ons vergoed u nie vir skade aan die volgende nie:

4.3.46.1. sellulêre telefone;

4.3.46.2. mobiele kommunikasietoerusting.

**Skade deur wilde bobbejane of wilde ape**

4.3.47. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir verlies of skade aan Huishoudelike Goedere binne u Huis en Buitegeboue veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape.

**Huisbewonersaanspreeklikheid**

**Aanspreeklikheid as bewoner van die Huis en Buitegeboue**

**Wat is verseker ingevolge die Huisbewonersaanspreeklikheidsafdeling – bewoner**

4.3.48. Ons vergoed u indien u as die bewoner van die Huis en Buitegeboue aanspreeklik gehou word vir:

4.3.48.1. die toevallige dood van 'n ander persoon wat in die versekeringstydperk plaasvind;

4.3.48.2. toevallige liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon wat in die versekeringstydperk plaasvind;

4.3.48.3. toevallige verlies van of skade aan 'n ander persoon se eiendom wat in die versekeringstydperk plaasvind.

**Vergoeding**

4.3.49. Die vergoeding sluit die volgende in:

4.3.49.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

4.3.49.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

4.3.49.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om die eis teen u te skik of te verdedig.

**Vergoedingsperk**

4.3.50. Die vergoeding is beperk tot en met die bedrag aangedui in die skedule ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of reeks insidente wat die gevolg is van een gebeurtenis.

**Aanspreeklikheid as huurder van die Huis en Buitegeboue**

**Wat is verseker ingevolge die Huisbewonersaanspreeklikheidsafdeling – huurder**

4.3.51. Ons vergoed u indien u as die huurder van die Huis en Buitegeboue aanspreeklik gehou word vir:

4.3.51.1. skade aan die Huis en Buitegeboue, insluitende los en vaste toebehore, veroorsaak deur 'n Versekerde gebeurtenis ingevolge hierdie afdeling wat in die versekeringstydperk plaasvind;

4.3.51.2. toevallige skade aan vaste sanitêre ware (byvoorbeeld toilette, spoelbakke of baddens) of vaste glas wat in die versekeringstydperk plaasvind;

4.3.51.3. toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- of telefoonverbindings wat in die versekeringstydperk plaasvind;

4.3.51.4. toevallige dood van 'n ander persoon wat in die versekeringstydperk plaasvind;

4.3.51.5. toevallige liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon wat in die versekeringstydperk plaasvind;

4.3.51.6. toevallige verlies van of skade aan 'n ander persoon se eiendom wat in die versekeringstydperk plaasvind.

**Vergoeding**

4.3.52. Die vergoeding sluit die volgende in:

4.3.52.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

4.3.52.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

4.3.52.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om die eis teen u te skik of te verdedig.

**Vergoedingsperk**

4.3.53. Die vergoeding is beperk tot en met die bedrag aangedui in die skedule ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of reeks insidente wat die gevolg is van een gebeurtenis.

**Wat is nie verseker ingevolge Huisbewonerrsaanspreeklikheid nie (as 'n bewoner en huurder)**

**Eise deur sekere persone**

4.3.54. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat deur enige van die volgende persone geëis word nie:

4.3.54.1. u of enige lid van u familie wat normaalweg by u bly;

4.3.54.2. u direkteure, lede, trustees, begunstigdes en lede van hulle familie wat normaalweg by hulle bly (indien u 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);

4.3.54.3. u werknemers, behalwe huishoudelike personeel, wat optree in die bestek van hul diens met u ten tye van die gebeurtenis.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot eiendom bewaar en beheer deur sekere persone**

4.3.55. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat verband hou met die verlies van of skade aan eiendom wat besit word deur, bewaar word deur of onder die beheer is van enige van die volgende persone nie:

4.3.55.1. u of enige lid van u familie wat normaalweg by u bly;

4.3.55.2. u direkteure, lede, trustees, begunstigdes en lede van hulle familie wat normaalweg by hulle bly (indien u 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);

4.3.55.3. u werknemers wat optree in die bestek van hul diens met u ten tye van die gebeurtenis.

**Aanspreeklikheid wat nie op u betrekking het as 'n bewoner of huurder van die Huis en Buitegeboue nie**

4.3.56. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat met die volgende verband hou nie:

4.3.56.1. u werk, besigheid of beroep;

4.3.56.2. u eienaarskap, okkupasie of huur van grond of geboue, behalwe van die Huis en Buitegeboue, wat ingevolge hierdie afdeling verseker is;

4.3.56.3. lugvaartuie, voertuie of watervaartuie wat u of u huishoudelike personeel besit, bewaar of beheer.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot stut van eiendom**

4.3.57. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot die vibrasie, verwydering, verswakking of inmenging met die stut van enige grond, gebou of ander eiendom nie.

**Addisionele Toevallige skade (opsioneel)**

**Hierdie versekering is opsioneel. Kyk na u skedule om te sien of u verseker is.**

4.3.58. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir addisionele toevallige skade aan Huishoudelike Goedere in die Huis en Buitegeboue. Dit sluit in skade wat veroorsaak deur kragstuwings.

4.3.59. In die skedule is daar 'n bybetaling vir hierdie dekking. Dit is die bedrag wat u aan ons moet betaal voordat ons u sal vergoed.

4.3.60. Ons vergoed u nie vir verlies of skade wat deur die volgende veroorsaak is nie:

4.3.60.1. slytasie, roes, muf, wegvreting of verrotting;

4.3.60.2. waardevermindering of enige geleidelik werkende oorsaak, kleurings-, reinigings- of opknappingsproses;

4.3.60.3. die uitwerking van lig of klimaatstoestande;

4.3.60.4. elektroniese, elektriese of meganiese onklaarraking, brekasie of weiering;

4.3.60.5. items wat te styf opgewen word soos horlosies;

4.3.60.6. krake, skrape, induiking of afsplinter van meubels, glas, glasware, juweliersware of ander breekbare artikels;

4.3.60.7. konfiskering of terughouding deur enige regsproses;

4.3.60.8. enige soort gevolglike skade.

4.3.61. Ons vergoed u nie vir verlies van of skade aan of ten opsigte van die volgende nie:

4.3.61.1. tuintoerusting, -meubels of -gereedskap. Dit sluit toerusting vir 'n swembad of dammetjie in;

4.3.61.2. sporttoerusting as dit in gebruik beskadig is;

4.3.61.3. vuurwapens;

4.3.61.4. draagbare rekenaartoerusting, selfone, mobiele kommunikasie-toerusting, draagbare handtelefone, video's, oudiobande, kompakskywe en DVD's; en

4.3.61.5. persoonlike besittings; en

4.3.61.6. verlies of skade gedek deur 'n vervaardiger se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak.

**Beperkte versekering vir Huishoudelike Goedere (opsioneel)**

Kyk na u skedule om te sien of u Volle versekering vir Huishoudelike Goedere het, of slegs Beperkte versekering vir Huishoudelike Goedere.

4.3.62. Indien u Beperkte versekering vir Huishoudelike Goedere het, vergoed ons u slegs vir die volgende verlies of skade. (Verwys na die inhoud onder die opskrifte van die **Volle en Beperkte Huishoudelike Goedere-versekering (4.3.2)**):

4.3.62.1. goedere in u Huis en Buitegeboue tot en met die perk aangedui in die skedule;

4.3.62.2. besigheidsgoedere en toerusting tot en met die perk aangedui in die skedule;

4.3.62.3. verlies of skade deur Versekerde gebeurtenisse;

4.3.62.4. brandweerkoste;

4.3.62.5. waterverlies deur lekkasie;

4.3.62.6. koste van puinopruiming na 'n Versekerde gebeurtenisse;

4.3.62.7. Huisbewoner se aanspreeklikheid;

4.3.63. U is nie vir enige ander gebeurtenisse of items gelys onder die opskrif **"Ander verlies of skade" en "Verlies of skade weens diefstal of poging tot diefstal"** verseker nie.

## 4.4. Wat ons nie verseker nie

4.4.1. Ons vergoed u nie vir enige van die volgende nie:

4.4.1.1. diefstal van geld en onderhandelbare instrumente behalwe uit die Huis en Buitegeboue. U moet bewys dat daar sigbare tekens van geforseerde toegang of uitgang was;

4.4.1.2. diefstal of poging tot diefstal uit die Huis en Buitegeboue terwyl dit uitgeleen, verhuur of onderverhuur was, tensy daar sigbare tekens van geforseerde toegang tot of uitgang uit die Huis en Buitegeboue is;

4.4.1.3. diefstal of poging tot diefstal uit die Huis en Buitegeboue terwyl dit 'n skouhuis was tensy daar sigbare tekens van geforseerde toegang tot of uitgang uit die Huis en Buitegeboue is;

4.4.1.4. verlies van of besering aan diere behalwe die diere wat spesifiek in hierdie afdeling beskryf is.

4.4.1.5. verlies van of skade aan of diefstal of poging tot diefstal van:

4.4.1.5.a. meer as een goue muntstuk, seël- en muntversamelings;

4.4.1.5.b. selfone;

4.4.1.5.c. motorvoertuie insluitend hul vaste toebehore;

4.4.1.5.d. woonwaens en sleepwaens insluitend hul vaste toebehore;

4.4.1.5.e. lug- of watervaartuie en hul vaste toebehore en toerusting (nie 'n branderplank of roeiski's nie);

4.4.1.6. verlies van of skade voortspruitend uit:

4.4.1.6.a. slytasie, roes, muf, wegvreting of agteruitgang;

4.4.1.6.b. waardevermindering of enige geleidelik werkende oorsaak;

4.4.1.6.c. die uitwerking van lig of klimaatstoestande;

4.4.1.6.d. elektroniese, elektriese of meganiese onklaarraking, brekasie of weiering;

4.4.1.7. handelsvoorraad wat u besit of waarvoor u verantwoordelik is;

4.4.1.8. verlies van of skade aan Huishoudelike Goedere wat meer spesifiek elders in hierdie polis verseker is.

4.4.1.9. verlies of skade of brekasie gedek deur 'n vervaardiger se koopooreenkoms, waarborg of dienskontrak;

4.4.1.10. verlies of skade weens diefstal of poging tot diefstal, tensy daar sigbare tekens van geforseerde toegang tot of uitgang uit die Huis of Buitegeboue is terwyl die Privaathuis opknappings of strukturele verbouings ondergaan.

## 4.5. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

4.5.1. Ons vergoed u vir verlies van of skade aan Huishoudelike Goedere deur een of 'n kombinasie van die volgende:

4.5.1.1. betaal die koste van die verlies of skade;

4.5.1.2. vervang dit wat verlore of beskadig is;

4.5.1.3. en herstel dit wat beskadig is.

4.5.2. Ons baseer die vergoeding op die vervangingswaarde van soortgelyke nuwe goedere ten tye van die verlies of skade. Die vergoedingsperk word in die skedule aangedui.

**Vergoedingsperke**

4.5.3. U skedule dui die vergoedingsperke vir elke gebeurtenis of item wat ons verseker aan.

4.5.4. Indien u eis vir verlies van of skade aan edelmetale en -gesteentes, juweliersware, horlosies, pelse, skilderye, matte en tapyte, vergoed ons u slegs tot een-derde van die vergoedingsperk vir Huishoudelike Goedere.

**Bybetaling**

4.5.5. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir Huishoudelike Goedere. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

4.5.6. Hierdie bybetaling is nie van toepassing op eise vir Huisbewonersaanspreeklikheid nie.

**Maak seker u is nie onderverseker nie**

4.5.7. Dit is u plig om u Huishoudelike Goedere vir die vervangingswaarde te verseker.

4.5.8. Indien die vervangingswaarde ten tye van die verlies of skade meer is as die versekerde bedrag, vergoed ons u nie vir die volle bedrag wat u eis nie. Ons bereken die verskil tussen die vervangingswaarde en die versekerde bedrag en pas dit proporsioneel toe op u eis. U is verantwoordelik vir die balans.

## 4.6. Spesiale voorwaardes

**U moet bewys van eienaarskap lewer**

4.6.1. U moet aan ons aanvaarbare bewys lewer dat u 'n item besit het, of aanvaarbare bewys van sy waarde, indien ons daarvoor vra.

**U moet bewys van waardasie van juweliersware en horlosies lewer**

4.6.2. Wanneer u eis, moet u aan ons 'n professionele waardasiesertifikaat lewer vir alle versekerde juweliersware en horlosies. Hierdie waardasie moes voor die verlies of skade plaasgevind het.

4.6.3. Indien u nie hierdie sertifikaat het nie, sal u eis beperk wees tot en met die perk aangedui in die skedule vir elke item.

**U moet juweliersware en horlosies in 'n veilige plek bewaar**

4.6.4. U moet juweliersware en horlosies bo 'n waarde in 'n kluis bewaar. Dit staan bekend as die "kluiswaarborgperk".

4.6.5. Indien u nie die juweliersware of horlosie dra nie, moet u dit in 'n behoorlik geslote muur- of vloergemonteerde kluis hou. Die sleutels vir u kluis moet ook weggebêre, veilig en uit die oog wees. Ons vergoed u nie vir verlies of skade veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal vir meer as die "kluiswaarborgperk" soos vermeld in die skedule indien u nie die item in 'n kluis toesluit terwyl u dit nie dra nie.

**Pare en stelle**

4.6.6. Ons vergoed u nie vir enige bykomende, spesiale waarde wat 'n item het omdat dit deel is van 'n paar of 'n stel nie. Ons vergoed u slegs vir die proporsionele waarde van die gedeelte van die stel wat verlore of beskadig is.

**Sekuriteitsmaatreëls**

**Diefwering**

4.6.7. Indien die skedule aandui dat u diefwering op alle oopmaakvensters het, vergoed ons u vir diefstal of poging tot diefstal slegs as die diefwering ten tye van die diefstal of poging tot diefstal geïnstalleer was.

**Sekuriteitshekke**

4.6.8. Indien die skedule aandui dat u sekuriteitshekke het, vergoed ons u vir diefstal of poging tot diefstal slegs indien, ten tye van die diefstal of poging tot diefstal, al die volgende voorwaardes nagekom is:

4.6.8.1. die sekuriteitshekke is geïnstalleer;

4.6.8.2. die sekuriteitshekke is gesluit wanneer u Huis en Buitegeboue onbewoon gelaat word.

**Stel ons in kennis indien u vir langer as 60 dae weg gaan wees**

4.6.9. U moet ons in kennis stel indien u u Huis en Buitegeboue vir langer as 60 aaneenlopende dae onbewoon gaan laat in enige 12-maande-tydperk sodat ons u premie kan aanpas of u bepalings, voorwaardes en uitsluitings kan verander. Indien u ons nie in kennis stel nie, sal ons u nie vergoed vir enige verlies of skade terwyl die Huis en Buitegeboue onbewoon was nie. Indien slegs 'n buitegebou bewoon word, beskou ons nie die Huis en Buitegeboue as bewoon nie.

**Inspeksies**

4.6.10. Ons kan 'n inspekteur vra om u Huis en Buitegeboue enige tyd te inspekteer.

4.6.11. Na aanleiding van die uitslag van hierdie inspeksie, kan ons onmiddellik een van die volgende doen:

4.6.11.1. die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van u versekering verander;

4.6.11.2. u versekering kanselleer;

4.6.11.3. u polis ongeldig verklaar.

# 5. Persoonlike Aanspreeklikheid Afdeling

## 5.1. Definisie in die afedeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander persone wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |

## 5.2. Wie ons verseker

5.2.1. Ons verseker slegs die volgende persone as hulle in die skedule genoem word:

5.2.1.1. die polishouer;

5.2.1.2. lede van die polishouer se familie wat saam met hulle bly.

## 5.3. Wat ons verseker

**Toevallige dood, liggaamlike besering, siekte, verlies of skade aan eiendom**

5.3.1. Ons vergoed u indien u aanspreeklik gehou word vir:

5.3.1.1. toevallige dood van 'n ander persoon wat plaasvind in die versekeringstydperk;

5.3.1.2. toevallige liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon wat plaasvind in die versekeringstydperk;

5.3.1.3. toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort en wat plaasvind in die versekeringstydperk.

5.3.2. Indien 'n eis enigsins veroorsaak word deur onregmatige inhegtenisname, vergoed ons u ingevolge die bepalings vir onregmatige inhegtenisname hieronder.

**Vergoeding**

5.3.3. Die vergoeding vir toevallige dood, liggaamlike besering, siekte, verlies van of skade aan eiendom soos hierbo sluit die volgende in:

5.3.3.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

5.3.3.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

5.3.3.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om 'n eis teen u te skik of te verdedig.

**Vergoedingsperk**

5.3.4. Die vergoeding is beperk tot die bedrag wat in die skedule aangedui is ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks insidente wat die gevolg is van een gebeurtenis.

**Onregmatige inhegtenisname**

5.3.5. Ons vergoed u wanneer u aanspreeklik gehou word vir onregmatige inhegtenisname terwyl u 'n lid van die buurtwag of blokwaggroep is. Dit sluit aanspreeklikheid in vir aanranding of deursoeking in verband met daardie onregmatige inhegtenisname.

5.3.6. Ons vergoed u nie indien die persoon deur wie u aanspreeklik gehou word 'n dienskontrak of leerkontrak by u het, of 'n lid van u gesin of huishouding is nie.

**Vergoeding**

5.3.7. Die vergoeding vir onregmatige inhegtenisname sluit die volgende in:

5.3.7.1. die bedrae waavoor u aanspreeklik is;

5.3.7.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

5.3.7.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om 'n eis teen u te skik of te verdedig.

**Vergoedingsperk**

5.3.8. Die vergoeding is beperk tot die perk wat in die skedule aangedui is ten tye van die onregmatige inhegtenisname. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks insidente wat die gevolg is van een gebeurtenis.

5.3.9. Die vergoedingsperk in enige 12-maande-tydperk is die perk wat in die skedule aangedui is.

**Kontrakte met sekuriteits-, gewapende reaksie- en tuindiensmaatskappye**

5.3.10. Ons vergoed u indien u aanspreeklik gehou word vir die volgende:

5.3.10.1. 'n ander persoon se toevallige dood, liggaamlike besering of siekte wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk;

5.3.10.2. verlies van of skade aan 'n ander persoon se eiendom wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind;

5.3.10.3. onregmatige inhegtenisname wat voortspruit uit enige kontrak met 'n sekuriteits-, gewapende reaksie- of tuindiensmaatskappy, wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind. ten opsigte van die Privaathuis of Huis en Buitegeboue wat verseker is ingevolge die Huiseienaars- of Huishoudelike Goedere-afdelings van hierdie polis.

**Bank- en SIM-kaarte**

5.3.11. Ons vergoed u indien u aanspreeklik gehou word vir verlies veroorsaak deur die bedrieglike gebruik van u kredietkaart, debietkaart of SIM-kaarte wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk deur enige persoon wat:

5.3.11.1. nie 'n lid van u familie is nie;

5.3.11.2. nie by u bly nie.

5.3.12. Om vergoed te word, moet u:

5.3.12.1. die verlies so gou as wat redelik moontlik is aan die bank of ander betrokke maatskappy rapporteer;

5.3.12.2. die bepalings, voorwaardes en uitsluitings t.o.v. die gebruik van daardie kaart nagekom het.

**Vergoedingsperk**

5.3.13. Die vergoeding is beperk tot die perk wat in die skedule aangedui is ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering of dood. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks insidente wat die gevolg is van een gebeurtenis.

5.3.14. Die vergoedingsperk in enige 12-maande-tydperk is die perk aangedui in die skedule.

**Kolhou**

5.3.15. Ons vergoed u vir onkoste aangegaan in verband met 'n kolhou terwyl u as 'n amateur gholf speel gedurende die versekeringstydperk.

5.3.16. Die kolhou moet op 'n geregistreerde gholfbaan plaasvind. U moet speel volgens die erkende reëls van gholf.

5.3.17. Die sekretaris van die betrokke gholfklub moet skriftelik bevestig dat u 'n kolhou geslaan het.

5.3.18. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui is.

**Volhuis**

5.3.19. Ons vergoed u vir onkoste in verband met 'n volhuis terwyl u as 'n amateur rolbal speel gedurende die versekeringstydperk.

5.3.20. Die volhuis moet plaasvind as deel van 'n amptelike kompetisie. Die spel moet op 'n geregistreerde rolbalbaan plaasvind. U moet speel volgens die erkende reëls van die spel, en al 8 of 9 rolballe moet tel.

5.3.21. Die sekretaris van die betrokke rolbalklub moet skriftelik bevestig dat u 'n volhuis behaal het.

5.3.22. Indien meer as een persoon wat ons as 'u' in hierdie afdeling beskryf, betrokke was by dieselfde volhuis, vergoed ons u slegs een maal vir daardie volhuis.

5.3.23. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui is.

## 5.4. Wat ons nie verseker nie

**Eise deur sekere persone**

5.4.1. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat geëis word deur enige van die volgende persone nie:

5.4.1.1. u of enige lid van u familie wat gewoonlik saam met u bly;

5.4.1.2. u direkteure, lede, trustees, begunstigdes en lede van hulle families wat gewoonlik saam met hulle bly (indien u 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);

5.4.1.3. u werknemers, behalwe huishoudelike werknemers, wat in die bestek van hul diens met u optree ten tye van die gebeurtenis.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot eiendom bewaar of beheer deur sekere persone**

5.4.2. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot verlies van of skade aan eiendom wat besit, bewaar of beheer word deur enige van die volgende persone nie:

5.4.2.1. u of enige lid van u familie wat gewoonlik saam met u bly;

5.4.2.2. u direkteure, lede, trustees, begunstigdes en lede van hulle families wat gewoonlik saam met hulle bly (indien u 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);

5.4.2.3. enige werknemer wat in die bestek van hul diens met u optree ten tye van die gebeurtenis.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot u werk, besigheid en eiendom**

5.4.3. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot die volgende nie:

5.4.3.1. u diens, besigheid of beroep;

5.4.3.2. u eienaarskap of besetting van grond of geboue;

5.4.3.3. lugvaartuie, voertuie of watervaartuie wat u of u huishoudelike werknemers besit, bewaar of beheer behalwe modellugvaartuie, branderplanke of roeiski's.

**Aanspreeklikheid wat ontstaan uit 'n kontrak**

5.4.4. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat ontstaan uit 'n kontrak wat u aangegaan het nie, tensy u aanspreeklik sou gewees het as daar geen kontrak was nie, behalwe vir kontrakte aangegaan met sekuriteits-, gewapende reaksie- of tuindiensmaatskappye ingevolge hierdie afdeling.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot stut van eiendom**

5.4.5. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot vibrasie, verwydering, verswakking of inmenging met die stut van enige grond, gebou of ander eiendom nie.

**Beslissings of skikkings ingevolge VSA- of Kanadese reg**

5.4.6. Ons vergoed nie vir:

5.4.6.1. enige beslissing of skikking gemaak in lande wat die reg van die VSA of Kanada navolg nie;

5.4.6.2. enige bevel gemaak om 'n beslissing of skikking wat in die VSA of Kanada gemaak is, af te dwing nie.

**Aanspreeklikheid gebaseer op gebeurtenisse wat doelbewus veroorsaak is**

5.4.7. Ons vergoed nie enige aanspreeklikheid indien u of enige persoon wat met u saamwerk die verlies, skade, dood of liggaamlike besering doelbewus veroorsaak het nie.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot roerende of onroerende eiendom**

5.4.8. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid veroorsaak deur huur of uithuur van roerende en onroerende eiendom vir vergoeding nie.

# 6. Huiseienaars Afdeling

## 6.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer. |
| *Privaathuis* | beteken die geboue by die adres wat in die skedule verskyn. Tensy anders gemeld in die skedule, moet die geboue uit baksteen, klip of beton bestaan met 'n leiklip-, tee□l-, metaal-, beton- of asbesdak. Die Privaathuis sluit die volgende in:<br>• die hoofhuis;<br>• huishoudelike buitegeboue, huiskantore, privaatmotorhuise;<br>• 'n Buitegebou of lapa met 'n grasdak, wat aan die Huis vas is of 'n verbindingsdeur na die Huis het, of binne 4m van die hoofgebou gelee□ is en minder as 15% van die totale vierkante meter van die hele Huis uitmaak;<br>• paaie en opritte van baksteen, beton, asfalt of klip maar nie gruis nie;<br>• mure, hekke, metaalpalissades en heinings op die terrein maar nie heinings wat uit hout, draad of plante bestaan is nie;<br>• u vaste en ander toebehore (insluitend pasmatte) daarin of daarop;<br>• motorafdakke;<br>• water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings;<br>• vaste opwekkers;<br>• borrelbaddens, saunas, huishoudelike waterpompe, sonverhittingspanele;<br>• vaste swembaddens, vaste filtreertoerusting, hittepompe, outomatiese swembadskoonmakers, veiligheidsnette en -bedekkings;<br>• tennisbane;<br>• televisie- en radio-antennas, satellietskottels en aste, kring-TVs, diefalarms en weerligafleiers;<br>• son-geisers en son-geiser-verhittingspanele;<br>• vaste waterversierings, standbeelde en dammetjies;<br>• vaste gazebos;<br>• kaaie en houtloopvlakke. |
| *Wilde bobbejane of wilde ape* | beteken wilde bobbejane of wilde ape wat vryelik in die natuur lewe en wilde ape nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou, of op enige wyse in aanhouding gehou word nie |

## 6.2. Wie ons verseker

6.2.1. Ons verseker die polishouer wat in die skedule genoem word.

## 6.3. Wat ons verseker

**Verlies of skade deur Versekerde gebeurtenisse**

6.3.1. Ons vergoed u vir verlies of skade veroorsaak aan die Privaathuis deur sekere. Versekerde gebeurtenisse. Die Versekerde gebeurtenisse is:

6.3.1.1. Brand, ontploffing en weerlig;

6.3.1.2. Kwaadwillige beskadiging, behalwe vir verlies of skade veroorsaak deur iemand wat in die Privaathuis of Buitegeboue woon;

6.3.1.3. Storm, oorstroming, wind, water, hael of sneeu, behalwe verlies of skade veroorsaak deur of aan enige van die volgende:

6.3.1.3.a. verlies of skade aan eiendom veroorsaak deur enige proses wat water gebruik of toedien;

6.3.1.3.b. agteruitgang, slytasie of enige geleidelik werkende oorsaak;

6.3.1.3.c. roes, wegvreting of muf;

6.3.1.3.d. verskuiwing van die grond wat die Privaathuis stut, selfs indien hierdie verskuiwing direk of indirek veroorsaak word deur storm, oorstroming, wind, water, hael of sneeu. (Vergoeding vir verlies of skade veroorsaak deur verskuiwing van die grond wat die Privaathuis stut voortspruitend uit lopende oppervlakwater is verseker);

6.3.1.3.e. keermure;

6.3.1.3.f. hekke en heinings wat nie van klip, beton, staal of bakstene gebou is nie;

6.3.1.3.g. styging van klammigheid of styging in die grondwatervlak.

6.3.1.4. Aardbewing;

6.3.1.5. Oopbars, lekkasie of oorloop van pype, waterapparaat of olieverhittingsapparaat;

6.3.1.6. Verlies van of skade aan die Privaathuis veroorsaak deur impak deur:

6.3.1.6.a. enige lugvaartuig of lugtoestelle (byvoorbeeld 'n warmlugballon) of enige voorwerp wat daaruit val;

6.3.1.6.b. 'n voertuig wat bots teen die Privaathuis;

6.3.1.6.c. vallende bome of gedeeltes van bome; en

6.3.1.6.d. diere

6.3.1.7. Geleidelike grondinsakking en grondverskuiwing van die grond wat die Privaathuis stut, indien aangedui in die skedule.

6.3.1.7.a. Behalwe vir verlies of skade aan of veroorsaak deur:

6.3.1.7.a(i) afvoerslote, waterlope, grensmure, tuinmure, skerm- en keermure, hekpale, hekke;

6.3.1.7.a(ii) heinings, rylane, plaveisel, swembaddens, swembadgrense of tennisbane;

6.3.1.7.a(iii) of vererger deur foutiewe ontwerp, onvoldoende verdigting van opvulwerk, swak konstruksie;

6.3.1.7.a(iv) verwydering of verswakking van stutwerk;

6.3.1.7.a(v) strukturele veranderinge, byvoegings of herstelwerk;

6.3.1.7.a(vi) oppervlak- of ondergrondse opgrawings behalwe wat tydens mynboubedrywighede gedoen word;

6.3.1.7.a(vii) normale vestiging, krimping of uitsetting; en

6.3.1.7.a(viii) krimping of uitsetting van klei en soortgelyke grondtipes weens klammigheid of waterinhoud daarvan.

6.3.1.7.b. Ons vergoed u nie vir die koste om die fondasies te stu of te hei nie.

In enige regsgeding, hofsaak of ander prosedure waar ons beweer dat, vanweë die bepalings van hierdie Versekerde gebeurtenis, enige skade nie deur hierdie versekering verseker is nie, rus die las op u om die teendeel te bewys.

6.3.1.8. Diefstal of poging tot diefstal maar indien die Privaathuis nie bewoon is nie, of verhuur of uitgeleen word, moet daar sigbare tekens van geforseerde toegang of uitgang wees.

**Ander verlies of skade**

**Toevallige skade aan vaste masjinerie wat in u Privaathuis gebruik word**

**Waarvoor ons u vergoed**

6.3.2. Ons vergoed u vir toevallige verlies van of skade aan vaste masjinerie wat u vir huishoudelike doeleindes gebruik. Die volgende items word verseker:

6.3.2.1. vaste masjinerie vir swembaddens (outomatiese swembadskoonmakers uitgesluit); en

6.3.2.2. vaste masjinerie vir borrelbaddens, boorgate (windpompe uitgesluit), sprin-kelbesproeiingstelsels, filtreertoerusting, lugversorgers, elektriese hekke en motorhuisdeure wat by die Privaathuis geïnstalleer is.

6.3.3. Die vergoedingsperk vir enige enkele gebeurtenis is die perk wat in die skedule aangedui word.

**Waarvoor ons u nie vir toevallige skade vergoed nie**

6.3.4. Ons vergoed u nie vir verlies of skade aan vaste masjinerie wat direk of indirek veroorsaak is deur die volgende nie:

6.3.4.1. waardevermindering, geleidelike oorsake, slytasie;

6.3.4.2. foutiewe ontwerp of vakmanskap of die gebruik van gereedskap of toerusting op 'n verkeerde manier;

6.3.4.3. reiniging, herstelwerk of opknapping;

6.3.4.4. roes, grondinsakking, grondverskuiwing of die ineenstorting van enige gebou;

6.3.4.5. doelbewuste oorlaaiing van die masjien;

6.3.5. Ons vergoed u nie vir enige verlies of skade wat kragtens 'n vervaardigerswaarborg of deur 'n dienskontrak verseker is nie.

**Televisie-antennes, satellietskottels en maste, kring-TV's, diefalarms en weerligafleiers**

6.3.6. Ons vergoed u vir toevallige verlies, breekskade of ineenstorting van vaste radio- of TV- antennes, satellietskottels, maste, kring-TV's, diefalarms en weerligafleiers.

**Vaste glas, glas-stoofplate, oonddeure en sanitêre ware**

6.3.7. Ons vergoed u vir toevallige breekskade aan vaste glad, glas-stoofplate, oonddeure en vaste sanitêre ware (byvoorbeeld toilette, spoelbakke of baddens). Ons verseker egter nie skade as gevolg van afsplintering of skraping of ander oppervlakskade nie.

6.3.8. Ons vergoed u nie vir breekskade aan hierdie items indien hulle nie in die Privaathuis is nie, of indien die Privaathuis nie bewoon word nie.

**Openbare toevoer- of kragverbindings**

6.3.9. Ons vergoed u vir toevallige verlies of skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telefoonverbindings tussen die geboue en die openbare toevoer wat aan u behoort of waarvoor u verantwoordelik is.

**Alternatiewe akkommodasie en huur**

6.3.10. Indien die Privaathuis nie geskik is om in te woon nie as gevolg van verlies of skade weens 'n Versekerde gebeurtenis, vergoed ons u vir een van die volgende:

6.3.10.1. huur wat u verloor;

6.3.10.2. alternatiewe akkommodasie van soortgelyke waarde en ligging as die Privaathuis.

6.3.11. Ons vergoed u slegs vir 'n redelike tydperk wat nodig is om die Privaathuis weer bewoonbaar te maak.

6.3.12. Ons vergoeding is nie meer as 25% van die vergoedingsperk op die Privaathuis nie.

**Vereistes van openbare owerhede**

6.3.13. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die redelike koste wat die brandweer hef om 'n brand by die Privaathuis te blus.

6.3.14. Die herstelwerk of herbouing moet die gevolg wees van verlies of skade aan die Privaathuis weens 'n Versekerde gebeurtenis.

6.3.15. Ons vergoed u nie vir vereistes van openbare owerhede met betrekking tot gebrekkige vakmanskap, ontwerp, beplanning of spesifikasies nie.

**Brandweerkoste**

6.3.16. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die redelike koste wat die brandweer hef om 'n brand by die Privaathuis te blus.

**Sloping- en professionele gelde**

6.3.17. Indien daar verlies of skade aan die Privaathuis was wat deur 'n Versekerde gebeurtenis veroorsaak is, vergoed ons u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die noodsaaklike en redelike koste van:

6.3.17.1. sloping van die Privaathuis;

6.3.17.2. opruiming van die perseel;

6.3.17.3. oprigting van skuttings wat vir boubedrywighede nodig is;

6.3.17.4. argitekte, bourekenaars en raadgewende ingenieurs se gelde;

6.3.17.5. en plaaslike owerhede se inspeksiegelde.

6.3.18. Ons vergoed u slegs indien u ons skriftelike toestemming het om hierdie koste aan te gaan.

**Indiensneming van ’n sekuriteitswag**

6.3.19. Ons vergoed u vir die redelike koste om ’n sekuriteitswag in diens te neem na verlies of skade weens ’n Versekerde gebeurtenis.

6.3.20. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui is.

**Waterverlies weens lekkasie**

6.3.21. Ons vergoed u vir die koste van waterverlies weens lekkende pype in die Privaathuis of op die gronde daarvan, indien u verantwoordelik is vir die betaling daarvan.

6.3.22. Ons vergoed u alleenlik indien die waterlesing die gemiddeld van die vorige 4 waterlesings met 50% of meer oorskry het.

6.3.23. Indien u ’n lekkasie ontdek – hetsy deur fisiese bewys of deur ’n abnormaal hoë waterrekening – moet u onmiddellik stappe doen om die pype op u eie koste te herstel, anders vergoed ons u nie vir die waterverlies nie.

6.3.24. Ons vergoed u nie vir waterverlies as gevolg van:

6.3.24.1. lekkende krane, geisers of toilette nie;

6.3.24.2. swembaddens of lekkasies in hul inlaat- of uitlaatpype nie;

6.3.24.3. lekkasies wat plaasvind wanneer die Privaathuis vir langer as 30 dae onbewoon is nie.

6.3.25. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui is.

6.3.26. U kan vir hoogstens 2 afsonderlike voorvalle van hierdie aard in elke 12-maande- tydperk eis.

**Verwydering van bome wat omgeval het**

6.3.27. Ons vergoed u vir die redelike koste vir die verwydering van bome wat omgeval het by die Privaathuis na ’n Versekerde gebeurtenis. Ons vergoed u alleenlik indien u ons skriftelike toestemming het.

6.3.28. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui is.

6.3.29. U kan slegs een maal vir hierdie tipe dekking in elke 12-maande-tydperk eis.

**Sleutels, slotte en elektroniese sekuriteitstoestelle**

6.3.30. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir redelike koste om die volgende verlore of beskadigde items te herstel of te vervang:

6.3.30.1. sleutels, kaartsleutels ingesluit;

6.3.30.2. slotte;

6.3.30.3. afstandbeheertoestelle.

6.3.31. Ons vergoed u slegs indien u die Privaathuis besit en bogemelde toestelle vir deure, vensters, brandkluise of alarms vir daardie Privaathuis benodig.

**Skade deur wilde bobbejane of wilde ape**

6.3.32. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir verlies of skade aan u Privaathuis veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape.

**Verlies of skade aan die tuin**

6.3.33. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule vir die redelike vervangingskoste van bome, struike, plante en sprinkelbesproeiingstelsels op die terrein van die Privaathuis. Ons vergoed u slegs vir verlies of skade veroorsaak deur:

6.3.33.1. brand;

6.3.33.2. brandbestryding;

6.3.33.3. ontploffing;

6.3.33.4. botsing deur voertuie, lugvaartuie, ander lugtoestelle of ander voorwerpe wat uit die lug laat val word;

6.3.33.5. kwaadwillige beskadiging.

6.3.34. Ons vergoed u nie indien die verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is nie.

**Spesiale veranderinge aan u Privaathuis**

6.3.35. Ons sal u vergoed vir die noodsaaklike en redelike koste van spesiale veranderinge om toegang tot die Privaathuis moontlik te maak.

6.3.36. Hierdie spesiale veranderinge is as gevolg van 'n ongeluk wat liggaamlike besering veroorsaak en meebring dat u permanent gestrem en aan 'n rolstoel gekluister is.

6.3.37. U moet ons skriftelike toestemming hê voordat u hierdie koste kan aangaan.

6.3.38. Die maksimum vergoedingsperk word in die skedule aangedui.

**Dekking voor oordrag van eiendom**

6.3.39. Ons sal u gedurende die tydperk tussen u ondertekening van 'n Koopakte en die oordrag van die eiendom op u naam deur die Akteskantoor, vergoed vir verlies of skade aan die Privaathuis wat deur 'n Versekerde gebeurtenis veroorsaak word.

6.3.40. Dit dek slegs eiendom wat u koop en ingevolge hierdie polis verseker.

6.3.41. Hierdie dekking is nie van toepassing indien die Privaathuis deur die verkoper of namens die verkoper verseker word nie.

**Kaaie en Houtloopvlakke**

6.3.42. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui word vir verlies of skade aan substandaard-kaaie en -houtloopvlakke waarvoor u verantwoordelik is en wat nie as gemeenskaplike eiendom gebruik word nie.

6.3.43. Ons vergoed u slegs as die verlies of skade veroorsaak word deur:

6.3.43.1. brand, weerlig of ontploffing;

6.3.43.2. storm, oorstroming, wind, water, hael of sneeu;

6.3.43.3. impakskade deur voertuie, lugvaartuie, ander lugtoestelle of ander voorwerpe wat uit die lug laat val word;

6.3.43.4. kwaadwillige skade.

6.3.44. In die skedule is daar 'n bybetaling vir hierdie dekking. Dit is die bedrag wat u aan ons moet betaal voordat ons u sal vergoed.

**Huiseienaarsaanspreeklikheid**

**Wat is verseker ingevolge die Huiseienaarsaanspreeklikheidsafdeling**

6.3.45. Ons vergoed u indien u as die eienaar van die Privaathuis aanspreeklik gehou word vir:

6.3.45.1. toevallige dood van 'n ander persoon wat in die versekeringstydperk plaasvind;

6.3.45.2. toevallige liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon wat in die versekeringstydperk plaasvind;

6.3.45.3. toevallige verlies van of skade aan 'n ander persoon se eiendom wat in die versekeringstydperk plaasvind.

**Vergoeding**

6.3.46. Die vergoeding sluit die volgende in:

6.3.46.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

6.3.46.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

6.3.46.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om die eis teen u te skik of te verdedig.

**Vergoedingsperk**

6.3.47. Die vergoeding is beperk tot en met die bedrag wat in die skedule aangedui is ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of vir 'n reeks insidente wat die gevolg is van een gebeurtenis.

**Wat is nie verseker ingevolge die Huiseienaarsaanspreeklikheidsafdeling nie**

**Eise deur sekere persone**

6.3.48. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat deur enige van die volgende persone geëis word nie:

6.3.48.1. u of enige lid van u familie wat gewoonlik saam met u bly;

6.3.48.2. u direkteure, lede, trustees, begunstigdes en hul families wat gewoonlik saam met hulle bly (as u 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);

6.3.48.3. u werknemers, behalwe u huishoudelike werknemers, wat in die bestek van hul diens met u optree ten tye van die gebeurtenis.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot eiendom wat deur sekere persone besit, bewaar of beheer word**

6.3.49. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot verlies van of skade aan eiendom wat deur enige van die volgende persone besit, bewaar of beheer word nie:

6.3.49.1. u of enige lid van u familie wat gewoonlik saam met u bly;

6.3.49.2. u direkteure, lede, trustees, begunstigdes en hul families wat gewoonlik saam met hulle bly (indien u 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);

6.3.49.3. u werknemers, wat in die bestek van hul diens met u optree ten tye van die gebeurtenis.

**Aanspreeklikheid wat nie verband hou met u eienaarskap van die Privaathuis nie**

6.3.50. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot:

6.3.50.1. u werk, besigheid of beroep nie;

6.3.50.2. u eienaarskap of besetting van grond of geboue nie, behalwe van die Privaathuis wat ingevolge hierdie afdeling verseker is;

6.3.50.3. lugvaartuie, voertuie of watervaartuie wat u of u huishoudelike werknemers besit, bewaar of beheer nie.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot stutwerk van eiendom**

6.3.51. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot vibrasie, verwydering, verswakking of inmenging met die stutwerk van enige grond, gebou of ander eiendom nie.

**Kragstuwings (opsioneel)**

**Hierdie versekering is opsioneel. Kyk na u skedule om te sien of u verseker is.**

6.3.52. Ons vergoed u vir skade aan die Privaathuis wat veroorsaak word deur kragstuwings weens toevallige veranderinge in die kragtoevoer van 'n openbare kragtoevoer-owerheid.

6.3.53. Die vergoedingsperk vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse is die perk in die skedule.

6.3.54. In die skedule is daar 'n bybetaling vir hierdie dekking. Dit is die bedrag wat u aan ons moet betaal voordat ons u sal begin vergoed.

## 6.4. Wat ons nie verseker nie

**Verlies of skade veroorsaak deur of weens:**

6.4.1. Roes, verwering of skimmel.

6.4.2. Slytasie of ander geleidelik werkende oorsake.

**Indien u nie u Privaathuis in stand hou nie**

6.4.3. Ons vergoed u nie vir enige verlies of skade wat veroorsaak is omdat die Privaathuis nie in stand gehou is nie.

**Moenie u Privaathuis onbewoon laat sonder ons toestemming nie**

6.4.4. U moet ons in kennis stel indien u u Privaathuis vir langer as 60 aaneenlopende dae onbewoon gaan laat in enige 12-maande-tydperk sodat ons u premie kan aanpas of u bepalings, voorwaardes en uitsluitings kan verander. Indien u ons nie in kennis stel nie, sal ons u nie vergoed vir enige verlies of skade terwyl die Privaathuis onbewoon is nie.

**Wanneer u bouveranderinge aan u Privaathuis doen**

6.4.5. Wanneer u bouveranderinge doen, en daar verlies, skade of aanspreeklikheid deur die struktuele bouveranderinge veroorsaak word, vergoed ons u nie vir die volgende nie:

6.4.5.1. glas- en sanitêre ware (byvoorbeeld toilette, baddens en spoelbakke);

6.4.5.2. alternatiewe akkommodasie en huur;

6.4.5.3. Huiseienaarsaanspreeklikheid.

**Verseker nakoming van bouwette en -regulasies**

6.4.6. Ons vergoed u nie vir verlies of skade as gevolg daarvan dat u Privaathuis nie aan die Nasionale Bouregulasies of aan enige ander wette of regulasies wat van toepassing is op boustandaarde en -instandhouding voldoen nie.

## 6.5. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

6.5.1. Ons vergoed u vir verlies van of skade aan die Privaathuis deur een of 'n kombinasie van die volgende:

6.5.1.1. ons betaal die koste van die verlies of skade;

6.5.1.2. ons vervang wat ook al verloor of beskadig is;

6.5.1.3. ons herstel wat ook al beskadig is.

6.5.2. Ons baseer die vergoeding op die vervangingswaarde van soortgelyke nuwe eiendom ten tye van die verlies of skade. Die vergoedingsperk is die bedrag wat in die skedule aangedui is en moet die slopingskoste en professionele gelde insluit.

**Ons sien om na die kredietverskaffer se regte**

6.5.3. Indien u 'n huislening of verband op u Privaathuis geregistreer het en u eis vir verlies of skade, vergoed ons die kredietverskaffer eerste.

6.5.4. Hierdie vergoeding is beperk tot die bedrag wat u op u huislening skuld.

**Voorbeeld:**

Johan koop 'n huis vir R1 000 000 en leen geld om daarvoor te betaal. Die kredietverskaffer registreer 'n huislening op die geboue vir die volle waarde. Johan koop versekering vir die volle waarde. Johan het R400 000 aan die kredietverskaffer terugbetaal toe sy huis in 'n brand vernietig is. Johan eis van sy versekering.

Ons vergoed die kredietverskaffer met R600 000 en ons vergoed Johan met R400 000 vir die skade, minus enige bybetaling.

6.5.5. Indien u optree of versuim om op te tree op 'n wyse wat tot die weiering van u eis om verlies of skade lei, sal ons nog steeds die kredietverskaffer vergoed indien:

6.5.5.1. die kredietverskaffer nie geweet het dat u opgetree het op 'n wyse wat hierdie versekering ongeldig gemaak het nie;

6.5.5.2. die kredietverskaffer ons van die daad of versuim in kennis stel sodra hy daarvan bewus word; en

6.5.5.3. die weiering van die eis nie die gevolg was van bedrog, oneerlikheid, wanvoorstelling of enige gebeurtenis wat doelbewus veroorsaak is deur u of enige persoon wat met u saamspan nie.

**Maak seker dat u nie onderverseker is vir u Privaathuis nie**

6.5.6. Dit is u verantwoordelikheid om u Privaathuis vir die vervangingswaarde te verseker. Die vervangingswaarde beteken:

6.5.6.1. die koste om die Privaathuis met nuwe materiaal te herstel of te herbou ten tye van die verlies of skade; en

6.5.6.2. die slopingskoste en professionele gelde.

6.5.7. Indien die vervangingswaarde ten tye van die verlies of skade meer is as die versekerde bedrag, vergoed ons u nie vir die volle bedrag van u eis nie. Ons bereken die verskil tussen die vervangingswaarde en die versekerde bedrag en pas dit na verhouding op u eis toe. U is verantwoordelik vir die verskil.

**Voorbeeld:**

Die vervangingswaarde van u Privaathuis is R1 000 000. U het dit vir R750 000 verseker (d.i. 'n vergoedingsperk van R750 000). U het dit vir slegs 75% van sy waarde verseker.

Daar is R500 000 skade aan die Privaathuis. Ons sal 75% van die skade betaal, wat R375 000 is. U is verantwoordelik vir die verskil van R125 000.

**Bypassende boumateriaal**

6.5.8. Ons is nie verplig om die Privaathuis te herstel presies soos dit voorheen was nie.

6.5.9. Ons sal dit herstel soos redelike omstandighede dit toelaat.

6.5.10. Waar ons dit nie presies dieselfde kan doen nie, sal ons materiaal gebruik wat na ons mening die beste pas by die beskadigde of verlore materiaal.

6.5.11. Ons sal dit slegs doen aan die gedeelte van die struktuur waar die verlies of skade plaasgevind het. Ons sal nie betaal vir bypassende boumateriaal om 'n eenvormige effek regdeur u Privaathuis te skep nie.

**Bybetaling**

6.5.12. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir Huiseienaarsversekering. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

## 6.6. Spesiale voorwaardes

**Sekuriteitsmaatreëls**

**Diefwering**

6.6.1. Indien die skedule meld dat u diefwering op alle oopmaakvensters het, vergoed ons u vir diefstal of poging tot diefstal slegs as die diefwering ten tye van die diefstal of poging tot diefstal geïnstalleer was.

**Sekuriteitshekke**

6.6.2. Indien die skedule meld dat u sekuriteitshekke het, vergoed ons u vir diefstal of poging tot diefstal slegs indien ten tye van die diefstal of poging tot diefstal al die volgende voorwaardes nagekom is:

6.6.2.1. die sekuriteitshekke is geïnstalleer;

6.6.2.2. die sekuriteitshekke is gesluit wanneer u Privaathuis sonder toesig gelaat.

**Huurders se gedrag**

6.6.3. Indien 'n huurder wat in die Privaathuis bly, optree op 'n wyse wat hierdie polis ongeldig sal maak, vergoed ons u nog steeds indien:

6.6.3.1. u nie bewus is van of nie toestem tot die huurder se optrede of versuim nie;

6.6.3.2. en u ons inlig oor die optrede of versuim sodra u daarvan bewus word;

6.6.3.3. die weiering van die eis nie die gevolg was van bedrog, oneerlikheid, wanvoorstelling of enige gebeurtenis wat doelbewus veroorsaak is deur u of enige persoon wat met u saamspan nie.

**Inspeksies**

6.6.4. Ons kan 'n inspekteur vra om u Privaathuis enige tyd te inspekteer.

6.6.5. Na aanleiding van die uitslag van hierdie inspeksie, kan ons onmiddellik een van die volgende doen:

6.6.5.1. die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van u versekering verander;

6.6.5.2. u versekering kanselleer;

6.6.5.3. u polis ongeldig verklaar.

# 7. Persoonlike Ongevalle Afdeling

## 7.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander persone wat in die skedule genoem word. |
| *Ongeluk* | Beteken 'n gebeurtenis wat buite die liggaam plaasvind, wat u nie kon vermy nie, wat u nie beplan het nie en wat u nie kon verwag of voorsien het nie. |
| *Liggaamlike besering* | beteken 'n fisiese besering aan die liggaam wat veroorsaak is deur 'n toevallige, gewelddadige, sigbare en uitwendige gebeurtenis. |

## 7.2. Wie ons verseker

7.2.1. Ons gee slegs vergoeding vir dood, ongeskiktheid en mediese uitgawes vir Persoonlike Ongevalle vir die volgende persone indien hulle in die skedule genoem is:

7.2.1.1. die polishouer;

7.2.1.2. die polishouer se gade;

7.2.1.3. die ouers van beide die polishouer en die polishouer se gade;

7.2.1.4. die polishouer of die polishouer se gade se kinders;

7.2.1.5. die polishouer en die polishouer se gade se voltydse huishoudelike personeel.

## 7.3. Wat ons verseker

**Volle versekering of slegs Motorvoertuigongelukke**

7.3.1. U skedule dui aan watter tipe versekering u gekies het. U het een van die volgende gekies:

7.3.1.1. Volle versekering vir persoonlike ongevalle;

7.3.1.2. Versekering slegs vir Motorvoertuigongelukke.

**Dood en ongeskiktheid na 'n ongeluk**

7.3.2. Ons vergoed u tot en met die bedrag wat in die skedule gemeld word vir:

7.3.2.1. Dood;

7.3.2.2. Permanente ongeskiktheid (opsionele dekking);

7.3.2.3. Tydelike ongeskiktheid (opsionele dekking);

7.3.2.4. Mediese onkoste (opsionele dekking).

7.3.3. Kyk asseblief na u skedule om te sien waarvoor u verseker is.

**Indien u verdwyn**

7.3.4. Indien u verdwyn, gee ons vergoeding asof u gesterf het, indien albei die volgende plaasvind:

7.3.4.1. ons ontvang 'n afskrif van die hofbevel van Vermoede van Dood;

7.3.4.2. ons het geen rede om te glo dat enige gebeurtenis behalwe 'n ongeluk plaasgevind het nie.

7.3.5. Indien daar enige tyd nadat ons vergoeding betaal het, gevind word dat u nog lewe, moet u al die vergoeding aan ons terugbetaal.

**Blootstelling aan die elemente, dors en uithongering**

7.3.6. Ons vergoed u indien u dood of liggaamlike besering veroorsaak is deur blootstelling aan die elemente, dors of uithongering na 'n ongeluk.

**Repatriasie**

7.3.7. Repatriasie beteken dat u liggaam na Suid-Afrika teruggebring word indien u as gevolg van 'n ongeluk sterf terwyl u buite Suid-Afrika is. Ons vergoed u, u begunstigde of u boedel met die redelike koste tot en met die perk wat in die skedule aangedui word om u liggaam na Suid-Afrika terug te bring.

**Ontvallingsonkoste**

7.3.8. Indien u sterf weens 'n ongeluk, vergoed ons u, u begunstigde of u boedel vir die ontvallingsonkoste tot en met die perk wat in die skedule aangedui word.

**Traumaberading na 'n gewelddadige gebeurtenis**

7.3.9. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule indien u of u huishoudelike personeel professionele berading nodig het nadat u 'n slagoffer was van 'n gewelddadige diefstal, poging tot diefstal of aanhouding.

**Dubbele vergoeding**

7.3.10. Indien die polishouer en hul gade binne 12 maande van die ongeluk sterf en hul dood deur dieselfde ongeluk veroorsaak was, gee ons dubbele vergoeding vir dood. Ons vergoed slegs indien al die volgende voorwaardes nagekom is:

7.3.10.1. u het versekering vir Dood, Permanente ongeskiktheid en Tydelike ongeskiktheid gekies;

7.3.10.2. u het oorlewende kinders jonger as 18 jaar wat afhanklik is van u en u gade;

7.3.10.3. u, u gade en u kinders is almal lede van dieselfde huishouding ten tye van die ongeluk.

## 7.4. Wat ons nie verseker nie

**Voorafbestaande mediese toestande**

7.4.1. Ons vergoed u nie vir dood, liggaamlike besering of ongeskiktheid wat veroorsaak is deur 'n mediese toestand wat bestaan het voordat die persoon aanvanklik by hierdie afdeling ingesluit is nie.

**Deelname aan sekere aktiwiteite**

7.4.2. Ons vergoed u nie vir enige eis ingevolge hierdie afdeling wat deur die volgende veroorsaak is nie:

7.4.2.1. enige beroepsport;

7.4.2.2. ekstreem-aktiwiteite soos parasweef, valduik, hangsweef, veldmotorfietsry, vierwielfietsry of vryklim;

7.4.2.3. stoei, boks of krygskunste;

7.4.2.4. jaery, spoed- of uithoutoetse op of in kragaangedrewe voertuie of vaartuie;

7.4.2.5. vlieg, behalwe as 'n passasier in 'n wettig-gelisensieerde passasiersvliegtuig;

7.4.2.6. bergklim waar die gebruik van toue of 'n gids nodig is;

7.4.2.7. delf of sink van myne of mynskagte, ondergrondse mynaktiwiteite of die vervaardiging of gebruik van plofstowwe.

**Ongelukke met betrekking tot die gebruik van alkohol of verdowingsmiddels**

7.4.3. Ons vergoed u nie vir dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering wat veroorsaak is deur die feit dat u onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels was nie.

7.4.4. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien 'n gekwalifiseerde Mediese Praktisyn die verdowingsmiddels aan u voorgeskryf het en u dit geneem het soos dit voorgeskryf is nie.

7.4.5. Indien u alkoholvlak hoër as die wettige limiet is neem ons aan dat u onder die invloed van alkohol was.

**Opsetlike wangedrag**

7.4.6. Ons vergoed u nie vir dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering wat veroorsaak is deur u opsetlike wangedrag, soos om 'n aanval uit te lok, enige wet te verbreek of om onrus te stook nie.

**Dood of liggaamlike besering wat u doelbewus veroorsaak**

7.4.7. Ons vergoed u nie vir dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering wat u doelbewus veroorsaak het deur selfmoord, poging tot selfmoord, doelbewuste selfbesering of blootstelling aan gevaar nie.

**Militêre of ander diens**

7.4.8. Ons vergoed u nie vir enige eis ingevolge hierdie afdeling as gevolg van u militêre, vloot-, polisie- of lugmagdiens in enige land nie.

**Deelname aan oproer, burgerlike onluste of daad van terrorisme**

7.4.9. Ons vergoed u nie indien u aan enige oproer, burgerlike onluste of daad van terrorisme deelneem nie.

## 7.5. Vergoeding

7.5.1. Tabel vir vergoedingsperke

| | Vergoedingsbedrag en voorwaardes |
|---|---|
| **Tipe A:** Dood | Die vergoedingsperk aangedui in die skedule. |
| **Tipe B:** Permanente ongeskiktheid (permanente verlies van of skade aan sintuie of ledemate) (opsioneel) | 'n Persentasie van die vergoedingsperk aangedui in die skedule volgens die persentasies aangedui in die tabelle hieronder. |
| **Tipe C:** Tydelike ongeskiktheid (onvermoë om te werk) (opsioneel) Dit is 'n ongeskiktheid wat: | Die vergoedingsbedrag aangedui in die skedule vir elke week van ongeskiktheid, tot en met 'n maksimum van 104 weke. |
| • u verhoed om voort te gaan met u beroep; en | Die ongeskiktheid moet voortduur vir meer as 7 opeenvolgende dae. |
| • tydelik is. Dit is nie 'n permanente ongeskiktheid | Ons stop die vergoeding sodra ons meen dat u medies geskik is of dat u na u gewone besigheid nie of beroep kan terugkeer. |

Tabel vir vergoedingsperke

| | Vergoedingsbedrag en voorwaardes |
|---|---|
| **Tipe D:** Verskillende mediese (opsioneel) | Tot en met die vergoedingsperk aangedui onkoste in die skedule. |
| Dit sluit in mediese, chirurgiese, tandheelkundige, hospitaal-, noodredding- en vervoerkoste asook kunsledemate en hulpmiddels | U kan slegs eis vir mediese onkoste indien die onkoste meer is as R500 en u dit nie kan verhaal van enige ander versekering nie, insluitende mediese fonds. |

**Vergoedingsreëls**

7.5.2. Indien ons die vergoedingsperk vir òf Dood (Tipe A) òf Permanente ongeskiktheid (Tipe B) gebruik, eindig hierdie afdeling van die polis onmiddellik en kan u nie verdere eise ingevolge hiervan instel nie. Ons vergoed u slegs vir òf Dood (Tipe A) òf Permanente ongeskiktheid (Tipe B) wat deur dieselfde ongeluk veroorsaak is.

7.5.3. Vir enige ongeskiktheid veroorsaak deur dieselfde ongeluk, vergoed ons u slegs vir òf Permanente ongeskiktheid òf Tydelike ongeskiktheid (onvermoë om te werk). U kan nie vergoeding vir albei ontvang nie. Indien ons u vergoed vir Tydelike ongeskiktheid, en u eis dan vir Permanente ongeskiktheid, sal ons die bedrag wat ons uitbetaal het vir Tydelike ongeskiktheid aftrek van die enkelbedragbetaling vir Permanente ongeskiktheid.

7.5.4. Vergoeding vir Tydelike ongeskiktheid (onvermoë om te werk) en verskillende mediese onskoste (Tipes C en D) eindig onmiddellik in een van die volgende gevalle:

7.5.4.1. indien daar 'n geldige eis vir Dood (Tipe A) is; of

7.5.4.2. indien daar 'n geldige eis is vir Permanente ongeskiktheid (Tipe B) solank die liggaamlike besering wat gelei het tot die ongeskiktheid, sover dit redelik moontlik is, herstel of genees het.

7.5.5. Ons vergoed u, u begunstigde of u boedel.

**Vergoedingsperke vir dood van 'n kind**

7.5.6. Die wet beperk vergoeding vir Dood (Tipe A) vir kinders. Vergoedingsperke word in die skedule aangedui.

**Vergoeding vir Permanente ongeskiktheid (Tipe B) Vergoedingsperk vir Permanente ongeskiktheid**

7.5.7. Ons vergoed u slegs tot en met die vergoedingsperk vir Permanente ongeskiktheid wat deur een ongeluk veroorsaak is. Die somtotaal wat ons betaal vir Permanente ongeskiktheid vir enige enkele ongeluk sal nie meer as 100% van die Permanente ongeskiktheidsmaksimum wees nie.

**Vergoedingstabelle vir Permanente ongeskiktheid**

7.5.8. In die tabelle hieronder beskryf ons Permanente ongeskiktheid waarvoor u vergoeding kan ontvang.

7.5.9. Indien die Permanente ongeskiktheid nie in enige van die tabelle hieronder verskyn nie, pas ons 'n persentasie van ongeskiktheid op u besering toe wat ooreenstem met die persentasies in die tabel.

**Brandwonde**

7.5.10. Ons vergoed u tot en met die vergoedingsperk aangedui in die skedule afhangende van die persentasie van u liggaamsoppervlakte wat weens brandwonde ontsier is.

7.5.11. Indien die persentasie ontsiering weens brandwonde beskryf in 7.5.10 minder is as 100% van die liggaamsoppervlakte pas ons 'n persentasie op die vergoeding toe wat verenigbaar is met die werklike ontsiering wat u gely het.

7.5.12. Ons bied nie vergoeding vir brandwonde indien minder as 10% van die liggaamsoppervlakte beskryf in 7.5.10 hierbo geraak word nie. Ons vergoed u slegs wanneer die permanente uitwerking van mediese of chirurgiese behandeling vasgestel is.

7.5.13. Permanente algehele verlies aan gebruik van 'n deel van die liggaam sal as verlies aan daardie deel beskou word.

**Vingers, duime en tone**

7.5.14. ‘n Falanks is ‘n been wat die vingers en tone vorm. Die meervoud daarvan is falankse.

| **Beskrywing van permanente ongeskiktheid** | | | **Persentasie van vergoedingsperk** |
|---|---|---|---|
| Verlies van: | | | |
| Vier vingers | | | 70% |
| Duim | – | Albei vingerbeentjies | 25% |
| | – | Een vingerbeentjie | 10% |
| Wysvinger | – | Drie vingerbeentjies | 10% |
| | – | Twee vingerbeentjies | 8% |
| | – | Een vingerbeentjie | 4% |
| Middelvinger | – | Drie vingerbeentjies | 6% |
| | – | Twee vingerbeentjies | 4% |
| | – | Een vingerbeentjie | 2% |
| Ringvinger | – | Drie vingerbeentjies | 5% |
| | – | Twee vingerbeentjies | 4% |
| | – | Een vingerbeentjie | 2% |
| Pinkie | – | Drie vingerbeentjies | 4% |
| | – | Twee vingerbeentjies | 3% |
| | – | Een vingerbeentjie | 2% |
| Middelhandbeen | – | Eerste of tweede (addisioneel) | 3% |
| | | Derde, vierde of vyfde (addisioneel) | 2% |
| Tone | – | Almal op een voet | 30% |
| | – | Groottoon, albei toonbeentjies | 5% |
| | – | Groottoon, een toonbeentjie | 2% |
| | – | ’n Toon behalwe die groottoon, indien meer as een toon verlore is | 1% vir elke toon wat verlore is |

**Ledemate**

7.5.15.

| **Beskrywing van permanente ongeskiktheid** | **Persentasie van vergoedingsperk** |
|---|---|
| Verlies deur fisiese skeiding by of bo die gewrig of enkel van een of meer ledemate, of permanente en volkome verlies van gebruik van ’n ledemaat | 100% |

**Verlamming of om bedlêend te wees**

7.5.16.

| Beskrywing van permanente ongeskiktheid | Persentasie van vergoedingsperk |
|---|---|
| Beserings wat lei tot algehele verlamming of permanente ongeskiktheid of om permanent bedlêend te wees | 100% |

**Sintuie (oë en sig, spraak, ore en gehoor)**

7.5.17.

| Beskrywing van permanente ongeskiktheid | Persentasie van vergoedingsperk |
|---|---|
| Algehele sig in een of albei oë | 100% |
| Sig van een oog, behalwe waarneming van lig | 75% |
| Spraak | 100% |
| Albei ore | 100% |
| Een oor | 25% |

## 7.6. Spesiale voorwaardes

**Dood of ongeskiktheid moet binne 24 maande van die ongeluk plaasvind**

7.6.1. U dood of ongeskiktheid moet binne 24 maande van die ongeluk wat die liggaamlike besering veroorsaak het, plaasvind.

7.6.2. Vir dood, sluit die 24-maande-tydperk nie die tyd in wat u aan die lewe gehou word deur lewensondersteuningstoerusting vir langer as drie opeenvolgende dae nie. Indien die lewensondersteuningstoerusting vir korter as drie opeenvolgende dae gebruik word, word die 24-maande-tydperk nie vertraag nie.

**U moet aan ons sekere inligting gee**

7.6.3. U moet ons onmiddellik in kennis stel indien:

7.6.3.1. u enige fisiese mediese toestand het wat u beïnvloed;

7.6.3.2. u u beroep na 'n gevaarliker beroep verander.

**U word slegs verseker tot en met u 80ste verjaardag**

7.6.4. U word nie verseker nadat u 80 jaar oud geword het nie.

**U moet behoorlike mediese behandeling ontvang**

7.6.5. Indien u enige fisiese besering het wat tot 'n eis kan lei, moet u binne 'n redelike tydperk mediese behandeling ontvang.

7.6.6. Ons vergoed u nie vir dood of ongeskiktheid wat plaasgevind het omdat u nie die mediese behandeling ontvang het wat u na ons mening moes ontvang het nie.

**U moet instem tot mediese ondersoeke**

7.6.7. In die geval van 'n eis, moet u instem om mediese ondersoeke te ondergaan so dikwels as wat ons u versoek. Ons is verantwoordelik vir die koste van

hierdie ondersoeke en enige redelike uitgawes wat daarmee verband hou.

7.6.8. Betalings vir Tydelike ongeskiktheid sal met tussenposes aan u gemaak word indien die Mediese Praktisyn wat u behandel aan ons ’n bevredigende mediese verslag gee ten tye van die Tydelike ongeskiktheid.

# 8. Alle Risiko's – versekering vir persoonlike besittings Afdeling

## 8.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander persone wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *Versekerde items* | beteken Algemene sowel as Gespesifiseerde items |
| Algemeen: | • u klerasie en persoonlike items wat 'n mens normaalweg sal aanhê of dra;<br>• u persoonlike sporttoerusting wat gewoonlik gedra of gebruik word deur 'n persoon wat aan sport deelneem;<br>• Huishoudelike Goedere insluitende kruideniersware, wat u na en van enige plek van aankoop, herstel of vernuwing vervoer. |
| Gespesifiseerd: | • items gelys in die skedule;<br>• geld, tjeks of soortgelyke dokumente indien in die skedule aangedui. |

## 8.2. Wie ons verseker

8.2.1. Ingevolge hierdie afdeling, verseker ons:

8.2.1.1. die polishouer;

8.2.1.2. lede van die polishouer se familie wat by hulle bly en in die skedule genoem word.

## 8.3. Wat ons verseker

8.3.1. Ons vergoed u indien 'n versekerde item toevallig verlore of beskadig raak.

**Items wat gespesifiseer moet word**

8.3.2. Ons vergoed u vir items wat in die skedule gespesifiseer is, soos:

8.3.2.1. mobiele kommunikasietoestelle soos selfone en toebehore;

8.3.2.2. motorradio's en klankstelsels;

8.3.2.3. fietse, branderplanke, vlieërplanke, roeiski's, kajakke, kano's, branderski's en seilplanke;

8.3.2.4. gereedskap;

8.3.2.5. seël- en muntversamelings;

8.3.2.6. geld en dokumente;

8.3.2.7. pelse;

8.3.2.8. rolstoele;

8.3.2.9. gewere;

8.3.2.10. 'n kunsledemaat/-ledemate en vervangings.

## 8.4. Wat ons nie verseker nie

**Items wat ons nie ingevolge hierdie afdeling verseker nie**

**Voertuie**

8.4.1. Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

8.4.1.1. motorvoertuie en toebehore (behalwe gespesifiseerde motorradio's en klankstelsels);

8.4.1.2. sleepwaens en woonwaens;

8.4.1.3. hangsweeftuie;

8.4.1.4. lugvaartuie en watervaartuie.

**Items elders verseker**

8.4.2. Ons vergoed u nie ingevolge Algemeen vir items wat elders gespesifiseer of verseker is nie.

**Rekenaars**

8.4.3. Ons vergoed u nie vir enige rekenaartoerusting of -toebehore nie. Dit sluit skootrekenaars, handrekenaars, notaboeke, iPads, tablette en lessenaarrekenaars in.

**Verlies of skade wat ons nie verseker nie**

**Slytasie, waardevermindering en agteruitgang**

8.4.4. Ons vergoed u nie vir geleidelikwerkende oorsake soos slytasie, roes, muf, wegvreting, bederf, waardevermindering en agteruitgang nie.

**Pare en stelle**

8.4.5. Ons vergoed u nie vir enige bykomende, spesiale waarde wat 'n item het omdat dit deel is van 'n paar of 'n stel nie. Ons vergoed u slegs vir die proporsionele waarde van die deel van die stel wat verloor of beskadig is.

**Elektroniese data**

8.4.6. Ons vergoed u nie vir die koste om klanke, data en beelde te reproduseer wat van bande, plate, films, magnetiese media of enige ander elektroniese media verloor is nie.

**Reiniging, kleuring, opknapping en herstelwerk**

8.4.7. Ons vergoed u nie vir skade veroorsaak deur reiniging, kleuring, opknapping of herstelwerk nie.

**Konfiskering en terughouding**

8.4.8. Ons vergoed u nie vir verlies of skade aan items wat deur enige regsproses gekonfiskeer of teruggehou word nie.

**Professionele en kommersiële gebruik**

8.4.9. Ons vergoed u nie vir verlies van of skade aan 'n item wat vir professionele of kommersiële doeleindes gebruik word nie. Voorbeelde van sulke items sluit die fotografiese toerusting in wat deur 'n professionele fotograaf gebruik word of die gereedskap wat deur 'n professionele nutsman gebruik word.

**Elektriese en meganiese onklaarraking**

8.4.10. Ons vergoed u nie vir elektroniese of elektriese en meganiese onklaarraking, brekasies of onderbreking nie.

**Die uitwerking van lig of klimatiese toestande**

8.4.11. Ons vergoed u nie vir verlies of skade veroorsaak deur die uitwerking van lig- of klimaatstoestande nie.

**Vervaardiger se koopooreenkoms, waarborg of dienskontrak**

8.4.12. Ons vergoed u nie vir verlies of skade of brekasie wat deur 'n vervaardiger se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak gedek word nie.

## 8.5. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

8.5.1. Ons kan een of meer van die volgende maniere kies om u te vergoed:

8.5.1.1. betaal die koste van die verlies of skade;

8.5.1.2. vervang dit wat verlore of beskadig is;

8.5.1.3. herstel dit wat beskadig is.

**Vergoedingsperk**

8.5.2. Vir Algemene items:

8.5.2.1. vir enige enkele item vergoed ons u slegs tot en met 25% van die totale vergoedingsperk vir die Algemene item; en

8.5.2.2. vir die hele eis, vergoed ons u tot en met die perk wat in die skedule aangedui is.

8.5.3. Vir Gespesifiseerde items:

8.5.3.1. Ons vergoed u tot die perk wat in die skedule vir gespesifiseerde items aangedui word.

**Vir persoonlike dokumente**

8.5.4. Ons vergoed u slegs vir die waarde van die materiaal en die arbeidskoste om persoonlike dokumente te vervang. Ons vergoed u nie vir gevolglike verlies nie. Gevolglike verlies is enige bykomende verlies of skade wat plaasvind as gevolg van die versekerde verlies of skade.

**Vir seëlversamelings**

8.5.5. Ons vergoed u vir 'n seëlversameling indien:

8.5.5.1. dit in die skedule gespesifiseer is;

8.5.5.2. een of meer volledige bladsye van die versameling verlore of beskadig is.

8.5.6. Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

8.5.6.1. meer as die perk wat in die skedule vermeld word vir die hele versameling;

8.5.6.2. meer as twee-derdes van die waarde vermeld in enige geldige, erkende katalogus, tot en met die perk wat in die skedule aangedui word vir enige enkele seël.

**Vir muntversamelings**

8.5.7. Ons vergoed u vir 'n muntversameling indien dit in die skedule gespesifiseer is.

8.5.8. Ons vergoed u nie vir:

8.5.8.1. huidige geldige munte nie;

8.5.8.2. meer as die perk wat in die skedule aangedui is vir enige enkele munt nie;

8.5.8.3. meer as die perk wat in die skedule aangedui is vir die hele versameling nie.

**CDs en DVD-versameling**

8.5.9. Ons vergoed u vir CDs en DVDs indien dit in die skedule gespesifiseer is.

8.5.10. Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

8.5.10.1. meer as die maksimum getal CDs en DVDs wat in die skedule aangedui word;

8.5.10.2. meer as die perk wat in die skedule vir enige CD of DVD vermeld word;

8.5.10.3. meer as die perk wat in die skedule vir die hele versameling vermeld word.

**Die inhoud van woonwaens en kampeersleepwaens**

8.5.11. Ons vergoed u vir die inhoud van woonwaens en kampeersleepwaens slegs as dit in die skedule gespesifiseer is.

**Wat verseker word**

8.5.11.1. Ons dek u versekerde item terwyl dit in die woonwa, kampeersleepwa of in 'n aangehegte tent is.

**Wat ons nie verseker nie**

8.5.11.2. Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

8.5.11.2.a. diefstal van 'n versekerde item terwyl die woonwa en aangehegte tent onbewoon is, tensy daar sigbare tekens van geforseerde toegang is;

8.5.11.2.b. diefstal van 'n versekerde item uit die kampeersleepwa en aangehegte tent, tensy daar sigbare tekens van geforseerde toegang is;

8.5.11.2.c. permanente toebehore van die woonwa of kampeersleepwa. Permanente toebehore is items wat deur die vervaardiger van die woonwa of kampeersleepwa aangebring is;

8.5.11.2.d. verlies of skade veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid van 'n persoon wat die woonwa geleen of gehuur het;

8.5.11.2.e. seël- of muntversamelings, pelse, juweliersware, horlosies of enige item wat meer spesifiek verseker is.

8.5.11.3. Die bepalings en voorwaardes wat verskyn onder "Wat ons nie verseker nie" in hierdie afdeling is ook van toepassing op die inhoud van woonwaens, kampeersleepwaens en aangehegte tente.

**Vergoedingsperk**

8.5.11.4. Die vergoeding is beperk tot en met die perk aangedui in die skedule ten tye van die Versekerde gebeurtenis. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of vir 'n reeks voorvalle wat die gevolg is van een gebeurtenis.

**Vir items in sluitkassies in 'n bankklus of erkende privaat kluis**

8.5.12. Ons vergoed u vir gespesifiseerde items wat in die skedule vermeld word as items wat in 'n sluitkassie in 'n bankklus of 'n erkende privaat kluis gehou word. Ons vergoed u slegs vir daardie item indien dit ten tyde van die verlies of skade in 'n sluitkassie in die bankkluis of 'n privaat kluis gehou is.

8.5.13. Indien u die item uit die sluitkassie in die bankkluis of die privaat kluis verwyder, moet u ons in kennis stel en die item as 'n gewone gespesifiseerde item verseker.

**Vir items wat uit motorvoertuie gesteel word**

8.5.14. Ons vergoed u slegs vir items wat uit 'n onbewaakte motor gesteel word indien daar sigbare tekens van geforseerde toegang tot die voertuig is.

**Afstand-belemmering of -blokkering**

8.5.15. Ons vergoed u vir items wat uit 'n onbewaakte voertuig gesteel word slegs as daar geen sigbare tekens van kragdadige toegang tot die voertuig is nie.

8.5.16. Ons vergoed u slegs op die volgende grondslag:

8.5.16.1. items wat in die kategorie Algemene Items gedek word, word nie ingesluit nie;

8.5.16.2. items moet in die skedule gespesifiseer wees;

8.5.16.3. die maksimum vergoeding is die perk wat in die skedule aangedui word per item;

8.5.16.4. die maksimum vergoeding is die perk wat in die skedule aangedui word vir enige enkele gebeurtenis;

8.5.16.5. in die skedule is 'n bybetaling aangedui. Dit is die bedrag wat u aan ons moet betaal voordat ons u sal vergoed.

**Maak seker dat u nie onderverseker is nie**

8.5.17. Dit is u plig om u items vir die vervangingswaarde te verseker.

**Bybetaling**

8.5.18. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir elke item wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

## 8.6. Spesiale voorwaardes

**U moet bewys van eienaarskap lewer**

8.6.1. U moet aan ons aanvaarbare bewys lewer dat u 'n item besit het, of aanvaarbare bewys van sy waarde, indien ons daarvoor vra.

**U moet bewys van waardasie van juweliersware en horlosies lewer**

8.6.2. U moet aan ons 'n professionele waardasiesertifikaat vir alle versekerde juweliersware en horlosies lewer. Hierdie waardasie moes voor die verlies gedoen gewees het. Indien u nie hierdie sertifikaat het nie, word u eis beperk tot die perk wat in die skedule aangedui word.

# 9. Motor Afdeling

## 9.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander gereelde bestuurders wat in die skedule genoem word. |
| *Voertuig* | beteken die versekede voertuig wat in die skedule genoem is of die vervangingsvoertuig, soos toepaslik. Dit sluit die fabriektoegeruste bybehore en onderdele wanneer hulle in of op |
| *Vervangingsvoertuig* | beteken enige voertuig in kategorieë A tot C hieronder (tipes voertuie wat ons verseker). Dit sluit voertuie in wat u huur, bruikhuur of tydelik gebruik as 'n vervanging vir die versekerde voertuig terwyl die versekerde voertuig in is vir 'n diens of meganiese of elektriese herstelwerk deur die motorbedryf. |
| *Kode 3 of opgeboude voertuie* | opgeboude beteken 'n nuwe of tweedehandse voertuig wat permanent ongeskik vir<br>• In 'n ongeluk betrokke en ongeskik vir gebruik as 'n motorvoertuig verklaar;<br>• 'n motorvoertuig wat "opgebou is of permanent ongeskik is vir gebruik", wanneer die omvang van die skade strukturele defekte insluit wat intensiewe herstelwerk verg;<br>• gesteelde voertuie. |
| *SAPVIN-nommer* | beteken die Suid-Afrikaanse Polisie se Voertuig-identifikasienommer. Dit is 'n unieke nommer wat deur die SAPD-voertuigsirkulasiestelsel geskep word. 'n SAPVIN word uitgereik wanneer 'n voertuig nie 'n VIN of 'n enjinnommer het nie, indien 'n VIN of enjinnommer gedupliseer is, of wanneer 'n VIN of enjinnommer gewysig, geskend of uitgewis is. |

## 9.2. Wie ons verseker

9.2.1. Die volgende persone is verseker:

9.2.1.1. die polishouer;

9.2.1.2. die gereelde bestuurders wat in die skedule genoem word;

9.2.1.3. en persone wat u motor met u toestemming bestuur.

## 9.3. Wat ons verseker

9.3.1. Ons verseker die voertuig genoem in die skedule of enige vervangingsvoertuig.

9.3.2. Die maksimum vergoeding wat ons vir 'n vervangingsvoertuig gee, is nie meer as die kleinhandels- of ooreengekome waarde van die versekerde voertuig soos aangedui in die skedule nie.

Tipe voertuie wat ons verseker:

| Kategorie | Tipe | Beskrywing |
|---|---|---|
| A | Motors | privaatmotorvoertuie |
| B | Ligte afleweringsvoertuie (LAV's) | met bruto voertuiggewig van 3 500 kg of minder |
| C | 4x4- en 4x2-voertuie | 'n 4x4-of 4x2-voertuig van nie meer nie as 3 500 kg bruto voertuiggewig |
| D | Motorfietse en verwante voertuie | Motorfietse (standaard twee- en driewielpadmotor- fietse) bromponies (met of sonder 'n syspanwa) drie- en vierwiel-aangedrewe gemotoriseerde voertuie (vierwielers, veldmotorfietse, alle-terrein-voertuie) |
| E | Woonwaens en sleepwaens | 'n woonwa of sleepwa, insluitende sy vaste bybehore. Die woonwa of sleepwa moenie self-aangedrewe wees nie |
| F | Gholfkarre | 'n gemotoriseerde of battery-aangedrewe motor wat ontwerp is vir vervoer op 'n gholfbaan |
| G | Trekkers gebruik vir ontspannings-doeleindes | 'n self-aangedrewe trekker of grassnyer wat gebruik word vir huishoudelike of ontspannings-doeleindes (byvoorbeeld om gras te sny by u Privaathuis, of vir die tewaterlating van 'n watervaartuig) |

## 9.4. Tipe voertuiggebruike

9.4.1. Wanneer u die voertuig verseker, kies u die gebruiksbeskrywing vir die voertuig. U kan die voertuig slegs gebruik vir die doel in die beskrywing wat u gekies het en soos aangedui in die skedule. **Indien u die voertuig vir ander doeleindes gebruik, sal ons geen eise aanvaar nie. Indien u die doel van gebruik van die voertuig verander, moet u ons onmiddellik daarvan in kennis stel.**

Die twee beskrywings en hul doeleindes is:

| Beskrywing | Doeleindes |
|---|---|
| 1. Huishoudelik | Sosiale en private reis, reis na en vanaf werk. Dit sluit besig- heidsreise af en toe in, maar slegs in buitengewone omstan- dighede. Indien u u voertuig meer as **een** keer per week vir besigheid, handel of u beroep gebruik, sal dit nie ingevolge die Huishoudelike gebruiksklas gedek word nie. |
| 2. Sake-reise | Besigheids- en professionele reise, sosiale, private, ontspan- ningsreise en reise na en vanaf werk. |

9.4.2. Ons verseker nie die volgende soorte gebruik nie:

9.4.2.1. kommersiële reise (byvoorbeeld koeriers);

9.4.2.2. die vervoer van betalende passasiers;

9.4.2.3. die oplaai van passasiers vir wins (byvoorbeeld 'n voertuigdeelooreenkoms);

9.4.2.4. die vervoer van goedere vir handel;

9.4.2.5. die aanbieding van bestuurslesse vir beloning;

9.4.2.6. die uithuur van die voertuig vir beloning;

9.4.2.7. enige jaagwedren of spoedwedren, tydren of rytoets, insluitende gebruik op 4x4-bane en toetsbane; gymkhanas of enige geleentheid wat plaasvind op ’n renbaan goedgekeur deur of onder die vaandel van ’n motorklub; en

9.4.2.8. enige doel wat met die motorbedryf verband hou, behalwe wanneer die voertuig in die sorg van die motorbedryf vir onderhoud of meganiese of elektriese herstel is.

9.4.3. Voertuigdeling is slegs van toepassing op kategorie A, B en C.

9.4.3.1. Aanvaarding van betaling vir die oplaai van passasiers as deel van ’n voertuigdelingsooreenkoms vir sosiale geleenthede of pendel, word nie onder die tipe voertuiggebruik uitgesluit nie indien albei die volgende voorwaardes nagekom is:

9.4.3.1.a. die passasiers word nie vervoer in die loop van ’n passasier- vervoerbesigheid nie; en

9.4.3.1.b. wins word nie gemaak op totale betaling nie.

## 9.5. Tipe voertuigwaardes

9.5.1. Daar is twee tipes voertuigwaardes: Redelike Kleinhandelswaarde en Ooreengekome Waarde. Die tipe voertuigwaardes is slegs van toepassing op kategorie A-, B- en C-voertuie. Kyk in u skedule vir die waardetipe wat van toepassing is op elke voertuig wat u verseker.

**Tipe 1: Redelike kleinhandelswaarde**

9.5.2. Die Redelike Kleinhandelswaarde is die prys waarteen ’n motorhandelaar ’n voertuig met sy fabriekstoegeruste bybehore verkoop. Die waarde is gebaseer op die kleinhandelswaarde vir die voertuig wat aangedui word in ’n erkende en huidige motorhandelpublikasie. Die voertuig se ouderdom, toestand en odometerlesings kan die waarde beïnvloed. Ons sal u premie outomaties aanpas, gebaseer op die jongste kleinhandelswaarde. Ons doen dit op die verjaardatum van die polis.

9.5.3. U moet die volgende items afsonderlik verseker:

9.5.3.1. nie-fabriekstoegeruste bybehore;

9.5.3.2. krediettekort (enige bedrae verskuldig op die voertuig).

9.5.4. U kan die bedrae waarvoor die nie-fabriekstoegeruste toebehore verseker is enige tyd verander. Indien u dit doen, kan die veranderinge nie van toepassing wees voor die datum waarop u die veranderinge aangevra het nie. U moet seker maak dat die waarde van die addisionele toebehore akkuraat en op datum is.

**Tipe 2: Ooreengekome waarde**

9.5.5. Die Ooreengekome Waarde word gebruik vir ’n spesiale klas voertuie, byvoorbeeld ingevoerde sportmotors of veteraanmotors.

9.5.6. Die Ooreengekome Waarde is die waarde waarvoor u die voertuig wil verseker, insluitende die fabriekstoegeruste toebehore daarvan. Die Ooreengekome Waarde word in die skedule aangedui. U moet aan ons bewys van waarde vir die voertuig van drie erkende motorvoertuighandelaars lewer. Indien die toestand van die voertuig agteruitgaan na die waardasie van die Ooreengekome Waarde maar voor ’n eis, kan die vergoedingsbedrag laer wees indien daar ’n eis ingestel word.

9.5.7. Op elke verjaardatum van die polis, moet u aan ons ’n nuwe bewys van waarde vir die volgende 12 maande van versekering gee.

9.5.8. Indien ons nie ’n nuwe bewys van waarde teen die verjaardatum ontvang nie en die polis word hernu, sal die Ooreengekome waarde nie verander nie.

**Motorfietse en verwante voertuie, woonwaens en sleepwaens, gholfkarre en ontspanningstrekkers**

9.5.9. Die maksimum vergoeding wat ons sal betaal is die vergoedingsperk aangedui in die skedule of die Redelike Kleinhandelswaarde van die voertuig ten tye van die verlies, wat ook al die laagste is.

## 9.6. Tipe versekerings

9.6.1. Daar is drie tipe versekerings ingevolge hierdie afdeling:

9.6.1.1. Omvattend;

9.6.1.2. Derde Party, Brand en Diefstal;

9.6.1.3. Slegs Derde Party.

9.6.2. Die tipe versekering wat u vir elke voertuig kies, word in die skedule aangedui.

**Wat ons verseker ingevolge elke tipe versekering**

| **Omvattend** | **Derde Party, Brand en Diefstal (is nie van toepassing op woonwaens en sleepwaens, gholfkarre, ontspannings- trekkers, drie- en vierwiel-aangedrewe voertuie nie)** | **Slegs Derde Party (is nie van toepassing op woonwaens en sleepwaens, gholfkarre, ontspannings- trekkers, drie- en vierwiel-aangedrewe voertuie nie)** |
|---|---|---|
| Verlies of skade aan die voertuig | Verlies of skade aan die voertuig slegs weens sekere Versekerde gebeurtenisse | |
| Koste om die voertuig te beskerm | Koste om die voertuigte beskerm | |
| Koste vir noodherstelwerk | Koste vir noodherstelwerk | |
| Sleep- en bergingskoste | Sleep- en bergingskoste | |
| Aflewering na herstelwerk | Aflewering na herstelwerk | |
| Mediese onkoste | | |
| Ruitglas | | |
| Krediettekort (opsioneel) | | |
| Noodonkoste vir akkommodasie | | |
| Ontvallingsonkoste | | |
| Slotte, sleutels en afstandbeheerde eenhede | | |
| Opsporingstoestel | | |
| Traumaberading na 'n gewelddadige optrede | Traumaberading na 'n gewelddadige optrede | |
| Meganiese n elektriese onklaarraking | | |
| Spesiale aanpassings aan u voertuig | Spesiale aanpassings aan u voertuig | |

| Omvattend | Derde Party, Brand en Diefstal (is nie van toepassing op woonwaens en sleepwaens, gholfkarre, ontspannings- trekkers, drie- en vierwiel-aangedrewe voertuie nie) | Slegs Derde Party (is nie van toepassing op woonwaens en sleepwaens, gholfkarre, ontspannings- trekkers, drie- en vierwiel-aangedrewe voertuie nie) |
|---|---|---|
| Motorhuur (opsioneel) | Motorhuur (opsioneel) | |
| 4x2 en 4x4 Dekking (opsioneel) | | |
| Addisionele dekking vir slotte, sleutels en afstandbeheertoestelle (opsioneel) | | |
| Dekking vir voertuie wat gebruik word in 'n buurland vir meer as 3 dae 'n week (opsioneel) | Dekking vir voertuie wat gebruik word in 'n buurland vir meer as 3 dae 'n week (opsioneel) | |
| Aanspreeklikheid | Aanspreeklikheid | Aanspreeklikheid |

## 9.7. Omvattende motorversekering

**Wat ons verseker**

9.7.1. Indien u omvattende versekering kies, vergoed ons u vir:

9.7.1.1. verlies of skade aan die voertuig;

9.7.1.2. aanspreeklikheid.

9.7.2. Indien u ’n geldige eis vir verlies of skade ingevolge hierdie afdeling het, vergoed ons u ook vir die volgende:

**Koste om die voertuig te beskerm**

9.7.3. Indien die versekerde verlies of skade plaasvind, betaal ons redelike koste vir die beskerming van die voertuig, tot en met die perk aangedui in die skedule.

**Koste vir noodherstelwerk**

9.7.4. U kan noodherstelwerk aan die voertuig laat doen tot en met die perk aangedui in die skedule, sonder ons toestemming. U moet onmiddellik aan ons ‘n gedetailleerde faktuur van die hersteller gee.

**Insleep- en bergingkoste van die voertuig**

9.7.5. U moet ons diensverskaffer gebruik om die voertuig in te sleep en te stoor na ’n ongeluk. Indien u nie ons goedgekeurde diensverskaffer gebruik nie, sal die vergoeding vir insleping en berging beperk wees tot die bedrag wat in die skedule aangedui is.

9.7.6. **Na verlies of skade:** betaal ons die insleep- en bergingkoste. U moet ons **24-uur-oproepsentrum by 0860 247 365** kontak om met een van ons goedgekeurde diensverskaffers te reël vir insleping en berging.

**Aflewering na herstelwerk**

9.7.7. Nadat u voertuig in Suid-Afrika herstel is na afloop van 'n geldige eis, betaal ons die redelike koste om die voertuig by u huis in Suid-Afrika af te lewer.

**Mediese onkoste**

9.7.8. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos uiteengesit in 'Soort voertuie wat ons verseker'.

9.7.9. Indien die bestuurder of 'n passasier van die voertuig fisies beseer is as gevolg van verlies of skade aan die voertuig, betaal ons die mediese onkoste wat u aangaan. Die maksimum wat ons vir elke persoon wat beseer is, betaal, word in die skedule aangedui. Ons gee slegs vergoeding indien die beseerde persoon geen ander versekering vir mediese onkoste het nie, byvoorbeeld mediese fonds.

**Ruitglas**

9.7.10. Indien u ruit beskadig word, vergoed ons u vir die vervanging of herstel van die ruitglas van die voertuig slegs as die volgende nagekom word:

9.7.10.1. om vergoed te word, moet u ons diensverskaffer vir die vervanging of herstel van die ruitglas gebruik;

9.7.10.2. u moet ons diensverskaffer by **0860 225 563** skakel om 'n afspraak te maak vir die installering of herstel van die ruitglas;

9.7.10.3. in die skedule is daar 'n bybetaling. Dit is die bedrag wat u aan ons moet betaal voordat ons u sal vergoed.

9.7.11. Sondakke en ander glas wat deel van die motor se bakwerk uitmaak, is nie ruitglas nie.

**Krediettekort (opsioneel)**

Hierdie versekering is opsioneel soos aangedui in die skedule. Kyk asseblief na die skedule om te sien of u vir krediettekort verseker is.

9.7.12. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B, C en D, soos uiteengesit in 'Soort voertuie wat ons verseker'.

**Wat ons verseker onder krediettekort**

9.7.13. Ons vergoed u vir enige krediettekort wat u vir die voertuig het. Die krediettekort is die verskil tussen:

9.7.13.1. die totale bedrag wat u aan 'n geregistreerde kredietverskaffer (ingevolge die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005) verskuldig is op die datum van die verlies of skade; en

9.7.13.2. die Redelike Kleinhandel- of Ooreengekome Waarde van die voertuig, wat ook al van toepassing is.

9.7.14. Ons gee vergoeding vir krediettekort indien die voertuig:

9.7.14.1. of gesteel of gekaap word en nie fisies aan u of ons terugbesorg word nie; of

9.7.14.2. afgeskryf word. Dit is wanneer die voertuig beskadig is en dit na ons mening nie ekonomies is om die voertuig te herstel nie.

**Voorbeeld van krediettekort:**

U koop 'n motor vir R160 000. U kry voertuigfinansiering by 'n geregistreerde kredietverskaffer om die motor in paaiemente af te betaal. Tydens die terugbetalingstydperk van die voertuiglening word die voertuig afgeskryf en u skuld die kredietverskaffer R150 000, maar u Voertuigkleinhandelswaarde is R145 000.

Die versekeringsmaatskappy sal die kredietverskaffer R145 000 minus u Bybetaling betaal. Indien u Krediettekortdekking het, word die uitstaande bedrag van R5 000 aan die kredietverskaffer betaal. Indien u nie Krediettekortdekking het nie, sal u die krediettekort van R5 000 plus die Bybetaling self moet betaal. Met Krediettekortdekking is u slegs vir die Bybetaling verantwoordelik

**Wat u vir ons moet gee wanneer u vir krediettekort eis**

9.7.15. U moet binne 30 dae van die verlies of skade albei die volgende dokumente vir ons gee:

9.7.15.1. 'n afskrif van die kredietooreenkoms;

9.7.15.2. 'n afskrif van die 'n staat van u rekening wat die vereffeningsaldo wat uitstaande is op die datum van verlies of skade aandui.

**Wat ons nie ingevolge krediettekort verseker nie**

9.7.16. Ons sluit nie enige van die volgende bedrae by die vergoeding in nie:

9.7.16.1. betalings of rente wat voor die datum van verlies of skade uitstaande was;

9.7.16.2. vroeë vereffening-boetes;

9.7.16.3. enige ooreenkoms waarvolgens die bedrag van enige enkele paaiement, meer as 10% van enige ander paaiement verskil;

9.7.16.4. enige ander bedrae wat aan u terugbetaal kan word (bv. Bykomende betalings wat u gemaak het om u krediet die verminder);

9.7.16.5. enige regskoste wat deur u aan die finansieringsmaatskappy verskuldig is.

**Noodonkoste vir akkommodasie**

9.7.17. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos uiteengesit in 'Soort voertuie wat ons verseker'.

9.7.18. Ons vergoed u vir die akkommodasiekoste wat u en een passasier aangegaan het weens verlies of skade aan die voertuig. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule per persoon per dag vir 'n maksimum van 2 dae.

9.7.19. U kan slegs vir hierdie versekering eis indien die verlies of skade verder as 250 km van die Privaathuis aangedui in die skedule plaasgevind het.

**Ontvallingsonkoste**

9.7.20. U kan slegs vir Ontvallingsonkoste eis indien ons 'n eis vir verlies of skade ingevolge hierdie afdeling aanvaar het. Ons vergoed u boedel indien u binne 3 maande van daardie insident sterf as gevolg van die insident wat aanleiding gegee het tot die eis. Ons gee vergoeding tot en met die perk wat in die skedule aangedui is vir enige enkele eis.

**Slotte, sleutels en afstandbeheertoestelle**

9.7.21. Ons vergoed u vir verlies of skade aan die voertuig se slotte, sleutels en afstandbeheertoestelle. Ons vergoed tot en met die perk wat in die skedule verskyn vir enige enkele eis.

**Opsporingstelsel**

9.7.22. Indien u 'n opsporingstelsel in u voertuig het en die voertuig word onherstelbaar beskadig, of is onopspoorbaar na die diefstal, gee ons u vergoeding vir die koste om 'n opsporingstelsel in u nuwe voertuig te installeer. U kontrak met die opsporingsmaatskappy moet geldig wees en die betalings moet op datum wees ten tye van die verlies of skade. Ons moet die installasie goedkeur voordat u daarmee voortgaan.

9.7.23. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule verskyn.

**Traumaberading na 'n gewelddadige daad**

9.7.24. Ons vergoed u vir professionele berading waarvoor u betaal het nadat u 'n slagoffer was van 'n gewelddadige daad van diefstal, poging tot diefstal, roofaanval of kaping van die voertuig. 'n Geregistreerde professionele berader moet die berading gee.

9.7.25. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule verskyn vir enige enkele eis.

**Meganiese en Elektriese onklaarraking van die voertuig**

9.7.26. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos uiteengesit in 'Soort voertuie wat ons verseker'.

9.7.27. Indien daar 'n meganiese of elektriese onklaarraking van die voertuig is, vergoed ons u tot en met die perk aangedui in die skedule vir koste wat u moes aangaan om die voertuig te beskerm en na 'n hersteller te vervoer. Ons vergoed u vir 'n onklaarraking slegs een keer in elke 12-maande-tydperk. Ons gee slegs vergoeding indien u nie enige ander onklaarrakingversekering het nie.

**Spesiale aanpassings aan u voertuig**

9.7.28. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos uiteengesit in "Tipes voertuie wat ons verseker".

9.7.29. Ons sal u vergoed vir die noodsaaklike en redelike koste van spesiale aanpassings van enigeen van die voertuie soos aangedui in die skedule.

9.7.30. Hierdie spesiale veranderinge is as gevolg van 'n ongeluk wat liggaamlike besering veroorsaak en meebring dat u permanent gestrem is.

9.7.31. U moet ons skriftelike toestemming hê voordat u hierdie koste kan aangaan.

9.7.32. Die maksimum vergoedingsperk word in die skedule aangedui.

**Motorhuur (Opsioneel)**

9.7.33. Hierdie versekering is opsioneel soos aangedui in die skedule. Kyk asseblief na u skedule om te sien of u vir motorhuur verseker is.

9.7.34. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos uiteengesit in 'Soort voertuie wat ons verseker'.

**Wanneer en hoe ons u vir motorhuur vergoed**

9.7.35. Indien u 'n geldige eis het, ons vergoed u vir die huur van 'n motor na verlies of skade aan die voertuig onder enige van die volgende omstandighede:

9.7.35.1. indien die voertuig nie bestuur kan word nie;

9.7.35.2. indien die voertuig herstel word;

9.7.35.3. indien die voertuig gesteel is en nie teruggevind is nie.

9.7.36. Ons gee vergoeding vir:

9.7.36.1. die werklike motorhuurkoste vir 'n onbeperkte reisafstand, wat lopende koste (brandstof en olie) uitsluit;

9.7.36.2. afleweringskoste van die huurmotor.

**Voorwaardes vir motorhuur**

9.7.37. Ons reël die motorhuur namens u. Ons huur slegs motors van huurmaatskappye wat ons in Suid-Afrika goedkeur.

9.7.38. Ons vergoed u slegs indien u die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van die huurmaatskappy aanvaar.

9.7.39. Die huurtydperk begin vanaf enige van hierdie datums:

9.7.39.1. die datum waarop die voertuig nie bestuur kon word nie;

9.7.39.2. die datum waarop die voertuig aan die motorbedryf vir herstelwerk oorhandig is;

9.7.39.3. die datum waarop die diefstal van die voertuig aan ons gerapporteer is.

9.7.40. Die huurtydperk eindig op die vroegste van die volgende:

9.7.40.1. die dag waarop u voertuig volledig herstel is;

9.7.40.2. die dag waarop ons u vergoed vir die algehele verlies van u voertuig;

9.7.40.3. die laaste dag van die aantal dae wat in die skedule verskyn.

**4x2 en 4x4 Dekking (Opsioneel)**

**Wat ons verseker**

9.7.41. Benewens "Wat ons verseker" **(verwys na 9.7 – Omvattende motorversekering)**, vergoed ons u vir verlies of skade soos aangedui in hierdie opsie. Kyk na u skedule om seker te maak van die versekerings tipe.

9.7.42. Indien die vergoeding vir verlies of skade vir dieselfde dekking gedupliseer word in "Wat ons verseker", **(verwys na 9.7 – Omvattende motorversekering)**, sal dit vervang word deur die vergoeding vir verlies of skade soos aangedui in hierdie opsie, waar van toepassing. Perke wat deur hierdie opsie opgelê word, vervang die perke in "Wat ons verseker" **(verwys na 9.7 – Omvattende motorversekering), waar van toepassing**.

9.7.43. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos aangedui by 9.3 – "**Tipes voertuie wat ons verseker**" wat Omvattende tipe versekering het.

**Tipes gebruike van voertuie**

9.7.44. Ons verseker nie die volgende tipes gebruike nie:

9.7.44.1. kommersiële reis (byvoorbeeld koeriers);

9.7.44.2. vervoer van betalende passasiers;

9.7.44.3. geleenthede vir passasiers teen betaling (byvoorbeeld 'n voertuigdelingsooreenkoms);

9.7.44.4. vervoer van goedere vir handel;

9.7.44.5. gee van rylesse teen vergoeding;

9.7.44.6. verhuring van voertuig teen vergoeding;

9.7.44.7. enige wedrenne of spoedrenne of geleenthede wat op 'n renbaan gehou word onder beskerming van 'n motorrenklub;

9.7.44.8. enige doel verwant aan die motorbedryf, behalwe wanneer die voertuig vir onderhoud of meganiese of elektriese herstelwerk in die motorbedryf se sorg is.

**Die lande waar u verseker is**

9.7.45. Die lande waar u verseker is, is Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Malawi, Namibië, Swaziland, Zimbabwe, Zambië, Tanzanië, Kenia en Angola (die Cabinda-gebied uitgesluit).

**U moet die koste betaal om die voertuig na Suid-Afrika terug te bring**

9.7.46. Indien verlies van of skade aan die voertuig in Zambië, Tanzanië, Kenia en Angola voorkom, is u verantwoordelik vir al die koste wat u aangaan om die voertuig na Suid-Afrika terug te bring.

9.7.47. Ons sal eers 'n eis vir verlies van of skade aan die voertuig oorweeg nadat die voertuig na Suid-Afrika teruggebring is.

9.7.48. Indien dit onekonomies is om die voertuig te herstel en die voertuig nie vanaf die gemelde gebiede teruggebring word nie:

9.7.48.1. is u verantwoordelik om te bewys dat dit onekonomies is om die voertuig te herstel, voordat die maatskappy die eis sal aanvaar;

9.7.48.2. sal die waarde van die wrak bepaal word teen 20% van die Redelike Kleinhandelswaarde of Ooreengekome Waarde soos aangedui in die skedule. Hierdie bedrag sal van die eis afgetrek word.

**Koste van noodherstelwerk (verwys na 9.7.4 van die Versekerde gebeurtenisse)**

9.7.49. Indien u 'n geldige eis het, kan u noodherstelwerk magtig om die voertuig te laat herstel tot die perk wat in die skedule aangedui is. U moet so gou as redelikerwys moontlik 'n volledige faktuur en fotografiese bewyse van die hersteller aan ons verskaf.

**Meganiese en elektriese onklaarraking van die voertuig (verwys na 9.7.27 van die Versekerde gebeurtenisse)**

9.7.50. In die geval van meganiese of elektriese onklaarraking van die voertuig, vergoed ons u tot die perk wat in die skedule aangedui is vir koste wat u noodwendig aangaan om die voertuig te beskerm en na 'n hersteller te vervoer.

9.7.51. Ons vergoed u slegs een keer in elke 12-maandetydperk vir 'n onklaarraking.

**Meganiese en Elektriese Onklaarraking van Hystoerusting**

9.7.52. Ons sal u vergoed vir skielike meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie van die hystoerusting van die voertuig.

9.7.53. Ons verseker nie die volgende weiering of brekasie nie:

9.7.53.1. geassosieer met defektiewe ontwerp, defektiewe onderdele, defektiewe herstel of werking van die hystoerusting;

9.7.53.2. as gevolg van slytasie of geleidelike agteruitgang van die toerusting se slytende onderdele of kabel of koppeltoestelle.

9.7.54. Ons vergoed u tot die perk wat in die skedule aangedui is.

9.7.55. Daar is 'n bybetaling in die skedule. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

**Kop-, agter- of kolligte**

9.7.56. Ons vergoed u vir die vervangingskoste van enige kop-, agter- of gemonteerde kolligte wat per ongeluk beskadig word, selfs al is daar geen ander skade aan die voertuig nie.

9.7.57. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir kop-, agter- of kolligte. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

**Bluskoste**

9.7.58. Ons sal u vergoed vir die brandbluskoste of bestryding van 'n brand indien die brand 'n gevaar vir u voertuig ingehou het en u regtens aanspreeklik is om hierdie koste te betaal.

9.7.59. Vergoeding word beperk tot die bedrag wat in die skedule aangedui word vir enige enkele eis.

**Dokumente**

9.7.60. Ons sal u vergoed vir:

9.7.60.1. verlore of beskadigde identiteitsdokumente, paspoorte, visums en inentingsertifikate;

9.7.60.2. verlore of beskadigde gedrukte kaarte of permitte wat die voertuig tot of uit lande toelaat.

9.7.61. Vergoeding word beperk tot die bedrag wat in die skedule aangedui is vir enige enkele eis.

**Verwydering van wrakstukke**

9.7.62. Indien u 'n geldige eis het, sal ons u vergoed vir die koste om puin of wrakstukke van 'n Versekerde voertuig na 'n Versekerde gebeurtenis te verwyder.

9.7.63. Ons vergoed u tot die perk wat in die skedule aangedui is vir enige enkele eis.

**Motorhuur**

9.7.64. Indien u 'n geldige eis het, vergoed ons u vir die werklike huurkoste tot die perk wat in die skedule aangedui is vir die huur van 'n voertuig, insluitend die afleweringskoste vir 'n voertuig van 'n motorverhuringsmaatskappy, na verlies van of skade aan die voertuig in enige van die volgende omstandighede:

9.7.64.1. indien die voertuig nie bestuur kan word nie;

9.7.64.2. indien die voertuig herstel word;

9.7.64.3. indien die voertuig gesteel is en nie teruggevind kan word nie.

9.7.65. Ons vergoed u slegs as u die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van die verhuringsmaatskappy aanvaar.

9.7.66. Die huurtydperk begin vanaf een van hierdie datums:

9.7.66.1. die datum waarop die voertuig nie bestuur kon word nie;

9.7.66.2. die datum waarop die voertuig aan die motorbedryf oorhandig is vir herstelwerk; of

9.7.66.3. die datum waarop die diefstal van die voertuig by ons aangemeld is.

9.7.67. Die huurtydperk eindig op die vroegste van:

9.7.67.1. die dag waarop die herstelwerk aan u voertuig afgehandel is;

9.7.67.2. die dag waarop ons u vir die totale verlies van u voertuig vergoed; of

9.7.67.3. na maksimum 30 dae.

**Addisionele dekking vir slotte, sleutels en afstandbeheertoestelle (Opsioneel)**

9.7.68. Ons vergoed u vir addisionele verlies of skade aan die voertuig se slotte, sleutels en afstandbeheertoestelle. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule aangedui word vir enige enkele eis.

**Voertuie wat in 'n buurland gebruik word vir meer as 3 dae per week (Opsioneel)**

9.7.69. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos aangedui by 9.3. – **Tipes voertuie wat ons verseker.**

9.7.70. Die lande waar u verseker is, is Botswana, Lesotho, Mosambiek, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe.

9.7.71. Ons vergoed u vir verlies van of skade aan die voertuig slegs as die voertuig na Suid-Afrika teruggebring is.

9.7.72. Indien dit onekonomies is om die voertuig te herstel en die voertuig nie na Suid- Afrika teruggebring is nie:

9.7.72.1. is u verantwoordelik om bewys te lewer dat dit onekonomies is om die voertuig te herstel, voordat die maatskappy die eis sal aanvaar;

9.7.72.2. sal die waarde van die wrak bepaal word teen 20% van die Redelike Klein-handelswaarde of Ooreengekome Waarde soos in die skedule aangedui. Hierdie bedrag sal van die eis afgetrek word.

**Aanspreeklikheid**

9.7.73. Ons vergoed u indien u aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom veroorsaak deur die voertuig.

9.7.74. Kyk na die Aanspreeklikheidsafdeling 9.10 vir bepalings en voorwaardes

## 9.8. Derde Party, Brand en Diefstal

**Wat ons verseker**

9.8.1. Indien u versekering kies vir Derde Party, Brand en Diefstal, vergoed ons u slegs vir:

**Verlies of skade**

9.8.2. Verlies of skade aan die voertuig weens:

9.8.2.1. brand, weerlig, ontploffing;

9.8.2.2. diefstal en poging tot diefstal.

9.8.3. Aanspreeklikheid

**Koste om die voertuig te beskerm**

9.8.4. Indien die versekerde verlies of skade plaasvind, betaal ons die redelike koste vir die beskerming van die voertuig tot en met die perk in die skedule.

**Koste vir noodherstelwerk**

9.8.5. U kan noodherstelwerk aan die voertuig laat doen tot en met die perk aangedui in die skedule, sonder ons toestemming. U moet onmiddellik aan ons 'n gedetailleerde faktuur van die hersteller gee.

**Insleep- en bergingkoste van die voertuig na brand, diefstal en poging tot diefstal**

9.8.6. U moet ons diensverskaffer gebruik vir insleping en storing na 'n brand, diefstal of poging tot diefstal.

` Indien u nie ons goedgekeurde diensverskaffer gebruik nie, sal die vergoeding vir insleping en berging beperk wees tot die bedrag aangedui in die skedule.

9.8.7. Na brand, diefstal of poging tot diefstal, sal ons die koste van insleping en berging betaal.

U moet ons 24-uur-oproepsentrum by 0860 247 365 kontak om met een van ons goedgekeurde diensverskaffers te reël vir insleping en berging.

**Aflewering na herstel**

9.8.8. Nadat u voertuig in Suid-Afrika herstel is na afloop van 'n geldige eis, sal ons die redelike koste betaal om die voertuig by u huis in Suid-Afrika af te lewer.

**Traumaberading na 'n gewelddadige daad**

9.8.9. Ons vergoed u vir professionele berading waarvoor u betaal het nadat u 'n slagoffer was van 'n gewelddadige daad van diefstal, poging tot diefstal, roofaanval of kaping van die voertuig. 'n Geregistreerde professionele berader moet die berading gee.

9.8.10. Ons vergoed u tot en met die perk wat in die skedule verskyn vir enige enkele eis.

**Motorhuur (Opsioneel)**

9.8.11. Hierdie versekering is opsioneel soos aangedui in die skedule. Kyk asseblief na u skedule om te sien of u vir motorhuur verseker is.

9.8.12. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos uiteengesit in 'Soort voertuie wat ons verseker'.

**Wanneer en hoe ons u vir motorhuur vergoed**

9.8.13. Indien u 'n geldige eis het, ons vergoed u vir die huur van 'n motor na verlies of skade aan die voertuig onder enige van die volgende omstandighede:

9.8.13.1. indien die voertuig nie bestuur kan word nie;

9.8.13.2. indien die voertuig herstel word;

9.8.13.3. indien die voertuig gesteel is en nie teruggevind is nie.

9.8.14. Ons gee vergoeding vir:

9.8.14.1. die werklike motorhuurkoste vir 'n onbeperkte reisafstand, wat lopende koste (brandstof en olie) uitsluit;

9.8.14.2. afleweringskoste van die huurmotor.

**Voorwaardes vir motorhuur**

9.8.15. Ons reël die motorhuur namens u. Ons huur slegs motors van huurmaatskappye wat ons in Suid-Afrika goedkeur.

9.8.16. Ons vergoed u slegs indien u die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van die huurmaatskappy aanvaar.

9.8.17. Die huurtydperk begin vanaf enige van hierdie datums:

9.8.17.1. die datum waarop die voertuig nie bestuur kon word nie;

9.8.17.2. die datum waarop die voertuig aan die motorbedryf vir herstelwerk

oorhandig is;

9.8.17.3. die datum waarop die diefstal van die voertuig aan ons gerapporteer is.

9.8.18. Die huurtydperk eindig op die vroegste van die volgende:

9.8.18.1. die dag waarop u voertuig volledig herstel is;

9.8.18.2. die dag waarop ons u vergoed vir die algehele verlies van u voertuig;

9.8.18.3. die laaste dag van die aantal dae wat in die skedule verskyn.

**Spesiale aanpassings aan u voertuig**

9.8.19. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos uiteengesit in **"Tipes voertuie wat ons verseker".**

9.8.20. Ons sal u vergoed vir die noodsaaklike en redelike koste van spesiale aanpassings van enigeen van die voertuie soos aangedui in die skedule.

9.8.21. Hierdie spesiale veranderinge is as gevolg van 'n ongeluk wat liggaamlike besering veroorsaak en meebring dat u permanent gestrem is.

9.8.22. U moet ons skriftelike toestemming hê voordat u hierdie koste kan aangaan.

9.8.23. Die maksimum vergoedingsperk word in die skedule aangedui.

**Voertuie wat in 'n buurland gebruik word vir meer as 3 dae per week (Opsioneel)**

9.8.24. Hierdie versekering geld slegs vir kategorie A, B en C, soos aangedui by 9.3. – **Tipes voertuie wat ons verseker.**

9.8.25. Die lande waar u verseker is, is Botswana, Lesotho, Mosambiek, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe.

9.8.26. Ons vergoed u vir verlies van of skade aan die voertuig slegs as die voertuig na Suid-Afrika teruggebring is.

9.8.27. Indien dit onekonomies is om die voertuig te herstel en die voertuig nie na Suid-Afrika teruggebring is nie:

9.8.27.1. is u verantwoordelik om bewys te lewer dat dit onekonomies is om die voertuig te herstel, voordat die maatskappy die eis sal aanvaar;

9.8.27.2. sal die waarde van die wrak bepaal word teen 20% van die Redelike Kleinhandelswaarde of Ooreengekome Waarde soos in die skedule aangedui. Hierdie bedrag sal van die eis afgetrek word.

**Aanspreeklikheid**

9.8.28. Ons vergoed u indien u aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom veroorsaak deur die voertuig.

9.8.29. Kyk na die Aanspreeklikheidsafdeling 9.10 vir bepalings en voorwaardes.

## 9.9. Slegs Derde Party

9.9.1. Indien u versekering kies vir slegs Derde Party, vergoed ons u slegs vir aanspreeklikheid.

9.9.2. Lees Aanspreeklikheid 9.10 vir bepalings en voorwaardes.

## 9.10. Aanspreeklikheid

9.10.1. Aanspreeklikheid beteken verantwoordelik volgens wet.

**Wat ons verseker**

**Aanspreeklikheidsversekering vir voertuie verseker in hierdie polis**

9.10.2. Ons vergoed u indien u aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se toevallige dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom veroorsaak:

9.10.2.1. deur die voertuig gedurende die versekeringstydperk; of

9.10.2.2. terwyl die versekerde voertuig 'n sleepwa, woonwa, motor of goederevoertuig van nie meer nie as 3 500 kg, gedurende die versekeringstydperk sleep;

9.10.3. Ons vergoed u nie indien u vir beloning sleepwerk doen nie.

**Aanspreeklikheidsversekering terwyl ander persone u voertuig bestuur of gebruik**

9.10.4. Ons sal ook enige persoon wat die voertuig met u toestemming bestuur of gebruik vergoed indien sodanige persoon aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind. Die persoon wat met u toestemming bestuur:

9.10.4.1. moet nie 'n reg hê op vergoeding ingevolge enige ander versekering nie;

9.10.4.2. moes nie te eniger tyd motorversekering geweier gewees het nie;

9.10.4.3. moet voldoen aan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis. Dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat enige persoon wat u voertuig bestuur of gebruik, bewus is van die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis.

**Aanspreeklikheidsversekering vir voertuie wat nie ingevolge hierdie polis verseker is nie**

9.10.5. Ons vergoed u ook indien u aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom (behalwe verlies of skade aan die voertuig self) wat veroorsaak is terwyl u 'n tipe voertuig in kategorie A, B of C bestuur of gebruik wat nie in hierdie polis gedurende die versekeringstydperk verseker is nie.

9.10.6. Ons gee slegs vergoeding indien:

9.10.6.1. u nie die voertuig besit nie;

9.10.6.2. u nie die voertuig ingevolge 'n kredietooreenkoms of soortgelyke ooreenkoms koop, verhuur of huur nie.

9.10.7. Kyk asseblief na u skedule vir die aanspreeklikheidsperke wat op elke voertuig van toepassing is.

**Vergoeding**

9.10.8. Die vergoeding sluit die volgende in:

9.10.8.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

9.10.8.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

9.10.8.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om die eis teen u te skik of te verdedig.

**Vergoedingsperk**

9.10.9. Die vergoeding is beperk tot die bedrag aangedui in die skedule ten tye van die Versekerde gebeurtenis. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of vir 'n reeks insidente wat die gevolg is van een gebeurtenis.

9.10.10. Vir bestuurders van 25 jaar en jonger, moet u kyk na die aanspreeklikheidsperk in die skedule vir dood of liggaamlike besering van ander persone wat in die voertuig reis. Dit word aangedui as die Passasiersaanspreeklikheidsperk in die skedule.

**Regsverteenwoordiging vir Aanspreeklikheidseise**

9.10.11. Ons kan reël vir die volgende:

9.10.11.1. verteenwoordiging vir u by enige doodsondersoek wat die gevolg is van 'n Versekerde gebeurtenis;

9.10.11.2. regsverteenwoordiging vir u verdediging by enige strafsaak wat die gevolg is van 'n Versekerde gebeurtenis.

**Wat nie verseker is ingevolge Aanspreeklikheid nie**

**Dood van of liggaamlike besering aan sekere persone**

9.10.12. Ons vergoed u nie vir aanspreeklikheid vir dood of liggaamlike besering van die volgende persone nie:

9.10.12.1. u, 'n persoon wat die voertuig met u toestemming gebruik of bestuur of lede van u familie wat normaalweg by u bly;

9.10.12.2. u werknemers, behalwe huishoudelike werknemers, wat in die bestek van hul diens met u optree ten tye van die gebeurtenis;

9.10.12.3. enige persoon in of op 'n woonwa of 'n sleepwa terwyl dit deur die voertuig gesleep word;

9.10.12.4. enige passasier wat buite die kajuit van die voertuig was ten tye van die gebeurtenis;

9.10.12.5. enige persoon wat reis op of opklim op of afklim van enige kategorie D, F- of G- tipe voertuig.

**Verlies of skade aan sekere persone se eiendom**

9.10.13. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid vir verlies van of skade aan eiendom:

9.10.13.1. wat u, 'n persoon wat met u toestemming die voertuig gebruik of bestuur of enige lede van u familie besit, bewaar, of beheer nie;

9.10.13.2. in of op 'n woonwa of sleepwa terwyl dit gesleep word nie.

**Indien u ingevolge ander versekeringswetgewing verseker is**

9.10.14. Ons vergoed u nie vir aanspreeklikheid waar u Aanspreeklkheidsversekering ingevolge enige ander motorvoertuig-versekeringswetgewing het nie.

## 9.11. Wat ons nie verseker nie

**Ingevolge die Motorafdeling vergoed ons u nie vir eise vir enige van die volgende nie:**

9.11.1. waardevermindering wat voortspruit uit herstelwerk na 'n versekerde gebeurtenis;

9.11.2. slytasie, meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, onderbreking of brekasies;

9.11.3. skade veroorsaak deur roes, muf, wegvreting of agteruitgang;

9.11.4. skade kwaadwilliglik veroorsaak aan buitebande, of deur rem te trap of deur verwringing van die buiteband, of deur lekplekke, snye of barste veroorsaak deur padgevare;

9.11.5. enige owerheid wat die voertuig of enige deel van die voertuig wettiglik in besit neem of daarop beslag lê;

9.11.6. enige gebeurtenis wat plaasvind buite die lande waar u verseker is (sien Algemene afdeling), behalwe terwyl die voertuig op water vervoer word tussen hawens in hierdie lande;

9.11.7. die voertuig word bestuur of gebruik in enige van die volgende omstandighede:

9.11.7.1. sonder 'n voertuiglisensie wat geldig is in die land waar die voertuig gebruik word;

9.11.7.2. terwyl u, of enige ander persoon die voertuig bestuur sonder 'n bestuurders- of leerlinglisensie wat geldig is in die land waar die voertuig gebruik word; of indien u, of enige ander persoon nie die wette wat op lisensies van toepassing is, nakom nie;

9.11.7.3. terwyl u die voertuig bestuur onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels; of u die voertuig bestuur wanneer u bloed-alkoholvlak oor die wettige limiet is;

9.11.7.4. terwyl enige ander persoon die voertuig bestuur onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels is, of hul bloed-alkoholvlak oor die wettige limiet is;

9.11.7.5. terwyl die voertuig in 'n toestand is wat nie aan die Padverkeers-ordonnansies van Suid-Afrika, of soortgelyke wetgewing wat van toepassing is in die land waar die voertuig bestuur word, voldoen nie.

## 9.12. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

9.12.1. Die besluit oor hoe ons u vergoed, berus slegs by ons. Indien ons besluit om u voertuig te herstel en dit nie meer onder waarborg is nie, kan ons besluit om nie- veiligheids-/ nie-kritieke onderdele te vervang deur onderdele wat nie van dieselfde bron afkomstig is as dié wat die oorspronklike vervaardiger van u voertuig verskaf het nie, of te vervang deur tweedehandse onderdele wat vernuwe is.

9.12.2. Ons vergoed u op een of meer van die volgende maniere:

9.12.2.1. betaal vir die voertuig se herstelwerk by 'n hersteller wat ons goedkeur;

9.12.2.2. vervang die voertuig;

9.12.2.3. betaal die bedrag van die verlies, skade of aanspreeklikheid.

**Bybetaling**

9.12.3. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir motor. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

**Vergoedingsperk**

**Vir eerste eienaars van nuwe voertuie (slegs voertuigtipes A, B en C)**

9.12.4. Ons vergoed u soos volg indien u die eerste geregistreerde eienaar van 'n nuwe voertuig is en indien die volgende met die voertuig gebeur binne 12 maande van registrasie:

9.12.4.1. dit is gesteel of gekaap en is nie teruggevind nie;

9.12.4.2. dit is beskadig en dit kan nie na ons mening ekonomies herstel word nie.

9.12.5. Vir voertuie wat vir 'n Redelike Kleinhandelswaarde verseker is, is die voergoedingsperk:

9.12.5.1. die huidige verkoopprys van 'n nuwe voertuig van dieselfde model (of soortgelyke model indien dieselfde model nie beskikbaar is nie) ten tye van die verlies of skade, min enige bybetaling.

9.12.6. Vir voertuie wat vir 'n Ooreengekome Waarde verseker is, is die vergoedingsperk die Ooreengekome Waarde aangepas vir waardevermindering, min enige bybetalingsbedrag.

**Indien u nie die eerste geregistreerde eienaar van die voertuig is nie of, na 12 maande vanaf eerste registrasie, waar u die eerste geregistreerde eienaar is**

9.12.7. Ons vergoed u tot en met die vergoedingsperk soos aangedui in die skedule indien u nie die eerste geregistreerde eienaar van die voertuig is nie, of indien een van die volgende met die voertuig gebeur, na 12 maande vanaf die eerste registrasie:

9.12.7.1. dit is gesteel of gekaap en is nie teruggevind nie;

9.12.7.2. dit is beskadig en dit kan nie na ons mening ekonomies herstel word nie.

9.12.8. Die vergoedingsperk is die Redelike Kleinhandelswaarde of Ooreengekome waarde van die voertuig aangepas vir agteruitgang (soos toepaslik) ten tye van die verlies of skade, minus die bybetaling.

**Indien u die geregisgtreerde eienaar van 'n kode 3-voertuig, opgeboude voertuig of 'n voertuig met SAPVIN-nommers is**

9.12.9. Ons vergoed u vir kode 3-voertuie, opgeboude voertuie of voertuie met SAPVIN- nommers indien enige van die volgende met die voertuig gebeur:

9.12.9.1. dit word gesteel of gekaap en nie teruggevind nie;

9.12.9.2. dit word beskadig en dit is na ons oordeel nie ekonomies om die voertuig te herstel nie.

9.12.10. Die vergoeding word beperk tot 70% van die Redelike Kleinhandelswaarde of Ooreengekome Waarde van die voertuig, aangepas vir agteruitgang (soos relevant) ten tyde van die verlies of skade, minus die bedrag van die bybetaling.

**Geen dekking vir klanktoerusting nie**

9.12.11. Ons verseker nie klanktoerusting ingevolge die volgende tipes versekering nie:

9.12.11.1.Derde Party, Brand en Diefstal;

9.12.11.2.Slegs Derde Party.

9.12.12. Ons vergoed u vir klanktoerusting indien afsonderlik verseker as bybehore ingevolge hierdie afdeling of ingevolge die Alle Risiko's-afdeling.

**Verhaling van die bybetaling**

9.12.13. Dit is nie ons plig om u bybetaling terug te vorder van die party wat die skade of verlies veroorsaak het nie. Ons kan egter besluit om dit te doen. Indien ons u bybetaling ten volle of gedeeltelik verhaal, sal ons dit ten volle of gedeeltelik aan u terugbetaal.

## 9.13. Spesiale voorwaardes

**U moet u motorvoertuig versorg**

9.13.1. U moet alle redelike stappe neem om u voertuig te beskerm en te verseker dat u voertuig te alle tye padwaardig is volgens die betrokke wetgewing.

**U moet u voertuig beveilig**

9.13.2. Indien die skedule meld dat u voertuig met 'n sekuriteitstelsel toegerus is, is dit u plig om te bewys dat die sekuriteitstelsel geïnstalleer was. Indien u dit nie kan bewys nie, sal u nie vergoeding vir eise voortspruitend uit diefstal, poging tot diefstal of kaping ontvang nie. Voorbeelde van sekuriteitstelsels is satellietopsporingstelsels, immobiliseerders en alarms.

9.13.3. Ons gee slegs vergoeding vir verlies of skade weens diefstal, poging tot diefstal of kaping indien u voldoen aan die diensooreenkomste en aanbevelings van die sekuriteitstelsel se vervaardigers en installeerders.

9.13.4. Ons vergoed u vir satellietopsporingstelsels slegs indien u aan die volgende voldoen:

9.13.4.1. onmiddellik en op eie onkoste die owerhede en die voertuigopsporingsmaatskappy van die gebeurtenis in kennis stel;

9.13.4.2. nie inmeng (byvoorbeeld deur nie gelde te betaal nie) met die opsporings-of reaksiemaatskappy se vermoë of gewilligheid om die voertuig effektief op te spoor en terug te vind nie;

9.13.4.3. nie u diensooreenkoms kanselleer nie.

**U moet toestem tot inspeksies**

9.13.5. Ons kan enige tyd 'n inspeksie-agent vra om u voertuig te inspekteer. Indien u nie tot die inspeksie toestem nie, kan ons besluit om nie u voertuig te verseker nie. Ons het die reg om die bepalings, voorwaardes en uitsluitings te verander of die versekering onmiddellik te kanselleer, gebaseer op die uitslag van die inspeksie.

**U moet die koste betaal om 'n voertuig na Suid-Afrika terug te bring**

9.13.6. Indien die voertuig verlies of skade buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Malawi, Namibië, Swaziland en Zimbabwe opdoen, is u verantwoordelik vir al die koste wat u aangaan om die voertuig terug na Suid-Afrika te bring. Ons vergoed u nie vir hierdie koste nie.

9.13.7. Die voertuig moet eers na Suid-Afrika teruggebring word voordat ons enige eis vir verlies of skade aan die voertuig sal oorweeg.

**U moet ons in kennis stel van enige verkeersoortredings**

9.13.8. U moet ons onmiddellik skriftelik in kennis stel indien u bestuurderslisensie, of die bestuurderslisensie van enigeen wat u toelaat om die voertuig te bestuur, geëndosseer, opgeskort of gekanselleer is. Dit sluit in 'n skuldigbevinding of aanklagte wat aanhangig gemaak is teen u of enigeen wat u toelaat om die voertuig te bestuur, vir:

9.13.8.1. nalatige bestuur;

9.13.8.2. roekelose bestuur;

9.13.8.3. bestuur onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels of bestuur met 'n bloed-alkoholvlak hoër as die wettige limiet.

**Ons kan die waarde betaal vir onbeskikbare onderdele**

9.13.9. Indien enige onderdeel wat nodig is vir die herstel van die voertuig nie in Suid-Afrika as 'n standaard onderdeel beskikbaar is nie, vergoed ons u vir 'n bedrag tot en met die vervaardiger se lysprys ten tye van die verlies of skade. Hierdie bedrag sluit die redelike koste in om die onderdeel na Suid-Afrika te vervoer, uitsluitend per vliegtuig.

**Slegs die polishouer kan ingevolge hierdie afdeling eis**

9.13.10. Slegs die polishouer kan ingevolge hierdie afdeling van die polis eis. Indien die versekering van toepassing is op iemand anders as die polishouer, moet die polishouer namens hulle eis. Sodra ons u vergoed het, het ons geen verdere verpligtinge ingevolge hierdie afdeling nie.

**Die polishouer word eerste vergoed**

9.13.11. Indien meer as een persoon die reg op versekering ingevolge hierdie afdeling het, is die vergoedingsperk van toepassing op die totale vergoeding wat ons gee. Die polishouer ontvang vergoeding voor enige ander persone wat ingevolge hierdie afdeling verseker is.

# 10. Watervaartuig Afdeling

## 10.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en enigeen wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *Watervaartuig* | beteken 'n boot wat op water gebruik word vir plesier- en privaatdoeleindes met 'n maksimum spoed van 100 km per uur. Dit sluit byvoorbeeld waterponies, rubberbootjies, seiljagte en roeiwatervaartuie in.<br><br>Vir sekere watervaartuie moet die romp, die motor, die toebehore en spesiale toerusting in die skedule gespesifiseer word.<br><br>Ander watervaartuie soos waterponies byvoorbeeld word verseker as 'n hele eenheid. In hierdie geval sluit die watervaartuig die romp, bowerk monterings, masjinerie, enjins, motore, bykomstige watervaartuig, ratwerk en enige toerusting wat gewoonlik saam met die watervaartuig verkoop word, in. |

Hierdie versekeringsafdeling sluit nie sleepwaens in nie.

## 10.2. Wie ons verseker

10.2.1. Ingevolge hierdie versekeringsafdeling, word die volgende persone verseker:

10.2.1.1. die polishouer;

10.2.1.2. die polishouer se gade.

## 10.3. Wat ons verseker

**Verlies of skade aan die watervaartuig**

10.3.1. Ons vergoed u vir verlies van of skade aan die watervaartuig tot die perk aangedui in die skedule.

**Peilinguitgawes**

10.3.2. Ons vergoed u vir die koste om die onderwatergedeelte van die romp te peil (kyk vir skade) nadat dit gestrand het. Die koste moet redelik wees, en moet vir die doel van peiling wees.

10.3.3. Ons vergoed u selfs al is daar geen skade aan die romp nie.

10.3.4. Ons vergoed u tot by die perk aangedui in die skedule.

**Vermyding of beperking van verlies**

10.3.5. Ons vergoed u vir alle redelike noodkoste wat u spandeer om verlies of skade wat deur hierdie polis gedek is, te vermy of tot die minimum te beperk. Dit sluit in die koste om die watervaartuig te berg.

10.3.6. Ons vergoed u tot by die perk aangedui in die skedule.

**Indien ander persone u watervaartuig gebruik**

10.3.7. Ons vergoed u indien iemand anders die watervaartuig met u toestemming gebruik en daar verlies of skade aan die watervaartuig is. Die ander persoon moet die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis nakom. Dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat enige persoon wat u watervaartuig bestuur of gebruik, bewus is van die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis.

10.3.8. Ons vergoed u nie indien die ander persoon die operateur of werknemer van 'n skeepswerf, herstelwerf, sleephelling, jagklub, marina, watervaartuig-verkoopdiens of soortgelyke bedryf is nie.

**Mediese onkoste**

10.3.9. Ons vergoed u vir enige mediese onkoste wat u spandeer weens 'n besering aan 'n persoon op die watervaartuig wat ontstaan uit 'n ongeluk.

10.3.10. Ons vergoed u tot en met die perk in die skedule vir enige enkele ongeluk.

10.3.11. Ons vergoed u nie indien die beseerde persoon deur enige ander versekering, insluitende mediese fonds, gedek is nie.

**Brandblus-onkoste**

10.3.12. Ons vergoed u vir enige brandbestryding- of brandblus-onkoste waarvoor u aanspreeklik is indien die watervaartuig in gevaar van die brand was.

10.3.13. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule.

## 10.4. Wat ons nie verseker nie

**Algemene verlies en skade**

10.4.1. Ons vergoed u nie vir verlies of skade wat veroorsaak is terwyl:

10.4.1.1. die watervaartuig gebruik word vir iets anders as plesier- en privaatgebruik nie tensy ons skriftelik daartoe ingestem het;

10.4.1.2. die watervaartuig verhuur of gehuur word nie tensy ons skriftelik daartoe ingestem het;

10.4.1.3. die watervaartuig op water gesleep word nie behalwe in die volgende gevalle:

10.4.1.3.a. indien dit gesleep word wanneer dit gestrand het; of

10.4.1.3.b. gewone sleep in verband met stillê, of wanneer dit uitgerus of herstel word;

10.4.1.4. die watervaartuig gebruik word om 'n ander watervaartuig te sleep of te red nie tensy dit in nood verkeer;

10.4.1.5. die watervaartuig gebruik word om enige ander watervaartuig te sleep of te red onder kontrak wat gereël is voor die sleep of redding begin het nie;

10.4.1.6. daar deelgeneem word aan wedvaarte, spoedtoetse of verwante proewe nie, behalwe seiljagwedvaarte;

10.4.1.7. 'n watervaartuig onbewaak vasgemeer of geanker gelaat word by 'n onbeskutte strand of oewer, en die watervaartuig dan strand, sink, oorstroom raak of wegdryf nie;

10.4.1.8. daar kragspring en uiterste strandlanding gedoen word nie.

10.4.2. Ons vergoed u nie vir verlies of skade veroorsaak deur die volgende nie:

10.4.2.1. slytasie en mettertydse waardevermindering;

10.4.2.2. geleidelike oorsake soos agteruitgang, roes, muf, wegvreting, en bederf;

10.4.2.3. reiniging, herstelwerk, opknapping of instandhouding op enige manier of metode;

10.4.2.4. enige gedeelte van die watervaartuig wat afgekeur is slegs weens 'n fout in die ontwerp of konstruksie;

10.4.2.5. 'n gebrek weens nalatigheid of kontrakbreuk met betrekking tot enige herstel of verandering.

**Verlies of skade weens meganiese of elektriese onklaarraking**

10.4.3. Ons vergoed u nie vir verlies wat veroorsaak is deur meganiese of elektriese onklaarraking van masjinerie, enjins, motore, batterye en hul verbindings nie. Ons vergoed u egter indien die meganiese of elektriese onklaarraking veroorsaak is deur'n eksterne gebeurtenis wat nie deur die polis uitgesluit is nie. Ons vergoed u egter vir verlies veroorsaak deur onklaarraking van die skag en die skroef.

**Skade aan seile**

10.4.4. Ons vergoed u nie vir skade aan seile of beskermende oortreksels wat geskeur is deur die wind of weggewaai het terwyl dit gespan was nie.

10.4.5. Ons vergoed u egter:

10.4.5.1. indien die skade aan die seile of beskermende oortreksels plaasvind as gevolg van skade aan die sparre waaraan die seile geheg is;

10.4.5.2. indien die skade aan die seile of beskermende oortreksels plaasvind as gevolg daarvan dat die watervaartuig strand, sink, uitbrand, in 'n botsing betrokke is of kontak maak met enige eksterne voorwerp insluitende ys, maar uitsluitende water.

**Verlies of skade gedurende vervoer (insluitende oplaai en aflaai)**

10.4.6. Ons vergoed u nie vir die volgende verlies gedurende vervoer van die watervaartuig oor land nie:

10.4.6.1. skrape;

10.4.6.2. induiking;

10.4.6.3. enige koste vir 'n ander persoon waarvoor u verantwoordelik word;

10.4.6.4. terwyl die watervaartuig vervoer word deur 'n persoon sonder 'n geldige bestuurslisensie nie, tensy die persoon aangekla word van diefstal of onwettige gebruik van die voertuig wat die watervaartuig sleep;

10.4.6.5. terwyl die watervaartuig vervoer word deur 'n persoon wat onder die invloed van drank of verdowingsmiddels is, of wanneer daardie persoon se bloed-alkoholvlak oor die wettige perk is.

**Verlies van inhoud aan die watervaartuig**

10.4.7. Ons vergoed u nie vir verlies van of skade aan u persoonlike besittings, aan kos en ander verbruiksgoedere wat u op die watervaartuig hou, aan visgerei of ankertoue nie.

**Verlies indien die watervaartuig as 'n huis gebruik word**

10.4.8. Ons vergoed u nie indien die watervaartuig as 'n woonskuit of as u permanente Huis gebruik word nie.

## 10.5. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

10.5.1. Ons kan een of meer van die volgende maniere kies om u te vergoed:

10.5.1.1. betaal vir herstelwerk by 'n hersteller wat ons goedkeur;

10.5.1.2. vervang die betrokke watervaartuig of onderdele;

10.5.1.3. betaal die bedrag van die verlies, skade of aanspreeklikheid.

**Vergoedingsperke**

10.5.2. Ons vergoed u slegs tot en met die perk aangedui in die skedule vir die item en verlies wat verseker is. U moet seker maak dat die perk enige bedrae insluit wat u verskuldig is aan 'n geregistreerde kredietverskaffer wat die koop van die watervaartuig gefinansier het.

10.5.3. Kyk asseblief na u skedule om te sien watter aanspreeklikheidsperke van toepassing is.

**Indien ons herstel of vervang**

10.5.4. Indien ons herstel of vervang, sal ons die watervaartuig of skade laat herstel of vervang so naby as moontlik aan die oorspronklike toestand.

10.5.5. Ons waarborg nie dat ons 'n presiese restourasie sal kan bereik nie.

10.5.6. Vir 'n glasversterkte plastiekromp sal ons nie 'n glansafwerking ewenaar nie.

**Indien ons die waarde betaal**

10.5.7. Die meeste wat ons betaal, is:

- 10.5.7.1. indien die watervaartuig jonger as 4 jaar oud is, die huidige koopprys van dieselfde of 'n soortgelyke model tot die perk aangedui in die skedule;
- 10.5.7.2. indien die watervaartuig ouer as 4 jaar is, die huidige markwaarde van daardie watervaartuig tot die perk aangedui in die skedule, minus die bybetaling aangedui in die skedule.

10.5.8. Indien u nog geld op die watervaartuig skuld:

- 10.5.8.1. indien u die watervaartuig gekoop het op afbetalingsverkoop- of bruikhuurkontrak, betaal ons eers u uitstaande skuld. Ons vergoed die geregistreerde kredietverskaffer wat die koop van die watervaartuig gefinansier het. Die kredietooreenkoms moet onder die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) val;
- 10.5.8.2. indien u minder verskuldig is as die totale bedrag wat ons u ingevolge hierdie afdeling sal vergoed, betaal ons eers die geregistreerde kredietverskaffer, en dan vergoed ons u vir die verskil;
- 10.5.8.3. ons dek nie die bedrag wat u skuld indien u die verkoop of huur enigsins herfinansier het nie;
- 10.5.8.4. indien die waarde van u verlies minder is as die bedrag wat u nog op die watervaartuig skuld, betaal ons die bedrag wat u nog skuld, tot by die perk aangedui in die skedule;
- 10.5.8.5. van die bedrag wat u nog skuld, trek ons die volgende af:
  - 10.5.8.5.a. enige paaiemente wat laat is, en enige rente op laat betalings;
  - 10.5.8.5.b. enige terugbetalings van premies vir gekanselleerde versekering vir u watervaartuig;
  - 10.5.8.5.c. die bybetaling;
  - 10.5.8.5.d. enige verhoging in paaiemente wat plaasvind omdat u nie u oorblywende kapitaalwaarde na die verlies kan realiseer nie;
- 10.5.8.6. in totaal, vergoed ons u nie vir meer as die perk waarvoor u verseker is nie, minus die bybetaling.
- 10.5.8.7. ons dek nie die bedrag wat u skuld indien een van die afbetalings in u ooreenkoms, behalwe die finale oorblywende betaling, meer as 10% verskil van enige ander betaling nie.

**Bybetaling**

10.5.9. Daar is 'n bybetaling vir watervaartuie in die skedule. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed. Hierdie bybetaling is nie van toepassing op eise vir aanspreeklikheid nie.

**Watervaartuig-aanspreeklikheid**

**Wat ons verseker**

10.5.10. Ons vergoed u indien u aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom wat aan ander mense behoort wat deur die watervaartuig veroorsaak is gedurende die versekeringstydperk.

10.5.11. Ons vergoed ook:

10.5.11.1. enige ander persoon wat die watervaartuig met u toestemming stuur of gebruik indien hulle aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom wat aan ander mense behoort wat veroorsaak is deur die watervaartuig gedurende die versekeringstydperk indien:

10.5.11.1.a. sodanige persoon nie 'n reg het op vergoeding ingevolge enige ander versekering nie;

10.5.11.1.b. sodanige persoon nog nooit aanspreeklikheidsversekering geweier is nie;

10.5.11.1.c. sodanige persoon voldoen aan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis. Dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat enige persoon wat u watervaartuig gebruik, bewus is van die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis.

10.5.11.2. enige waterskiër wat deur die versekerde watervaartuig gesleep word of gereed maak om deur die versekerde watervaartuig gesleep te word indien hulle aanspreeklik gehou word vir 'n ander persoon se dood, liggaamlike besering, verlies of skade aan eiendom wat aan ander mense behoort gedurende die versekeringstydperk.

10.5.11.3. indien u aanspreeklik gehou word om te betaal om die wrak van u watervaartuig te verwyder of te probeer om dit te verwyder of te vernietig, of omdat die wrak van u watervaartuig nie verwyder of vernietig is nie.

**Vergoeding**

10.5.12. Die vergoeding sluit die volgende in:

10.5.12.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

10.5.12.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

10.5.12.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om die eis teen u te skik of te verdedig;

10.5.12.4. koste met betrekking tot amptelike navrae en lykskouing. U moet ons toestemming kry voordat u hierdie koste aangaan.

**Vergoedingsperk**

10.5.13. Die vergoeding is beperk tot die perk aangedui in die skedule ten tye van die gebeurtenis. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of vir 'n reeks voorvalle wat die gevolg is van een gebeurtenis.

**Wat ons nie verseker nie**

**Aanspreeklikheid met betrekking tot sekere persone**

10.5.14. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot die volgende nie:

10.5.14.1. die dood van of liggaamlike besering aan u, die waterskiër of die persoon wat met u toestemming die watervaartuig stuur of gebruik;

10.5.14.2. verlies van of skade aan eiendom wat behoort aan u, die waterskiër of die persoon wat u toestemming het om die watervaartuig te stuur of te gebruik;

10.5.14.3. die dood van of liggaamlike besering aan 'n persoon wat u of enigiemand anders wat betrokke is by die watervaartuig, in diens neem en wat optree in die loop van hul diens met u ten tye van die gebeurtenis;

10.5.14.4. die dood van of liggaamlike besering aan 'n persoon wat 'n waterskiër of 'n toegelate persoon wat die watervaartuig stuur en gebruik, in diens neem en wat optree in die loop van hul diens ten tye van die gebeurtenis;

10.5.14.5. die dood van of liggaamlike besering aan 'n persoon wat in diens is by 'n skeepswerf, herstelwerf, skeepshelling, seiljagklub, marina, verkoopsagentskap of soortgelyke organisasie en wat optree in die loop van hul diens ten tye van die gebeurtenis;

10.5.14.6. die dood van of liggaamlike besering aan reisgeldbetalende passasiers, en verlies van of skade aan hul eiendom.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot lugsport**

10.5.15. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot vlieërvlieg of enige ander lugsport nie. Dit sluit aanspreeklikheid in wat ontstaan terwyl die persoon gereed maak om gesleep te word deur of terwyl die persoon gesleep word deur die watervaartuig. Dit sluit nie aanspreeklikheid in wat ontstaan nadat die persoon terug op die watervaartuig is en nie langer aan die sport deelneem nie.

**Eise met betrekking tot die vervoer van die watervaartuig**

10.5.16. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid met betrekking tot die watervaartuig wat per voertuig, spoor, skip of vliegtuig vervoer word nie.

**Verlies omdat die watervaartuig strand, oorstroom raak, sink of losbreek**

10.5.17. Ons vergoed u nie vir verlies, skade, bergingsdienste of aanspreeklikheid wat ontstaan omdat die watervaartuig strand, oorstroom raak, sink of losbreek terwyl dit onbewaak vasgemeer of geanker gelaat word by 'n onbeskutte strand of oewer nie.

**Lande waar u verseker is**

10.5.18. Ons vergoed u nie vir verlies, skade of aanspreeklikheid wat plaasvind buite die grense van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Malawi en Zimbabwe nie tensy dit binne 12 seemyl van die kus van Suid-Afrika, Namibië en Mosambiek plaasvind.

**Gebruik teenstrydig met enige regulasies**

10.5.19. Ons vergoed u nie indien die watervaartuig deur enige persoon gebruik is op enige manier wat teenstrydig is met enige regulasies van 'n bevoegde owerheid nie.

10.5.20. Dit sluit in:

10.5.20.1. terwyl die watervaartuig gestuur word deur enige persoon wat nie bevoeg is om so 'n watervaartuig te stuur nie, tensy die persoon onder die onmiddellike toesig van 'n persoon is wat bevoeg is;

10.5.20.2. terwyl die watervaartuig gestuur word deur enige persoon wat onder invloed van drank of verdowingsmiddels is; of wanneer daardie persoon se bloed-alkoholvlak oor die wettige perk is. Dit geld nie as die boot sonder u toestemming gebruik is nie.

## 10.6. Spesiale voorwaardes

**Indien die watervaartuig buite Suid-Afrika beskadig is**

10.6.1. Indien verlies of skade aan die watervaartuig plaasvind buite Suid-Afrika maar binne die lande waar u verseker is, is u verantwoordelik vir alle koste wat u aangaan om die watervaartuig na Suid-Afrika terug te bring. Ons vergoed u nie vir hierdie koste nie.

10.6.2. Die watervaartuig moet eers na Suid-Afrika teruggebring word, dan sal ons enige eis vir verlies of skade aan die watervaartuig oorweeg.

10.6.3. Indien die watervaartuig verloor of heeltemal vernietig is, moet u dit onmiddellik aan die naaste polisiestasie in die gebied van die verlies, en aan ons rapporteer.

**Buiteboordmotore**

10.6.4. Ons gee nie vergoeding vir verlies van of skade aan buiteboordmotore nie:

10.6.4.1. tensy dit veilig aan die watervaartuig vasgeheg is;

10.6.4.2. ten opsigte van diefstal: tensy die buiteboordmotor veilig aan die watervaartuig gesluit is deur middel van 'n diefweringstoestel.

**Skade aan rubber- en soortgelyke vaartuie**

10.6.5. Vir skade aan die materiaal van rubber, opblaasbare of halfstywe vaartuie, of soortgelyke vaartuie, vergoed ons u slegs vir die koste om die skade te lap of te herstel.

**Diefstal of poging tot diefstal**

10.6.6. Ons vergoed u slegs vir skade veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal van masjinerie, buiteboordmotore, ratwerk of toerusting indien:

10.6.6.1. dit saam met die watervaartuig gesteel is; of

10.6.6.2. daar sigbare tekens van geforseerde toegang of uitgang uit die watervaartuig of bergingsplek is.

**Verlies veroorsaak deur brand of ontploffing**

10.6.7. Vir watervaartuie met binneboordmasjinerie, vergoed ons u slegs vir skade veroorsaak deur 'n brand of ontploffing indien albei die volgende voorwaardes nagekom is:

10.6.7.1. daar is 'n brandblusstelsel in die enjinkamer of enjinruimte, en in die tenkruimte, en in die skeepskombuis. Die brandblusstelsel moet outomaties wees of oor kontroles by die stuurposisie beskik;

10.6.7.2. die brandblusstelsel moet reg geïnstalleer wees en in goeie werkende toestand gehou word.

**Verlies of skade gedurende seiljagwedvaarte**

10.6.8. Indien die verlies of skade veroorsaak is deurdat die seiljag strand, sink, uitbrand, in 'n botsing betrokke is of kontak maak met enigiets anders as water (insluitend ys) terwyl dit in 'n wedvaart is, betaal ons die volle koste tot by die perk in die skedule.

**Versorging van die watervaartuig**

10.6.9. U moet redelike stappe neem om die watervaartuig teen skade te beskerm en om dit seewaardig en in 'n goeie toestand te hou.

**SAMSA-regulasies**

10.6.10. Die polis of enige daaropvolgende hernuwing sal nietig verklaar word vanaf die begindatum indien die watervaartuig en sy gebruik nie aan die regulasies voldoen nie:

10.6.10.1. die watervaartuig volg nie die ontwerp- en konstruksievereistes uiteengesit in die Handelskeepvaartregulasies, 2007, nie;

10.6.10.2. indien die persoon wat die watervaartuig stuur, nie 'n geldige Bevoegdheidsertifikaat het soos uiteengesit in die Handelskeepvaartregulasies, 2007 nie, of indien daardie persoon nie onder die toesig was van 'n persoon met 'n geldige Bevoegdheidsertifikaat soos uiteengesit in die Handelskeepvaartregulasies, 2007 nie; en

10.6.10.3. indien die watervaartuig nie 'n geldige Bruikbaarheidsertifikaat of Plaaslike Algemene Veiligheidsertifikaat het nie, soos uiteengesit in die Handelskeepvaartregulasies, 2007.

10.6.11. Hierdie SAMSA-vereistes is nie van toepassing nie indien die watervaartuig een van die volgende is:

10.6.11.1. 'n seilwatervaartuig korter as 9 meter lank;

10.6.11.2. 'n kragaangedrewe watervaartuig onder 15 perdekrag;

10.6.11.3. 'n watervaartuig aangedryf deur mensekrag alleen.

**Indien die watervaartuig uit vaart geneem is**

10.6.12. Ons gee nie u premies terug vir tydperke wanneer die watervaartuig nie kan vaar nie. Dit beteken dat die watervaartuig nie in gebruik is nie en uit die water is. Indien die watervaartuig ouer as 10 jaar is

10.6.13. Sodra die watervaartuig ouer as 10 jaar is, moet dit ondersoek word deur 'n onafhanklike professionele inspekteur. Die ondersoek moet gedoen word terwyl die watervaartuig uit die water is.

10.6.14. Ons betaal nie vir die ondersoek nie. Ons kan nuwe ondersoekverslae enige tyd hierna aanvra, op u onkoste.

10.6.15. Gebaseer op die resultaat van die ondersoek kan ons onmiddellik:

10.6.15.1. die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van u versekering verander; of

10.6.15.2. u versekering kanselleer.

10.6.16. Indien u nie hierdie ondersoek laat doen nie, is ons daarop geregtig om u nie te vergoed nie.

**Maak seker dat u nie onderverseker is nie**

10.6.17. Dit is u verantwoordelikheid om te verseker dat u watervaartuig vir die vervangingswaarde verseker is.

10.6.18. Indien die vervangingswaarde ten tye van verlies of skade meer as die versekerde bedrag is, sal ons u nie vir die volle bedrag van u eis vergoed nie. Ons bereken die verskil tussen die vervangingswaarde en die versekerde bedrag en pas dit proporsioneel op u eis toe. U is vir die verskil verantwoordelik.

# 11. Persoonlike Rekenaars Afdeling

## 11.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en enigeen wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *U Rekenaar* | beteken enige rekenaar en toebehore wat aan u behoort. Dit sluit in die sleutelbord, monitor, drukker en enige ander toebehore, insluitende sagteware, wat in die skedule beskryf word. |

## 11.2. Wie ons verseker

11.2.1. Ons verseker slegs die volgende persone indien hulle in die skedule genoem word:

11.2.1.1. die polishouer; en

11.2.1.2. lede van die polishouer se familie wat by hulle bly.

## 11.3. Wat ons verseker

**Fisiese verlies of skade**

11.3.1. Ons vergoed u vir fisiese verlies van of skade aan u rekenaar.

**Verlies aan data en programme**

11.3.2. Ons vergoed u vir die redelike koste van die hersamestelling van data of programme wat verloor is omdat dit per ongeluk uitgewis is.

11.3.3. Ons vergoed u tot die perk aangedui in die skedule vir enige enkele verlies of reeks verliese wat die gevolg is van een gebeurtenis.

## 11.4. Wat ons nie verseker nie

**Uitwissing van data**

11.4.1. Vir verlies van data of programme, vergoed ons u nie vir toevallige uitwissing van data veroorsaak deur die volgende nie:

11.4.1.1. programfoute;

11.4.1.2. virusse, trojane, wurms of ander vernietigende media- of rekenaarprogramme;

11.4.1.3. verkeerde data-poswerk; en

11.4.1.4. korrupte data.

**Fisiese verlies of skade**

11.4.2. Vir fisiese verlies of skade, vergoed ons u nie vir die volgende nie:

11.4.2.1. verlies of skade wat verseker is ingevolge enige instandhoudings- of huurooreenkoms of -reëling;

11.4.2.2. verlies of skade wat verseker is ingevolge enige waarborg, dienskontrak of koopooreenkoms;

11.4.2.3. verlies of skade wat as gevolg van die volgende plaasvind:

11.4.2.3.a. slytasie, roes, muf, wegvreting, of agteruitgang;

11.4.2.3.b. geleidelike agteruitgang of herstelwerk of enige geleidelikwerkende oorsaak;

11.4.2.3.c. elektroniese of elektriese onklaarraking of versuim, tensy gepaardgaande met fisiese verlies of skade;

11.4.2.3.d. skoonmaak of opgradering van u rekenaar;

11.4.2.3.e. ontwikkeling van swak elektriese of elektroniese kontakte;

11.4.2.3.f. skrape aan die geverfde of gepoleerde oppervlakke;

11.4.2.3.g. virusse, trojane, wurms of ander vernietigende media of rekenaarprogramme;

11.4.2.4. u rekenaar werk op 'n ongereelde of ongewone manier, tensy veroorsaak deur fisiese skade wat verseker is;

11.4.2.5. onderdele van u rekenaar wat 'n kort lewensduur het. Voorbeelde hiervan is katodestraalbuise, gloeilampe en smeltdraadjies. Indien hierdie onderdele beïnvloed word wanneer u rekenaar beskadig is, vergoed ons u vir die oorblywende lewensduur van die onderdele ten tye van die skade;

11.4.2.6. u rekenaar word gesteel uit 'n onbewaakte motorvoertuig. Ons vergoed u indien u rekenaar in 'n geslote kattebak, of in 'n kompartement in 'n geslote voertuig was en daar sigbare tekens van geforseerde toegang is.

**Afstand-belemmering of -blokkering**

11.4.3. Ons vergoed u indien daar geen sigbare tekens van kragdadige toegang tot die voertuig is nie. U sal op die volgende grondslag vergoed word:

11.4.3.1. die item moet in die skedule gespesifiseer wees;

11.4.3.2. die maksimum vergoeding is die perk wat in die skedule aangedui word per item;

11.4.3.3. die maksimum vergoeding is die perk wat in die skedule aangedui word vir enige enkele gebeurtenis;

11.4.3.4. in die skedule is 'n bybetaling aangedui. Dit is die bedrag wat u aan ons moet betaal voordat ons u sal vergoed.

## 11.5. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

**Indien u rekenaar herstel kan word**

11.5.1. Indien u rekenaar fisies beskadig is en herstel kan word, vergoed ons u met die laagste bedrag van die volgende:

11.5.1.1. die koste van herstelwerk minus die bybetaling;

11.5.1.2. die bedrag waarvoor u verseker is minus die bybetaling.

**Indien u rekenaar nie herstel kan word nie**

11.5.2. Indien u rekenaar verloor of fisies beskadig is en nie herstel kan word nie, vergoed ons u met die laagste van die volgende:

11.5.2.1. die koste om u rekenaar te vervang met 'n rekenaar met die naaste moontlike werkverrigting en kapasiteit, minus die bybetaling;

11.5.2.2. die bedrag waarvoor u rekenaar verseker is, minus die bybetaling.

**Vergoedingsperk**

11.5.3. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule.

**Bybetaling**

11.5.4. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir hierdie afdeling. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

# 12. Regskoste Afdeling

## 12.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en enigeen wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *Regskoste* | beteken koste waarvoor u wettiglik aanspreeklik is. |

## 12.2. Wie ons verseker

12.2.1. Ons verseker slegs die volgende persone indien hulle in die skedule genoem word:

12.2.1.1. die polishouer;

12.2.1.2. lede van die polishouer se familie wat by hulle bly.

## 12.3. Wat ons verseker

12.3.1. Ons vergoed u vir regskoste wat ons skriftelik goedgekeur het, met betrekking tot die volgende:

12.3.1.1. 'n siviele hofsaak deur u;

12.3.1.2. 'n siviele hofsaak teen u;

12.3.1.3. verdediging van kriminele aanklagte teen u.

## 12.4. Wat ons nie verseker nie

12.4.1. Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

12.4.1.1. enige regsproses waar u nie redelike vooruitsigte van sukses het nie;

12.4.1.2. enige regsproses wat enigsins veroorsaak is deur:

12.4.1.2.a. u werk, besigheid, beroep of enige ander aktiwiteit waarvoor u betaal word;

12.4.1.2.b. die besit of gebruik van 'n voertuig, watervaartuig van enige soort, of lugvaartuig;

12.4.1.2.c. enigiets wat u gedoen het wat oneerlik, gewelddadig of onbehoorlik is;

12.4.1.2.d. grondinsakking wat die geleidelike sinking van grond is;

12.4.1.2.e. egskeiding, onderhoud, toesig, voogdyskap, kuratorskap of enige soortgelyke verrigtinge;

12.4.1.2.f. enige verrigtinge in verband met intellektuele eiendom, soos kopiereg, handelsmerke, handelsname, patente en ander soortgelyke kwessies;

12.4.1.2.g. laster (valse verklarings aan derde partye oor u wat u reputasie benadeel) of injuria, byvoorbeeld 'n belediging;

12.4.2. koste voortspruitend uit regsprosesse, arbitrasie, doodsondersoeke en statutêre ondersoeke:

12.4.2.1. tussen persone wat ingevolge hierdie afdeling verseker is;

12.4.2.2. aanhangig gemaak buite Suid-Afrika;

12.4.2.3. tussen u en ons.

## 12.5. Vergoeding

12.5.1. Regskoste waarvoor u aanspreeklik is ingevolge 'Wat ons verseker'.

**Vergoedingsperk**

12.5.2. Ons vergoed u tot en met die perk aangedui in die skedule.

**Bybetaling**

12.5.3. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir regskostes. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergod.

# 13. Uitgebreide Persoonlike Aanspreeklikheid Afdeling

## 13.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en enigeen wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *Onderliggende versekering* | beteken 'n aktiewe versekeringspolis wat u met 'n versekeraar in of buite Suid-Afrika het wat u verseker vir:<br>• Persoonlike Aanspreeklikheid;<br>• Huiseienaarsaanspreeklikheid;<br>• Huisbewonersaanspreeklikheid;<br>• Motoraanspreeklikheid;<br>• Watervaartuigaanspreeklikheid,<br>met enige versekeraar buite Suid-Afrika wat dekking verskaf vir Motor- of Watervaartuigaanspreeklikheid |

## 13.2. Wie ons verseker

13.2.1. Ons verseker slegs die volgende persone indien hulle in die skedule genoem word:

13.2.1.1. die polishouer;

13.2.1.2. lede van die polishouer se familie wat by hulle bly.

## 13.3. Wat ons verseker

**Aanspreeklikheidseise wat ontstaan weens gebeurtenisse enige plek ter wêreld**

13.3.1. Hierdie versekering is van toepassing wanneer u aanspreeklik gehou word vir enige bedrag as gevolg van 'n gebeurtenis wat plaasgevind het gedurende die versekeringstydperk enige plek ter wêreld.

13.3.2. Die versekering is slegs van toepassing indien u 'n aktiewe onderliggende versekeringspolis het wat die tipe aanspreeklikheid waarvoor u aanspreeklik gehou word, verseker en:

13.3.2.1. u onderliggende versekeraar vir enige rede nie die aanspreeklikheid dek nie, behalwe indien u versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde van die onderliggende versekeringspolis;

13.3.2.2. die vergoeding waarvoor u aanspreeklik is, meer is as die vergoedingsperk wat u onderliggende versekeringspolis dek, en die onderliggende versekeraar die volle bedrag van daardie perk betaal het of ooreengekom het om dit te betaal;

13.3.2.3. u onderliggende versekeringspolis aktief is en u nie teenstrydig met die voorwaardes van die onderliggende versekering is nie.

## 13.4. Vergoeding

13.4.1. Die vergoeding sluit die volgende in:

13.4.1.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

13.4.1.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

13.4.1.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om die eis teen u te skik of te verdedig.

13.4.2. Ons betaal slegs vergoeding bó die volgende bedrae:

13.4.2.1. R5 000 000 vir die afdeling Persoonlike Aanspreeklikheid;

13.4.2.2. R5 000 000 vir die afdeling Motoraanspreeklikheid;

13.4.2.3. R1 000 000 vir die afdeling Watervaartuigaanspreeklikheid.

**Vergoedingsperk**

13.4.3. Die vergoeding is beperk tot en met die perk aangedui in die skedule ten tye van die Versekerde gebeurtenis. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of vir 'n reeks voorvalle wat die gevolg is van een gebeurtenis in enige 12 maande-versekeringstydperk.

**Aanspreeklikheid vir besoedeling of kontaminasie**

13.4.4. Die versekering is ook van toepassing wanneer u aanspreeklik gehou word vir besoedeling of kontaminasie wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk. Die besoedeling of kontaminasie moes deur 'n skielike, onvoorsiene, onopsetlike en onverwagte gebeurtenis veroorsaak gewees het.

**Vergoeding**

13.4.5. Die vergoeding vir aanspreeklikheid vir besoedeling of kontaminasie sluit die volgende in:

13.4.5.1. die bedrae waarvoor u aanspreeklik is;

13.4.5.2. regskoste van die ander persoon waarvoor u aanspreeklik is;

13.4.5.3. koste wat u met ons toestemming aangaan om die eis teen u te skik of te verdedig.

**Vergoedingsperk**

13.4.6. Die vergoeding is beperk tot en met die perk aangedui in die skedule ten tye van die Versekerde gebeurtenis. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of vir 'n reeks voorvalle wat die gevolg is van een gebeurtenis in enige 12 maande-versekeringstydperk.

**Bybetaling**

13.4.7. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir hierdie afdeling. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

## 13.5. Wat ons nie verseker nie

**Uitsprake of skikkings ingevolge VSA- en Kanadese wetgewing**

13.5.1. Ons vergoed nie vir die volgende nie:

13.5.1.1. enige beslissing of skikking gemaak in lande wat die wette van die VSA of Kanada navolg;

13.5.1.2. enige bevel gemaak om 'n beslissing of skikking wat in die VSA of Kanada gemaak is, af te dwing.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot u werk, besigheid en eiendom**

13.5.2. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid as gevolg van die volgende nie:

13.5.2.1. u werk, besigheid of beroep. Dit sluit in as u enigiets verkoop of dienste verskaf vir enige soort betaling;

13.5.2.2. uithuur van enige eiendom, hetsy roerende of vaste eiendom, vir geld of ander voordeel, tensy die vaste eiendom gebruik word as 'n Privaathuis of buitegebou en deur u onderliggende versekering gedek is;

13.5.2.3. die koop, verkoop of verruil van enige roerende of vaste eiendom, of enige aanspreeklikheid wat ontstaan omdat u versuim het om u verpligtinge met betrekking tot so 'n verkoop of verruiling na te kom.

**Aanspreeklikheid weens roekelose of opsetlike dade deur u**

13.5.3. Ons vergoed nie vir die volgende nie:

13.5.3.1. aanspreeklikheidseise wat ontstaan omdat u die gevolge van wat u doen of nie doen nie roekeloos geïgnoreer het;

13.5.3.2. aanspreeklikheidseise wat ontstaan uit u eie oneerlike of bedrieglike of kwaadwillige daad;

13.5.3.3. aanspreeklikheidseise wat ontstaan uit 'n fisiese aanval of verleiding wat u pleeg.

**Aanspreeklikheid tussen persone verseker ingevolge dieselfde polis**

13.5.4. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid tussen mense verseker ingevolge hierdie polis ten tye van die gebeurtenis wat die aanspreeklikheid veroorsaak het nie.

**Indien u ander versekering het**

13.5.5. Ons vergoed nie vir aanspreeklikheid wat ontstaan uit verlies van of skade aan eiendom tot die mate wat dit deur enige ander versekeringspolis gedek is nie.

**Aanspreeklikheid met betrekking tot voertuie, lugvaartuie en watervaartuie**

13.5.6. Ons vergoed nie vir die volgende nie:

13.5.6.1. enige aanspreeklikheid as gevolg van die eienaarskap of gebruik van enige lugvaartuie. Ons vergoed u vir aanspreeklikheid as gevolg van die gebruik of eienaarskap van modellugvaartuie en hangsweeftuie;

13.5.6.2. enige aanspreeklikheid met betrekking tot 'n wet wat die gebruik van motorvoertuie beheer, indien:

13.5.6.2.a. u volgens wet teen die aanspreeklikheid moet verseker; of

13.5.6.2.b. die staat of enige regeringsliggaam of owerheid aanspreeklikheid vir die eis aanvaar;

13.5.6.3. enige aanspreeklikheid vir die verlies van of skade aan 'n motorvoertuig, watervaartuig of lugvaartuig wat u besit of wat u versorg of beheer;

13.5.6.4. enige aanspreekliheid met betrekking tot Motoraanspreeklikheid tensy:

13.5.6.4.a. dit deur u onderliggende versekering gedek is; of

13.5.6.4.b. die enigste rede waarom dit nie deur u onderliggende versekering gedek is nie, is omdat dit buite die lande waar die onderliggende versekering van toepassing is, val;

13.5.6.5. enige aanspreeklikheid voortspruitende uit die gebruik of eienaarskap van vierwiel-motorfietse, alle terrein-voertuie en gholfkarretjies;

13.5.6.6. enige Watervaartuigaanspreeklikheid indien die maksimum ontwerpspoed van die watervaartuig meer is as 100 kilometer per uur. Indien die ontwerpspoed minder is, vergoed ons slegs vir Watervaartuigaanspreeklikheid indien:

13.5.6.6.a. dit deur u onderliggende versekering gedek is; of

13.5.6.6.b. die enigste rede waarom dit nie deur u onderliggende versekering gedek is nie, is dat dit buite die lande waar die onderliggende versekering van toepassing is, val.

**Boetes en strafvoltrekkings**

13.5.7. Ons vergoed nie vir enige bestraffende skadevergoeding, boetes of strafvoltrekkings waarvoor u aanspreeklik gehou word nie, tensy u aanspreeklik sou gewees het indien daar geen klousules of waarborge was nie.

**Skuld**

13.5.8. Ons vergoed nie vir enige aanspreeklikheid met betrekking tot die volgende nie:

13.5.8.1. enige skuld;

13.5.8.2. u versuim om onderhoud te betaal;

13.5.8.3. 'n belofteverbreking-aksie

**MIV en VIGS**

13.5.9. Ons betaal nie vergoeding vir enige aanspreeklikheid wat met die volgende verband hou nie:

13.5.9.1. enige mediese toestand veroorsaak deur of wat verband hou met Menslike Immuniteitsgebrekvirus (MIV) of enige variasie van MIV;

13.5.9.2. enige mediese toestand veroorsaak deur of wat verband hou met Verworde Immuniteitsgebreksindroom (VIGS), of enige soortgelyke toestand.

# 14. Ontvallingsonkoste Afdeling

## 14.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander persone wat in die skedule genoem word. |
| *Ongeluk* | beteken 'n gebeurtenis wat buite die liggaam is wat u nie kon vermy nie, wat u nie bedoel het nie en wat u nie verwag het nie of kon voorsien. |
| *Natuurlike oorsake* | beteken dood weens oorsake behalwe ongelukke. |

## 14.2. Wie ons verseker

14.2.1. Ons gee slegs vergoeding vir Ontvallingsonkoste vir die volgende persone:

14.2.1.1. die polishouer;

14.2.1.2. die polishouer se gade;

14.2.1.3. die ouers van beide die polishouer en die polishouer se gade;

14.2.1.4. die ongetroude kinders van die polishouer en die polishouer se gade.

14.2.1.5. die heeltydse huishoudelike personeel van die polishouer en die polishouer se gade;

14.2.1.6. mede-polishouer;

14.2.1.7. hierdie familielede moet in die skedule benoem word om verseker te wees.

## 14.3. Wat ons verseker

**Ons vergoed vir ontvallingsonkoste**

14.3.1. Indien u sterf aan natuurlike oorsake of weens 'n ongeluk, vergoed ons u, u boedel of u begunstigde vir die ontvallingsonkoste soos aangedui in die skedule.

**Repatriasiekoste**

14.3.2. Repatriasie beteken u liggaam word na Suid-Afrika teruggebring indien u sterf terwyl u buite Suid-Afrika is. Ons vergoed u, u begunstigde of u boedel met die redelike koste tot die perk wat in die skedule aangedui is om u liggaam na Suid-Afrika terug te bring.

## 14.4. Wat ons nie verseker nie

**Dood weens selfmoord**

14.4.1. Ons vergoed nie vir selfmoord wat plaasvind binne 2 jaar van die datum waarop die persoon die eerste keer in hierdie afdeling bygevoeg is nie.

**Dood weens voorafbestaande mediese toestand**

14.4.2. Ons vergoed nie vir dood weens 'n voorafbestaande mediese toestand indien die dood plaasvind binne 6 maande van die datum waarop u die persoon die eerste keer in hierdie afdeling bygevoeg het nie.

## 14.5. Vergoeding

**Vergoedingsperk**

14.5.1. Ons gee vergoeding vir die perk aangedui in die skedule.

## 14.6. Hoe om te eis

14.6.1. Indien nodig, moet u die dood aan die polisie rapporteer en 'n saaknommer kry.

14.6.2. Kontak ons onmiddellik na die dood sodat ons u, die begunstigde of die eksekuteur van u boedel kan inlig oor die inligting wat ons nodig het en oor die eisproses. Voorbeelde van inligting wat ons kan vra, is:

14.6.2.1. skriftelike besonderhede van die eis;

14.6.2.2. 'n doodsertifikaat;

14.6.2.3. bewys, verklarings, en enige ander inligting of dokumente wat ons nodig het.

14.6.3. Binne 3 maande van die dood, moet u ons voorsien van al die inligting waarvoor ons gevra het. Indien u nie al die inligting wat ons vra binne 3 maande van die eis verskaf het nie, mag ons nie die eis aanvaar nie.

# 15. Hospitaalkontantplan Afdeling

## 15.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander mense wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *Mediese Praktisyn* | beteken 'n gekwalifiseerde en geregistreerde Mediese Praktisyn. Ingevolge hierdie afdeling kan 'n Mediese Praktisyn nie u of 'n lid van u naaste familie wees nie. |
| *Ongeluk* | beteken 'n gebeurtenis wat buite die liggaam is wat u nie kon vermy het nie, wat u nie bedoel het nie en wat u nie kon verwag of voorsien het nie. |
| *Begindatum* | beteken die laatste van die die volgende datums:<br>• die datum waarop die versekering begin, soos in die skedule aangedui;<br>• die datum waarop enige verandering in die vergoedingsperk van krag raak;<br>• die datum waarop enige persoon by hierdie versekering gevoeg word. |

## 15.2. Wie ons verseker

15.2.1. Ingevolge hierdie afdeling, verseker ons slegs die polishouer, hul gade, hul kinders, die ouers van die polishouer en die polishouer se gade. Kinders sluit in al die polishouer se ongetroude kinders. Ons vergoed slegs mense wat aan al die volgende voorwaardes voldoen:

15.2.1.1. hulle moet in die skedule genoem word;

15.2.1.2. hulle moet gewoonlik saam met die polishouer bly;

15.2.1.3. kinders moet ouer as 6 maande en jonger as 18 jaar oud wees;

15.2.1.4. hulle moet jonger as 80 jaar oud wees;

15.2.1.5. hulle moet permanent in Suid-Afrika woon. Hierdie versekering sal egter van toepassing wees indien u Suid-Afrika vir tydperke van korter as drie maande op 'n slag verlaat.

15.2.2. Elke persoon kan slegs verseker word deur een Hospitaalkontantplan wat ons uitreik.

## 15.3. Wat ons verseker

**Vergoeding vir elke dag wat u in die hospitaal is**

15.3.1. Indien u gehospitaliseer word, vergoed ons u vir elke dag wat u in die hospitaal is. Die hospitalisasietydperk sluit die dag in waarop u opgeneem is, maar sluit die dag uit waarop u ontslaan is.

15.3.2. Om vir die voordeel te kwalifiseer, moet u in die hospitaal opgeneem word vir minstens 24 uur as 'n geregistreerde hospitaalpasiënt op aanbeveling van 'n mediese praktisyn.

**Die hospitaal moet aan hierdie voorwaardes voldoen**

15.3.3. Ons vergoed u slegs indien die hospitaal aan al die volgende voorwaardes voldoen:

15.3.3.1. daar moet permanente en voltydse fasiliteite wees vir die versorging van pasiënte wat oornag bly;

15.3.3.2. daar moet diagnostiese en terapeutiese fasiliteite wees vir hoof-chirurgiese en -mediese diagnoses en die behandeling en versorging van beseerde en siek mense;

15.3.3.3. daar moet mediese praktisyns wees om die diagnose, behandeling en versorging te lei en te kontroleer;

15.3.3.4. daar moet 'n 24-uur-'n-dag-verpleegdiens wees onder toesig van verpleegsters met staatsgeregistreerde of gelykwaardige kwalifikasies.

15.3.4. Die volgende word nie beskou as hospitale ingevolge hierdie afdeling nie: sielsieke inrigtings; rusplekke; tehuise vir bejaardes; tehuise vir dwelmslawe of alkoholiste; verpleeg- of hersteloorde; langtermyn-verpleegeenhede; geriatriese sale; hospiese; tehuise vir invalides; voor-herstelsale of uitgebreide versorgingsfasiliteite om te herstel, of rehabilitasiefasiliteite.

**Indien u meer as een keer opgeneem word**

15.3.5. Indien u meer as een keer in die hospitaal opgeneem word in 'n 12-maande-tydperk, en elke keer vir dieselfde oorsaak, beskou ons die afsonderlike hospitaalopnames as een hospitaalopname.

15.3.6. Indien u meer as een keer in die hospitaal opgeneem word in 'n 12-maande-tydperk, en elke keer vir 'n verskillende oorsaak, beskou ons die verskillende hospitaalopnames as afsonderlik.

## 15.4. Wat ons nie verseker nie

15.4.1. Ons vergoed u nie ingevolge hierdie afdeling vir behandeling van siekte, besering of fisiese gebrek wat deur een van die volgende veroorsaak is nie:

15.4.1.1. behandeling vir die gevolge van alkohol;

15.4.1.2. bestuur met meer as die wettig toegelate alkoholvlak in die bloed;

15.4.1.3. indien die besering die direkte gevolg was van die feit dat u onder die invloed van alkohol was;

15.4.1.4. opsetlike, selftoegediende besering;

15.4.1.5. selfmoord of poging tot selfmoord;

15.4.1.6. swangerskap of kindergeboorte;

15.4.1.7. geestesongesteldheid of geestesversteuring tensy dit behoorlik beheer is deur 'n gekwalifiseerde dokter;

15.4.1.8. diabetes (tensy dit behoorlik deur 'n gekwalifiseerde dokter beheer word);

15.4.1.9. die neem van 'n verdowingsmiddel tensy dit geneem word volgens behoorlike mediese advies en nie om dwelmverslawing te behandel nie;

15.4.1.10. enige siekte of besering wat verband hou met of die gevolg is van, MIV of VIGS. Indien ons glo dat u siekte of besering verband hou met of 'n gevolg is van, MIV of VIGS, sal u die teenoorgestelde moet bewys voordat ons u eis sal aanvaar;

15.4.1.11. aangebore toestande of kindersiektes opgedoen deur 'n kind wat ingevolge hierdie afdeling verseker is;

15.4.1.12. om te vlieg behalwe as 'n passasier in 'n wettig gelisensieerde passasiersvliegtuig;

15.4.1.13. kosmetiese of plastiese chirurgie, behalwe as gevolg van 'n ongeluk of siekte.

15.4.2. Ons vergoed u slegs vir die bedrag waarvoor u verseker is ingevolge hierdie polis op die datum van die ongeluk of siekte.

## 15.5. Vergoeding

**Vergoedingsperk**

15.5.1. Ons vergoed u met die perk aangedui in die skedule vir hierdie afdeling vir elke dag wat u in die hospitaal is. Die maksimum tydperk waarvoor ons vergoeding gee vir enige enkele oorsaak is 365 dae. Die 365 dae hoef nie aaneenlopend te wees nie.

15.5.2. Hierdie polis moet geldig wees wanneer daar vir die voordeel geëis word.

**Ongeluksvoordeel: 50% meer**

15.5.3. Indien u in 'n hospitaal opgeneem word as gevolg van 'n ongeluk, verhoog ons die vergoedingsperk met 50%.

**Buite Suid-Afrika: Dubbele voordeel**

15.5.4. Indien u vir 3 maande of korter buite Suid-Afrika is en gedurende daardie tyd in die hospitaal opgeneem word, verdubbel ons die vergoedingsbedrag.

**Wagtydperke voordat u kan eis**

**30 dae vir eise behalwe ongelukke**

15.5.5. U kan slegs vir hospitaalverblyf eis wat begin na die eerste 30 dae van die begindatum van hierdie afdeling.

15.5.6. Indien die oorsaak van die hospitaalopname 'n ongeluk is, kan u enige tyd na die begindatum van hierdie afdeling eis.

**Histerektomies het 'n wagtydperk van 12 maande**

15.5.7. U kan slegs eis vir hospitaalopnames vir 'n histerektomie indien die histerektomie meer as 12 maande na die begindatum van die betrokke persoon se versekering ingevolge hierdie afdeling plaasgevind het.

**Bestaande mediese toestande het 'n wagtydperk van 12 maande**

15.5.8. 'n Bestaande mediese toestand is 'n toestand waarvoor 'n mediese praktisyn enige behandeling of advies gegee het insluitende konsultasies om die toestand te monitor. Die behandeling of advies moet plaasvind gedurende die 12 maande voor die betrokke persoon se versekering ingevolge hierdie afdeling begin het.

15.5.9. U kan slegs eis vir hospitaalopnames met betrekking tot bestaande mediese toestande indien een van die volgende voorwaardes nagekom is:

15.5.9.1. u word opgeneem in die hospitaal langer as 12 maande na die betrokke persoon se versekering ingevolge hierdie afdeling begin het;

15.5.9.2. hospitalisasietydperke is langer as 12 maande uitmekaar.

## 15.6. Hoe om te eis

15.6.1. U moet:

15.6.1.1. enige mediese sertifikate en ander bewyse waarvoor ons vra, aan ons gee. U is verantwoordelik vir die koste om hierdie dokumente te kry.

15.6.1.2. enige mediese ondersoeke wat ons vereis, ondergaan. Ons betaal vir hierdie mediese ondersoeke.

15.6.1.3. indien ons te eniger tyd nadat ons die eis geskik het, ontdek dat die eis bedrieglik was, moet u enige bedrae wat ons betaal het om die eis te skik, aan ons terugbetaal.

# 16. Meganiese en Elektriese Onklaarraking Afdeling

## 16.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander mense wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |
| *Versekerde items* | beteken enige huishoudelike toestelle wat in die skedule beskryf is. 'n paar voorbeelde:<br>• televisies, DVD-spelers, klankhoëtroutoestelle, huisteaterstelsels;<br>• yskaste, stowe, oonde, mikrogolfoonde;<br>• wasmasjiene, tuimeldroërs, skottelgoedwassers. |
| *Huis* | beteken die hoofgeboue en Buitegeboue geleë by die adres aangedui in die skedule. |

## 16.2. Wie ons verseker

16.2.1. Ingevolge hierdie afdeling, verseker ons:

16.2.1.1. die polishouer;

16.2.1.2. lede van die polishouer se gesin wat by hulle bly.

## 16.3. Wat ons verseker

16.3.1. Ons vergoed u vir skielike meganiese en elektriese skade aan die versekerde item wat u nie kon voorsien nie.

16.3.2. Ons vergoed u indien die versekerde item ten tye van die skade binne die Huis was.

## 16.4. Wat ons nie verseker nie

**Verlies of skade wat ons nie verseker nie**

**Diefstal**

16.4.1. Ons vergoed u nie vir skade veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal nie.

**Slytasie en agteruitgang**

16.4.2. Ons vergoed u nie vir geleidelikwerkende oorsake soos slytasie, roes, muf, wegvreting, bederf, erosie, agteruitgang nie. Dit sluit skade as gevolg van lig, sonlig of normale klimatiese toestande in.

**Reiniging, kleuring, opknapping of herstelwerk**

16.4.3. Ons vergoed u nie vir verlies of skade veroorsaak deur reiniging, kleuring, opknapping of herstelwerk nie.

**Konfiskering of terughouding**

16.4.4. Ons vergoed u nie vir verlies of skade aan items wat deur 'n regsproses gekonfiskeer of teruggehou word nie.

**Gebruik of hantering van items op die verkeerde manier**

16.4.5. Ons vergoed u nie vir skade nie omdat:

16.4.5.1. gereedskap op die verkeerde manier op die versekerde item gebruik is;

16.4.5.2. u of enige ander persoon foute gemaak het toe die versekerde item geïnstalleer is;

16.4.5.3. die versekerde item nie in stand gehou is soos die vervaardiger aanbeveel het nie;

16.4.5.4. die versekerde item gebruik is vir iets anders as sy normale huisgebruik.

16.4.5.5. die skade waarvoor voorsiening gemaak is in terme van die waarborg of vrywaring uitgereik deur die vervaardigers van enige elektriese toerusting

**Skade aan glas en lense**

16.4.6. Ons vergoed u nie vir skade aan glas, insluitende gekrapte lense, nie.

**Skade aan onderdele van die versekerde eiendom wat 'n kort lewenstyd het**

16.4.7. Ons vergoed u nie vir skade aan onderdele van die versekerde item wat 'n kort leeftyd het nie. 'n Paar voorbeelde is:

- batterye, gloeilampe;
- luidsprekers;
- bande, linte;
- waarskuwingsligte;
- die plaat binne die mikrogolf;
- gloeilampe, horlosies;
- spuitslange;
- lug- en waterfilters;
- sekeringsdrade;
- bande, knoppe;
- skermbeskermers;
- bykomstige kabels;
- verwyderbare stoortoestelle;
- verouderde onderdele;
- afstandbeheertoestelle.

**Skade aan rekenaars, skootrekenaars, handrekenaars, iPads, tablette en dataverwerkingstoerusting**

16.4.8. Ons vergoed u nie vir skade aan rekenaars, skootrekenaars en dataverwerkingstoerusting nie.

**Skade aan elektriese hekmotors**

16.4.9. Ons vergoed u nie vir skade aan elektriese hekmotors nie.

## 16.5. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

16.5.1. Ons kan een of meer van die volgende maniere kies om u te vergoed:

16.5.1.1. betaling van die koste van die skade;

16.5.1.2. vervanging van wat ook al beskadig is;

16.5.1.3. herstelling van wat ook al beskadig is.

**Vergoedingsperk**

16.5.2. Ons vergoed u tot die perk wat in die skedule verskyn.

**Bybetaling**

16.5.3. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir elke item wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. Dit is die bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

## 16.6. Spesiale voorwaardes

16.6.1. U moet aan ons aanvaarbare bewys lewer dat u 'n item besit, of aanvaarbare bewys van die waarde daarvan, indien ons dit versoek.

# 17. Premiekwytskelding vir Uitdiensstelling of Oorbodigheid Afdeling

**Hierdie afdeling is slegs van toepassing op maandelikse polisse en nie jaarlikse polisse nie.**

## 17.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en die polishouer se gade soos genoem in die skedule. |
| *Oorbodigheid* | beteken die beëindiging van u diens deur u werkgewer omdat u werkgewer nuwe tegnologie instel of die besigheid herorganiseer. |
| *Uitdiensstelling* | beteken die beëindiging van u diens deur u werkgewer as gevolg van swak marktoestande of die likwidasie van die besigheid of enige ander besigheidsbesluit van die werkgewer wat vermindering van personeel tot gevolg het. |

## 17.2. Wie ons verseker

17.2.1. Die polishouer en die polishouer se gade wat in die skedule genoem word.

## 17.3. Wat ons verseker

**Premies in die geval van oorbodigheid of uitdiensstelling**

17.3.1. Ons betaal die premies vir hierdie polis indien u oorbodig raak of uit diens gestel word.

## 17.4. Wat ons nie verseker nie

17.4.1. Ons betaal nie die premies vir hierdie polis vir oorbodigheid of uitdiensstelling in die volgende gevalle nie:

17.4.1.1. u het nie enige premies verskuldig op hierdie polis betaal nie;

17.4.1.2. u oorbodigheid of uitdiensstelling vind plaas binne die eerste 90 dae vanaf die begindatum van hierdie afdeling;

17.4.1.3. u aanvaar vrywillige uitdiensstelling;

17.4.1.4. u is werkloos omdat u afgetree of bedank het;

17.4.1.5. u is werkloos omdat u swanger is of geboorte skenk;

17.4.1.6. u werk is seisoengebonde;

17.4.1.7. u vastetermynkontrak het tot 'n einde gekom, of u het die werk waarvoor u spesifiek indiens geneem is, klaargemaak;

17.4.1.8. u het u werk verloor omdat u skuldig bevind is aan bedrog, oneerlikheid of enige wangedrag;

17.4.1.9. u het u werk verloor weens enige onwettige staking waaraan u deelgeneem het of enige uitsluiting deur u werkgewer;

17.4.1.10.het van u werk gedros. Om te dros beteken om u werk op 'n geheime of skielike manier te verlaat;

17.4.1.11.werk in die informele sektor;

17.4.1.12.en u werk vir uself.

## 17.5. Vergoeding

**Hoe ons u vergoed**

17.5.1. Ons vergoed u vir 'n maksimum van 6 maandelikse premies deur u premies namens u te betaal. Die vergoeding is die waarde van u maandelikse premies wat op die polis verskuldig is op die datum van u uitdiensstelling of oorbodigheid.

**Vergoedingsperk**

17.5.2. Ons vergoed u tot die perk aangedui in die skedule.

## 17.6. Spesiale voorwaardes

**U moes vir 'n aaneenlopende tydperk gewerk het**

17.6.1. Ons vergoed u slegs indien u voltyds gewerk het vir 12 opeenvolgende maande onmiddellik voor u oorbodigheid of uitdiensstelling. U moet terugkeer na voltydse indiensneming vir 12 aaneenlopende maande voordat nog 'n eis ingestel kan word.

**U voordele sal nie verhoog word nie**

17.6.2. Ons sal geen voordele ingevolge hierdie afdeling verhoog indien u mondelings of skriftelik in kennis gestel word dat u uitdiensstelling of oorbodig gemaak gaan word nie.

**Slegs tot u 66ste verjaardag**

17.6.3. Ons vergoed u slegs indien u oorbodigheid of uitdiensstelling voor u 66ste verjaardag plaasvind.

**Wagtydperke is van toepassing op heringestelde polisse**

17.6.4. Indien hierdie polis verstryk of gekanselleer word vir enige rede en ons ooreenkom om die polis weer in te stel, sal die wagtydperk weer van toepassing wees vanaf die datum waarop die dekking heringestel is.

**Stel Ons in kennis van u uitdiensstelling**

17.6.5. U moet ons in kennis stel van u uitdiensstelling sodra u skriftelik van u naderende uitdiensstelling in kennis gestel word.

# 18. Identiteitdiefstal Afdeling

## 18.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | beteken die polishouer en ander mense wat ons ingevolge hierdie afdeling verseker. |

## 18.2. Wie ons verseker

18.2.1. Ons verseker die polishouer, hul gade en enige familielede wat in die skedule genoem word. Om verseker te word, moet die persoon permanent saam met die polishouer bly en finansieel afhanklik wees van die polishouer.

## 18.3. Wat ons verseker

**U moet dekking hê ten tye van die identiteitdiefstal**

18.3.1. Ons vergoed u slegs ingevolge hierdie afdeling indien die volgende voorwaardes nagekom is:

18.3.1.1. die identiteitdiefstal (soos hieronder beskryf) vind plaas;

18.3.1.2. 'n eis word teen u ingebring deur 'n krediteur of invorderingsagentskap of iemand wat namens hulle optree of u word bewus van 'n moontlike eis ingevolge hierdie afdeling.

18.3.2. U kan eis vir identiteitdiefstal wat enige tyd plaasgevind het vanaf die begindatum van hierdie afdeling tot een jaar na die einddatum van hierdie afdeling van die polis.

**Identiteitdiefstal vir 'n lening of rekening**

18.3.3. Ons vergoed u slegs indien 'n ander persoon of entiteit u identiteit aanneem om:

18.3.3.1. 'n lening te kry;

18.3.3.2. 'n kredietrekening oop te maak;

18.3.3.3. 'n bestaande rekening oor te neem.

**Redelike koste wat ons vir identiteitdiefstal verseker**

**Regsonkoste in sekere gevalle**

18.3.4. Ons vergoed u vir redelike regskoste om enige regsaksie teen u deur 'n krediteur of invorderingsagentskap of iemand wat namens hulle optree, te verdedig. Dit sluit in:

18.3.4.1. siviele stappe as gevolg van identiteitdiefstal;

18.3.4.2. kriminele stappe waar u aangekla word van onwettige dade wat iemand anders gepleeg het terwyl u identiteit gebruik was.

18.3.5. Ons vergoed u vir:

18.3.5.1. verwydering van enige siviele of kriminele oordeel wat wederregtelik teen u gespreek is as gevolg van die identiteitdiefstal;

18.3.5.2. bevraagtekening van die akkuraatheid of volledigheid van enige inligting in u verbruikerskredietrekord. Dit is, indien verkeerde inligting aan die kredietagentskap of finansiële instelling gegee is.

**Inkomste wat u verloor het weens tyd weg van die werk**

18.3.6. Ons vergoed u vir onbetaalde verlof van u werk of beroep indien die enigste rede waarom u tyd afgevat het, die identiteitdiefstal was.

18.3.7. Ons vergoed u vir inkomste verloor as gevolg van werksdae wat u afgevat het terwyl u versekering ingevolge hierdie afdeling gehad het, of binne 12 maande van die einddatum van hierdie polis.

18.3.8. Ons vergoed u nie vir verlofdae of siektedae nie.

18.3.9. Ons vergoed u nie indien u in eie diens is nie.

**Bedrae wat u aan 'n krediteur moet betaal**

18.3.10. Ons vergoed u vir u werklike verlies weens 'n regsaanspreeklikheid om 'n krediteur te betaal. Ons vergoed u slegs indien enige van die volgende kaarte of rekeninge sonder u toestemming in u naam geopen is,:

18.3.10.1.OTM-kaart-, kredietkaart- of debietkaartrekening;

18.3.10.2.bankrekening;

18.3.10.3.ander kredietrekeninge.

**Verskeie ander onkoste**

18.3.11. Ons vergoed u vir:

18.3.11.1.koste om aansoeke vir lenings of ander krediet- of debietrekeninge weer in te dien. Dit is indien die uitlener u aansoek geweier het slegs omdat hulle verkeerde inligting ontvang het as gevolg van identiteitdiefstal;

18.3.11.2.redelike koste om 'n notaris te kry om dokumente met betrekking tot u identiteitdiefstal na te gaan;

18.3.11.3.redelike koste vir langafstand-telefoonoproepe, en geregistreerde pos as gevolg van u pogings om 'n identiteitdiefstal te rapporteer;

18.3.11.4.koste om die akkuraatheid of volledigheid van enige inligting in u kredietgeskiedenis te betwis;

18.3.11.5.koste vir 'n maksimum van vier kredietverslae per voorval van identiteitdiefstal, van 'n entiteit wat ons goedkeur. u moes vir die kredietverslae gevra het gedurende die 12 maande na die ontdekking van die identiteitdiefstal.

## 18.4. Wat ons nie verseker nie

**Identiteitdiefstal-oneerlikheid**

18.4.1. Ons vergoed u nie indien die identiteitdiefstal verband hou met enige oneerlike, kriminele, kwaadwillige of bedrieglike dade wat u of 'n familielid wat nie in die skedule genoem is nie, gepleeg het, van kennis gedra het of beplan het nie.

**Verlies wat voortspruit uit besigheid**

18.4.2. Ons vergoed u nie vir verlies wat met u besigheid verband hou nie.

**Koste vir dood, beserings of ander verlies**

18.4.3. Ons vergoed u nie vir dood, besering, siekte, kwale, ongeskiktheid, skok, geestelike angs of verstandelike besering wat die gevolg is van identiteitdiefstal nie. Dit sluit in enige versorging wat u nodig mag kry, of enige ander verlies wat ons nie as 'n koste wat ons verseker, spesifieer nie.

**Kredietkaartgelde indien u nie bepalings, voorwaardes en uitsluitings nagekom het nie**

18.4.4. Ons vergoed u nie vir kredietkaartgelde vir gesteelde kredietkaarte indien u nie al die bepalings, voorwaardes en uitsluitings waarvolgens die kaarte uitgereik was, nagekom het nie.

## 18.5. Vergoeding

**Vergoedingsperk**

18.5.1. Ons vergoed u tot die perk wat in die skedule aangedui word vir elke voorval van identiteitdiefstal.

**Bybetaling**

18.5.2. Daar is 'n bybetaling in die skedule vir identiteitdiefstal. Dit is die eerste bedrag wat u moet betaal voordat ons u sal vergoed.

## 18.6. Spesiale voorwaardes

**Die krediteur moet inligting bevestig**

18.6.1. Die krediteur moet enige bedrae wat u skuld as gevolg van identiteitdiefstal skriftelik bevestig.

**U moet saamwerk met ons ondersoek**

18.6.2. U moet ons toestemming gee om u boeke en finansiële rekords te ondersoek.

18.6.3. U moet saam met ons werk en ons help om enige wetlike regte wat u of ons in verband met u identiteitdiefstal mag hê, af te dwing. Dit sluit in om getuienis te lewer insluitend in enige geregtelike of ander verrigtinge wat nodig is om die identiteitdiefstal af te handel.

**U moet stappe neem om verdere identiteitdiefstal te vermy**

18.6.4. U moet alle redelike stappe neem om verdere verlies weens identiteitdiefstal te voorkom.

**Stel die polisie en finansiële instellings binne 24 uur in kennis**

18.6.5. U moet die polisie, u bank, die maatskappy wat u OTM-, debiet- of kredietkaart uitgereik het, die finansiële instelling, of enige ander relevante entiteit, binne 24 uur van die ontdekking van die identiteitdiefstal, daarvan in kennis stel. Indien u dit nie doen nie, aanvaar ons nie u eis nie.

## 18.7. Hoe om te eis

**U moet ons bewys gee wanneer u eis**

18.7.1. Indien u vir verlore inkomste eis, moet u al die volgende ingee:

18.7.1.1. bewys van u werkgewer dat u onbetaalde verlof geneem het. Hierdie inligting moet deur 'n Kommissaris van Ede gesertifiseer wees;

18.7.1.2. bewys dat dit nodig was om tyd van die werk af te neem;

18.7.1.3. kopieë van enige aanskrywings, kennisgewings, dagvaardings, klagtes of regsdokumente wat met die identiteitdiefstal verband hou.

18.7.2. Indien u dit nie doen nie, sal ons nie u eis aanvaar nie.

# 19. Tuiswerkgewers-arbeidsgeskille Afdeling

## 19.1. Definisies in hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| *U* | verwys na die polishouer en hul gade. |
| *Huishoudelike* | is enigeen wat u oorweeg om in diens te neem, in diens het of in diens personeel geneem het vir huishoudelike pligte vir vergoeding by u Privaathuis. |
| *Onbillike arbeidspraktyke* | beteken:<br>• onredelike diskriminasie teen enige huishoudelike personeel op grond van ras, geslag, swangerskap, geboorte, kleur, etniese of sosiale oorsprong, geslagsoriëntering, ouderdom, ongeskiktheid, godsdiens, MIV-status, geloof, politieke opinie, kultuur, taal, huwelikstaat of familieverantwoordelikheid;<br>• seksuele teistering. Dit sluit in onwelkome seksuele toenadering, versoeke vir seksuele gunste en enige soort onwelkome kontak van 'n seksuele aard, wat:<br>  o 'n geïmpliseerde of uitdruklike bepaling van die dienskontrak gemaak word;<br>  o 'n vyandige of aanstootlike werksomgewing skep;<br>  o 'n basis word vir besluite aangaande daardie huishoudelike personeel se indiensneming;<br>• belastering met betrekking tot die huishoudelike personeel se werkvaardighede, prestasie, kwalifikasies, reputasie, dissiplinêre geskiedenis of diensbeëindiging;<br>• onredelike afdanking of onredelike weiering om te huur;<br>• negatiewe veranderinge ingevolge die Huishoudelike werkers se indiensneming omdat hulle 'n wettige reg uitoefen of probeer uitoefen, of iemand anders gehelp het om hul wettige reg uit te oefen of probeer uit te oefen. |
| *Regsverrigtinge* | beteken wettige, administratiewe of regulerende verrigtinge wat die volgende insluit:<br>• uitreiking van 'n dagvaarding, getuiedagvaarding of teeneis, hetsy deur u of teen u;<br>• enige skriftelike kommunikasie waarin 'n onbillike arbeidspraktyk deur u beweer word , en aandui dat die werker van voorneme is om u verantwoordelik te hou. |

## 19.2. Wie ons verseker

19.2.1. Ingevolge hierdie afdeling van versekering word die volgende mense verseker:



'n Goedgekeurde Finansiële Diensverskaffer (FSP 12)

19.2.1.1. die polishouer;

19.2.1.2. die polishouer se gade.

## 19.3. Wat ons verseker

19.3.1. Ons vergoed u vir alle bedrae wat u wettiglik aanspreeklik is om te betaal as gevolg van enige regsverrigtinge teen u vir enige onbillike arbeidspraktyk.

## 19.4. Wat ons nie verseker nie

19.4.1. Ons vergoed u nie vir die volgende nie:

**U aanspreeklikheid met betrekking tot vakbondaktiwiteit**

19.4.2. Aanspreeklikheid as gevolg van wettige vakbondaktiwiteite of lidmaatskap, arbeidsgeskille of onderhandelinge behalwe koste en uitgawe aangegaan om 'n interdik te kry in die geval van 'n onbeskermde stakingaksie.

**Wettige verpligtinge**

19.4.3. Aanspreeklikheid as gevolg van betalings wat u volgens wet moet maak in verband met vergoeding, ongevallevoordele, ongeskiktheidsvoordele, werkloosheidsversekering, aftreevoordele, of enige ander wettiglik vereiste betaling;

19.4.4. Aanspreeklikheid as gevolg van arbeids- of grieweverrigtinge as gevolg van 'n kollektiewe bedingingsooreenkoms;

19.4.5. belasting, boetes, strawwe, bestraffende, waarskuwende of verswarende skadevergoeding behalwe waarskuwende of verswarende skadevergoeding voortspruitend uit 'n eis vir belastering;

19.4.6. Aanspreeklikheid as gevolg van 'n verbreking van die wette en regulasies met betrekking tot minimum betaling en ander diensvoorwaardes;

19.4.7. koste om u huis of werksmetodes aan te pas om 'n persoon met 'n ongeskiktheid te huisves, of om te voldoen aan wettige gesondheid- en veiligheidstandaarde.

**Liggaamlike besering, siekte, dood en skade aan eiendom**

19.4.8. Aanspreeklikheid as gevolg van liggaamlike besering, siekte of dood van enige persoon;

19.4.9. Aanspreeklikheid as gevolg van verlies van of skade aan eiendom.

**U dade**

19.4.10. Aanspreeklikheid as gevolg van enige moedswillige, oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige daad van u.

**Vorige eise**

19.4.11. Aanspreeklikheid as gevolg van enige voorval of wettige eis waarvan u bewus was toe u die dekking uitgeneem het.

## 19.5. Vergoeding

**Vergoedingsperk**

19.5.1. Ons vergoed u tot die perk aangedui in die skedule.

**Regskoste**

19.5.2. Die perk aangedui in die skedule sluit in alle regskoste en uitgawes vir:

19.5.2.1. skadevergoeding, uitsprake en koste gemaak teen u deur 'n bevoegde hof of geregshof;

19.5.2.2. skikkings wat u met ons skriftelike toestemming aangaan;

19.5.2.3. koste wat u met ons toestemming aangaan met betrekking tot die ondersoek, onderhandeling, verdediging en appellering van eise teen u.

## 19.6. Spesiale voorwaardes

**Dissiplinêre prosedures**

Voordat u met dissiplinêre prosedures teen huishoudelike personeel begin moet u eers die Arbeidshulplyn skakel by **0860 247 365**. U moet die advies volg wat die hulplyn aan u gee.

## 19.7. Hoe om te eis

U moet enige regsaanmaning so gou as redelikerwys moontlik by Eise se Direkte Lyn op **0860 247 365** aanmeld.



'n Goedgekeurde Finansiële Diensverskaffer (FSP 12)